<u>Skriflesing:</u> Johannes 6:26-40; 43-44; 60-71
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 21**
Teks: Johannes 6:37-39; 44; 63-65
Sing- SAMESANG: Ps.22:10
TYDENS EREDIENS: Ps.32:1,2; Ps.119:29; Ps.103:1,5

God se kerk, die gemeenskap van die heiliges en die vergewing van sondes, al drie is in één Sondag in ons belydenis. Broeder en suster, byt ons belydenis nie bietjie hier 'n te groot hap nie. Nee, want al drie sluit ten nouste aan by wat ons in Sondag 20 by uitgekom het. Die Heilige Gees is die Een wat hierdie drie van Sondag 21 so ten nouste in ons lewens saambind, dat die een sonder die ander nie kan wees. Buite die kerk is daar geen saligheid nie, wat tog impliseer los van die kerk kan ek nie praat van 'n gemeenskap van heiliges nie, sonder die kerk kan daar van vergewing van sondes geen sprake wees nie.

Die kerk as gemeenskap van heiliges wat in die vergewing van sondes glo, is werklik 'n belydenis wat die werk van die Heilige Gees in God se kerk bely. Dit gaan in Sondag 21 nog voluit om Hom wat ons in Sondag 20 bely het- **Wat glo jy van die Heilige Gees?** Die werk van die Heilige Gees in God se kerk is juis wat hier in elke vraag en antwoord na vore kom. Deur die Heilige Gees vergader Christus vir Homself 'n kerk. Dit is nie mense wat kerke kan stig nie, maar alleen Christus. Alleen deur die Heilige Gees kan die gemeenskap van heiliges gestig word. Alleen kan Christus deur die Heilige Gees vergewing van sondes skenk. U moet die kerk nooit van Christus en sy Gees wil losmaak of daarvan wil skei nie. As jy jou sou skei van dit wat aan Christus behoort, dan skei jy jou van Christus en los van Christus, ja buite sy kerk kan daar werklik géén saligheid wees nie.

Dit sluit ten nouste aan by wat in Sondag 7 in ons belydenis reeds staan, as daar gevra word wat moet 'n christen glo, dan gaan dit om **alles wat ons in die evangelie beloof word.** Hierdie ALLES gaan om alles wat God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees vir ons nodig ag om te glo en sonder só 'n geloof is daar geen saligheid nie. Ons moet glo dat Christus sy kerk vergader. Agter die kerk is die werk van Christus. Al word daar hoe baie beskuldiginge teen die kerk gegooi en word daar baie kwaad teen die kerk gestook is dit van die grootste belang om nie te maak of dit die kerk is wat sonde

doen nie, maar dit is ons, ons as mense is die sondaars. Daar kan nie van die sonde van die Here se kerk gepraat word nie. Die kerk wat die eiendom van Jesus Christus is, is nie maar 'n uitvinding van mense nie, maar die oorsprong van die kerk lê in die uitverkiesing van God.

***

Die eerste sin wat die Kategismus oor die kerk praat, dan word daar oor die uitverkiesing gepraat. **Dat die Seun van God vir Hom 'n gemeente…tot die ewige lewe uitverkies.** Die uitverkiesing word hier met krag na vore gebring want alleen vanuit God se verkiesing word die kerk KERK gemaak. Ons moet daarom nie ons eie praatjies oor die kerk wil maak nie, ons as mense hou mos van ons eie stem, veral as die kerk onder die tong kan deurloop, maar met die tong van die belydenis praat ons as ons van die kerk praat, dan praat ons oor Christus en Hom alleen. Hy is werklik die enigste Hoof van sy kerk en die kerk is sy liggaam. Daarom besef ons baie vroeg vanuit hierdie belydenis hoe die kerk nie 'n vereniging is nie, dit wat mense bymekaarbring en daar juis in die verenigingsreg altyd 'n gemeenskaplike doelwit tot voordeel vir al die lede van die vereniging moet kan wees. Ja soos 'n tennisklub, 'n rugbyklub, 'n skaakklub, sulke klubs is rondom 'n gemeenskaplike doelwit vir mense verenig dat die mense tennis, rugby of skaak kan speel, maar die kerk is nie daar as klub om menslike strewes te dien, menslike verenigings uit te bou nie. Hoe tragies as mense die kerk vir sulke doelwitte wil misbruik, baie keer hulle eie misplaaste, kulturele politieke doelwitte waarvoor mense die kerk wil inspan!

Die belydenis laat dit nie toe nie, want God sal dit nie toelaat nie! Die kerk is nie 'n vereniging nie, maar 'n vergadering. Hier praat ons van **uitverkorenes wat deur Christus vergader word om hulle te beskerm en te onderhou tot die ewige lewe.** Hierdie uitverkorenes waaruit Christus sy kerk vergader is nie net uit 'n bepaalde kultuur of volk verteenwoordig nie, maar is ons belydenis baie duidelik dat God se kerk kom uit die ganse menslike geslag. Daarom is die kerk algemeen, dit is universeel, ons moet van die ware kerk kan praat as dit moet 'n katolieke kerk wees, wat natuurlik niks met die Rooms-Katolieke kerk te doen het nie, maar die woord katoliek beteken algemeen, en daarom word die idee van 'n volkskerk of 'n staatskerk sommer ook dadelik deur ons

belydenis teen die strot afgesny. Daar bestaan nie so ’n ware kerk soos ’n volkskerk of staatskerk nie.

Die Skrif ken dit nie, want die kerk gaan volgens die Kategismus uit die ganse menslike geslag uit. Dit staan so duidelik in Op.5:9 dat *uit elke stam en taal en volk en nasie,* moet die kerk as ’n eenheid gesien word in hierdie totale verskeidenheid van stamme, tale, volke en nasies. Al kan ons hierdie eenheid nie altyd sien nie, is dit ’n eenheid wat in Christus vas en seker is. Hoe dankbaar moet ons wees dat ons dit nie uitmekaar kan haal, dit uitmekaar kan skeur nie, want as ons dit sou kon doen, dan het ons in ons sondige natuur en boosheid dit óók lankal al gedoen, ons wat die kerk is, maar wat van nature daartoe geneig is om God en ons naaste te haat. Hierdie eenheid wat in die onsigbare lê, net soos wat ek die uitverkiesing nie met my oë kan sien en met my hande kan beoordeel nie, maar geliefdes, laat ons saam met ons belydenis tog dadelik die onsigbare aan die sigbare bind.

Ons mag hoegenaamd nie die onsigbare van die sigbare skei nie. Dit is niks anders as geestelike hoerery nie, as die bruid sou voorgee dat haar Bruidegom haar nie gekleed in hierdie wêreld inbring nie. Die kerk moet gesien word vir wat Christus haar maak. Hoe Christus haar klee, haar aantrek, Hy wat die Bruidegom is, Hy wat sy bruid in die midde van hierdie wêreld nie sonder klere die strate instuur nie, maar is die ware kerk ten volle in Hom geklee en moet daardie kleed gesien kan word. Die onsigbare geloof in Christus moet deur ons belydenis en lewenswandel sigbaar gemaak word.

Dit waartoe Christus ons vergader is om vir Hom ’n sigbare gemeente te vergader. Die kerk moet gesien word soos wat die volk sigbaar by Sinai vergader het, daar is vaste ampte of bedieninge. Dit groei uit tot die tempeldiens en uit die tempeldiens kom na die ballingskap dit wat die sinagoge was. Op aarde het Jesus Hom ten volle by die tempeldiens en die sinagoge wou voeg, en juis uit hierdie nog steeds organiese groeiproses van hoe God die dinge laat gebeur kom die Ekklesia, die kerk waar Jesus juis vir die volk sê, hulle wat Hom as Messias verwerp, dat die kerk sal nie op hulle gebou word nie, maar op die belydenis dat Jesus die Christus is, die Seun van God. Op hierdie

belydenis soos deur ‘n Petrus bewoord sal die Here sy kerk op die belydenis bou. Die Here noem die belydenis van Petrus ’n rots- *Op hierdie rots sal Ek my kerk bou* Matt.16:18. Dit gaan eerste om die rots waarop die kerk gebou is, vóór ek kan praat van die kerk wat op die rots staan. Sondag 1-20 was alles rots sake, voor ons by die kerksake van Sondag 21 kon uitkom.

Die mens, die swakke mens, ook hulle in Johannes 6, wys aan ons dat die kerk genadiglik nie van ons as mense afhanklik is nie. Dit wat mense doen is en bly skokkend. Terwyl Jesus besig was om te preek, staan die een na die ander op en hulle loop uit . Letterlik duisende loop, hulle wil nie langer met Christus te doen kry nie, in hierdie vergadering het meer as 5000 mans hulle rug gedraai, hoe baie as vroue en kinders bygereken moet word! Die kerk lyk nie ’n groot suksesverhaal te wees sou getalle saakmaak nie, want op die heel einde is daar maar twaalf oor, waarvan een ook nog weer ’n huigelaar was, wat hom met valse bedoelinge by die twaalf gehou het, totdat Christus hom ook die vergadering laat verlaat. Die kerk is nie gewild nie, daarom as Christus kom by die wortel van dit wat die kerk KERK moet maak, dan staan Christus se definisie van wat is die kerk hulle nie aan nie. Die mense sou eerder dat Christus ’n politieke bevryder, ’n Messias uit die aarde moet wees wat die Romeinse juk kan afgooi en hulle lewe vir hulle makliker en lekkerder kan maak, hulle soek ’n kerk wat hulle kan geniet!

Is dit dan nog Christus se kerk, née broeder en suster?! Mense wat al meer van hulleself, van hulle eie nood, behoeftes en regte wil hoor en al minder van God se geregtigheid en sonde wil hoor, sulkes hou nie van die kerk wat Christus vir Hom vergader, daar waar God se reg en jou en my sonde, ons swakheid, ons haatlikheid, ons boosheid verkondig word nie.

In die kerk gaan dit nie in die eerste plek om ons nie, maar om die Here, en hoe die Here ons bymekaar maak en alleen die Here ons tot die geloof kan bring en in die skoot van die kerk neerlê. Wie in die kerk wil roem kan alleen in die Here roem. Daar kan in mense nie geroem word as daar oor die kerk gepraat word nie.

Die groot werk, daarom die groot werkwoord is God wat VERGADER, die Vader verkies, die Seun vergader, maar die Seun, die Hoof van die kerk Hy is ook die Een wat sy kerk bewaar. In Hom lê die *ontstaan* van die kerk,, maar óók alleen in Hom het ons die almagtige waarborg dat die kerk sal *voortbestaan.* Dit alles gebeur in en deur die Woord van God. Christus werk nooit sonder die Gees en sonder die Woord van God nie. Hy vergader sy kerk deur sy Woord en Gees, maar so beskerm Hy ook die kerk deur sy Gees en Woord, en Hy onderhou sy kerk deur sy Gees en Woord. Die Gees en die Woord vorm in al hierdie werk, hierdie kerkwerk van Christus 'n onlosmaaklike eenheid.

Wie die Gees van die Woord begin losmaak, raak kerklik gou verdwaal. Dan ontaard die geloofslewe in geesdrywery, mistisisme, daar kom dan sg. buite-Bybelse openbaringe, gesigte, drome, visioene, soos wat daar baie keer by die charismatiese bewegings 'n voortdurend sterk mistisistiese inslag kom. As mense egter weer glo hulle het die Woord los van die Gees dan is die Fariseïsme, formalisme, wettisisme weer besig om die kerk in hierdie wonder van God aan te tas. Ja, dit is so dat die kerk voortdurend bedreig word. Matt.16:18 wys duidelik op die poorte van die doderyk waar die duiwel en sy bose geeste in die lug voortdurend by die poorte van die hel uitstorm om die kerk aan te val en te wil vernietig. Die metodes hoe die duiwel dit doen is talryk. Dwalinge en afvalligheid van die ware kerk se leer, maar ook tye van bloedige geloofsvervolging staan alles as deel van die metodes van Satan, maar watter troos het ons dat die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. Die prys wat die Here vir sy kerk betaal het is eenvoudig so hoog, ja dit het Hom sy bloed gekos, daarom sal Hy nie toelaat dat die hel ons van Hom ontroof en die duiwelse leërmagte ons verslind nie.

***

Saam met die feit dat Christus sy kerk vergader, en dat Hy sy kerk beskerm, sal Hy ook altyd sy kerk onderhou. Die feit dat die kerk nie net 'n vergadering van gelowiges is nie, maar ook die moeder van die gelowiges is moet ons hier opnuut aangryp. Wie God as Vader het, het die kerk as moeder. Hierin kan ons nie anders as om Christus as die goeie Herder te bely, waar Hy ons van die geestelike spyse voorsien. Hy lei ons na waters waar rus is, Hy lei ons na groen weivelde. Hierdie onontbeerlike voedsels waarsonder ons as skape nie kan lewe nie, word deur die Seun van God aan ons verskaf. Alles gebeur deur

sy Woord en deur die Heilige Gees wat die kerk voortdurend na die weivelde van God moet bring.

***

Dit gaan tog om waarlik ’n gemeenskap van heiliges te wees. As die Kategismus jou vra- **Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges…**dan mag dit om niemand anders gaan as Christus en Hy alleen nie. Hulle wat reeds gesterf het, maar ook ons, ons is gemeenskaplik aan Christus verbonde. Ons kan sê die Christene bo en onder het net een verenigingspunt en dit is Christus. Mense wat praat van in my kerk doen ons dit só of in my kerk sal dit nooit toegelaat word nie, geliefdes as dit ’n mens se kerk, my kerk of jou kerk sou wees dan moet ons dadelik ophou om kerk te wees! So ’n kerk sal nie ’n gemeenskap van heiliges genoem kon word nie. Die kerk behoort aan Christus en Christus se skatte en Christus se gawes maak dat ons gemeenskaplik deel kry aan wat aan Christus behoort. Calvyn het die gemeenskap van die heiliges die *hoedanigheid* van die kerk genoem. Dadelik het hy bygevoeg dat die heiliges tot die gemeenskap van Christus vergader word sodat hulle die weldade wat God aan hulle verleen, onderling met mekaar sal deel. Hier dink ons ook aan die sakramente. Christus wat deur sy Woord en Gees alles doen, maak dat ons as gelowiges saam deel het aan die heilige doop en die heilige Nagmaal.

Die rykdomme in Christus, sy skatte, is waar ons ook ons skatte vandaan moet kry. Christus het Self gesê- *Maak vir julle skatte bymekaar in die hemel…want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees.* (Matt.6:20-21). Die gawes gebind aan die skatte, is die heilsgoedere wat die heiliges, wat die gelowiges deur die Heilige Gees meegedeel word. Dit is waarlik net ’n goeie moeder wat vir haar kinders altyd wil gee net wat die beste is. So ’n moeder is Christus se kerk. Dink aan wat sy alles wil uitdeel. Die saligmakende gawes (geloof, hoop, liefde, ootmoed, sagmoedigheid, lankmoedigheid) dink aan die persoonlike gawes (kennis, gebed, vermaning), dan is daar ook nog die amptelike gawes in Ef.4:11 (hulle wat die apostels was en die profete, *maar die Here het ook gegee ander as evangeliste, ander as herder en leraars.*

Dit alles kom van Bo, maar hierdie vertikale lyn deurbreek ook ’n horisontale lyn wat die gemeenskap van die heiliges ook verplig om werklik na mekaar om te sien as hulle werklik kerk van die Here is. Ons belydenis plaas hierdie horisontale lyn vierkantig op die skouers van elke gelowige. **Elke gelowige is verplig –** (daaraan is ons skuldig, sê die ouer Vertaling) en dit moet ons weet- **dat elkeen sy gawes tot nut en saligheid van die ander lede gewillig en met vreugde moet aanwend.**

Weereens gaan dit daarom dat die kerk nie ’n vrywillige organisasie is nie, die kerk is nie ’n maatskappy nie, die kerk vorm nie maar deel van ’n sosiale orde nie, dit is nie maar ’n samevoeging van los samehangende mense nie, dit gaan ook nie om ’n sterk sosiale gemeenskap daar te stel nie, en die hoogmode woord, in die Engelse wêreld, waar dit vir mense gaan om “fellowship”. Die kerk is dit nie, maar die kerk is die liggaam van Christus waarvan Hy (Christus) alleen die Hoof is. Die rykdom in Christus gaan al hierdie aardse grootdoenery en organisering en organisasie vooraf en gaan dit verby want niks kan vergelyk met wat Christus sy gemeenskap van heiliges noem nie. Daar waar Christus uitdeel en ons met Hom kan uitdeel, dan geniet ons saam dieselfde Woordverkondiging, dieselfde doop, dieselfde Nagmaal, saam het ons deel aan dieselfde vervulling met die Gees, saam het ons dieselfde geloof, ons dien saam dieselfde Here. Dan glo ons in die gemeenskap van die heiliges.

In die kerk is daar altyd werk. As jy werklik gemeenskap aan Christus verkry, jy deel in al sy weldade, dan sal jy nooit wonder maar wat kan ek doen of wat beteken ek vir die kerk nie. Jy sal sommer weet, al is jy al oud of al is jy nog jonk, dat daar skatte en gawes aan my gegee is wat ek aan ander en ter wille van ander moet aanwend. Christus wil dat ek gewillig en met vreugde dit sal aanwend.

***

Op grond van dieselfde kerk-wees, op grond van dieselfde gemeenskap van die heiliges, glo ons in **die vergewing van sondes.** Die Kategismus vra dit heel duidelik- **Wat glo jy van die vergewing van sondes?** Ons moet alles van die begin af onthou. Die Heilige Gees wat in Sondag 20 bely word is dieselfde Heilige Gees wat in Sondag 21 ons die radikale vergewing van ons sondes laat glo. Watter skat om aan te glo- V/A 55- die skat

om te mag glo aan V/A 56. Die wonder van die vergiffenis van ons sondes. Dit alles op grond van die volmaakte werk van Christus. Hoor hoe radikaal stel die Kategismus dit- **Dat God nooit meer aan al my sondes en ook my sondige aard waarteen ek my lewe lank moet stry, wil dink nie!**

Wie almal in die eenheid van die ware geloof vergader is, dit wat ons kenmerk moet wees, en ons roeping is dat ons lewende lede van Christus se kerk moet wees, ons kan deel in die verlossingsweldaad van Christus, maar hierdie daad word nou 'n meervoud, dit word die verlossingsdade van Christus. Die vergewing van sondes is eintlik 'n samevatting van al Christus se verlossingsdade. Dink maar hoe pragtig dit in Ps.103:besing word- ek noem net twee verse- vv.9-10- *Hy sal nie vir altyd twis en nie vir ewig die toorn behou nie. Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie…*Hier word dit eers in die negatiewe gestel, of dan nou in beter Afrikaans- dit staan eers in die ongunstige posisie- **Dat God om Christus ontwil nooit meer aan my werklike sondes en my sondige aard wil dink nie…**Dan kom die geweldig gunstige posisie waarin ons gestel word- **Dat God die geregtigheid wat Christus vir my verwerf het aan my skenk.** Dit gryp alles terug na V/A 54- dat die ewige straf nie my deel sal word nie, maar die ewige lewe.

Dit alles laat ons glo die kerk van Sondag 21, as daar gevra word, **Wat glo jy van die heilige algemene Christelike kerk?** Dan is dit alleen die kerk waarbuite daar geen saligheid kan wees nie. Alleen in God se kerk kan daar die vergewing van sondes om Christus ontwil verkondig word. Dit gaan nie om watter naam die kerk vooraf dra, of dit Gereformeerd is, of hoe die sonde ons uitmekaar gejaag het, of hoe verspreid ons woon nie. Die evangelie van die vrye genade is alleen aan God se kerk uit alle volke, tale en nasies, oor die wêreld heen versprei, toevertrou waarin ons hier in die Gereformeerde kerk Pretoria aan hierdie kerk van God deel mag kry, sonder om te maak of ons die enigste ware kerk hier is Pretoria is. Daar waar Noag en sy agt mense in die ark vergader was, so was hulle beskerm, so was hulle onderhou, dit laat ons na alles die beeld van die kerk in Sondag 21 in sy totaliteit sien. Die ark wat op die water van die hele wêreld moet ronddryf, maar tog is almal op hierdie ark deur alleen God se Woord bymekaar gebring.

So het die Heilige Gees hulle vergader, want God het hulle daartoe verkies en geroep. Hulle die gemeenskap van die heiliges en juis in hulle midde weerklink die heerlike evangelie van die vergewing van sondes. Hoe wonderlik om hiervan ’n lewende lid te wees en te bly.

AMEN

Vrae uit Sondag 21

1. Wat is die verband tussen Sondag 21 en Sondag 20 van die Kategismus?
2. Wat word bedoel as daar bely word dat buite die kerk (*daarbuite*) geen saligheid is nie?
3. Wat is die eerste belangrike sin in ant.54 wat eintlik die hele kerk en ons hele kerk-wees voorafgaan?
4. Wat maak die kerk anders as ander gewone menslike organisasies?
5. Noem die drie groot werkwoorde in antwoord 54 in wat Christus alles vir Sý kerk doen.
6. Wat word bedoel as ons sê dat ons as kerk moet ’n *katolieke* kerk wees?
7. Mag daar iets soos ’n volkskerk of ’n staatskerk bestaan?
8. Is die eenheid wat daar in die kerk van die Here bestaan iets wat altyd noodwendig duidelik gesien kan word?
9. Hoe moet ons die *eenheid* wat daar in die kerk van die Here moet wees verstaan?
10. Hoe moet ons die *onsigbare* kerk verstaan en wat is die bedoeling dat daar óók ’n *sigbare* kerk moet wees?
11. Wat is die betekenis van Jesus se woorde in Mattheus 16 as Hy sê dat *op hierdie rots sal Ek my kerk bou?*
12. In watter opsig is die kerk wat Jesus verkondig vir die mense vreemd (anders) gewees as die verwagtinge wat mense van die kerk gehad het? Wat is die mens se reaksie op die kerk wat Jesus uitgedra het?
13. Kan daar in die kerk van die Here ooit in die werk van mense geroem word?
14. Wat is die groot middele wat Christus gebruik om sy kerk te vergader, te beskerm en te onderhou?
15. Watter groot gevare lê daarin as mense die Heilige Gees van die Woord wil skei, of watter gevare lê daar ook as mense die Woord van die Heilige Gees wil losmaak?
16. Die kerk is ’n vergadering van gelowiges, maar die kerk is ook die moeder van die gelowiges. Wat word daarmee bedoel as ons die kerk *ons moeder* noem?
17. Mag ek ooit van die kerk praat as my kerk?
18. Noem van die skatte en gawes wat daar in die Here se kerk vir ons uitgedeel word?
19. Waartoe verplig hierdie skatte en gawes vir jou en my as gelowiges?
20. Wat maak “fellowship” anders as die feit dat ons ’n gemeenskap van heiliges in die kerk moet wees?
21. Kan daar ’n tyd wees wat iemand in die kerk van mening is dat daar vir hom/haar nie meer werk in die kerk van die Here is nie?
22. Waarvan is ons belydenis rondom die vergewing van ons sondes ’n samevatting?

23. Hoekom sê ons dat die vergewing van sondes radikaal in ons belydenis verkondig word?
24. Kan daar vergewing van sondes buite die kerk om bestaan?
25. Maak ’n vergelyking tussen die ark van Noag en die posisie waarin die kerk hier op aarde in verkeer.




56. Wat glo jy van die vergewing van sondes?
God wil nooit meer dink aan:
al my sondes nie
en ook nie aan my sondige aard nie
Hierteen moet ek my hele lewe lank stry
Op grond waarvan?
op grond van die voldoening van Christus
Hy wil aan my die geregtigheid van Christus skenk
Doel?
sodat ek nooit in die strafgerig van God sal kom nie
Op grond waarvan?
Uit genade

<u>Skriflesing:</u> Filippense 1:12-26
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 22**
Teks: Filippense 1:23
Sing- SAMESANG: Ps.16:4,5
TYDENS EREDIENS: Ps.145:1,10; Ps.73:10; Ps.89:17

In Sondag 21, broeder en suster, was ons met die kerk van die Here besig. Die weldade wat Christus aan sy kerk skenk was alles deel van ons belydenis. Terwyl ons nog lewe word hierdie weldade, hierdie skatte en gawes, ons deel gemaak. Gawes wat ons gewillig en met vreugde ook tot nut en saligheid van ander gelowiges moet aanwend. Dit alles word aan ons geskenk in hierdie lewe waarin ons nou is, maar geliefdes kyk die pragtige oorgang na Sondag 22. Dit wat ná hierdie lewe gebeur, maak nie dat ons opeens van die kerk losgemaak is nie. Die opstanding van die liggaam en die ewige lewe is nog steeds genadegawes wat Christus aan sy kerk skenk. Dit word aan ons na hierdie aardse lewe geskenk, maar soos in Sondag 21 gaan dit in Sondag 22 nog steeds om Hom ons enigste Hoof, Hy wat Christus is. Hy kan nooit van sy kerk, van sy liggaam losgemaak en losgedink word nie. Ook wanneer Hy ons siel tot Hom neem, dan doen Hy dit as Hoof van die kerk. Ook wanneer Hy eendag met die opstanding ons liggame sal verheerlik en Hy ook aan ons die ewige lewe sal skenk, dan is dit nog steeds alles deel van die wonderlike werk wat met Sondag 20 en Sondag 21 verband hou.

Dit gaan óók om Sondag 20 want die Heilige Gees en ons heiligmaking het ook alles met die opstanding van die liggame en die ewige lewe te doen. Daardie vergewing van sondes, dit wat ons God se radikale vergewing genoem het, dat God **nooit eers weer aan al my sondes en my sondige aard wil dink nie**, weet u, ons kan nou verder gaan en sê dat so radikaal is God se vergewing, dat God hierdie liggaam wat so tot sonde geneig is en wat hou van die kwaad, dat God my sondes so vergewe dat God selfs nie aarsel om die liggaam wat so baie gesondig het eendag uit die dood op te wek nie. Die Heilige Gees wil die laaste spore van ons sondige bestaan geheel en al uitwis dat Hy vir ons ’n nuwe verheerlikte liggaam wil skenk, maar ook ’n nuwe lewe, dit wat ons die ewige lewe noem.

Die troos van die opstanding van die liggaam en die troos van die ewige lewe, dit wat elke keer gevra word- **Watter troos gee die opstanding van die liggaam aan jou?...** en

dan óók weer- **Watter troos skep jy uit die artikel van die ewige lewe?...**daardie troos is ten nouste verbind met die troos van Sondag 1. **Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?** Watter geweldige troos om van die begin af te kon sê **dat ek met <u>liggaam en siel</u> in lewe en in sterwe aan Christus behoort.**

***

Die Kategismus se troos is so ingrypend, geliefdes, dat terwyl ons hier op aarde is word ons nie met die dood banggemaak nie, ons word nie gedreig nie, maar ons word selfs met die oog op die dood getroos. So anders as hoe die wêreld hierdie dinge sien. Die wêreld sien die dood as die einde van alles sover dit 'n bepaalde mens aangaan. Ons as gelowiges besef die liggaamlike dood is alles behalwe die einde. Christus het óók die dood oorwin, Hy het die ewige lewe verwerf.

Vir die gelowige kind van die Here hou die dood vir ons geen rede tot kommer of droefheid in nie. In Filippense wanneer Paulus hier skrywe en hy sou sy pen neersit dan is hy in die gevangenis in Rome. Van die wreedste keisers wat daar nog was, keiser Nero is aan bewind, en dit wil lyk dat nie lank na die skrywe van hierdie brief toe is Paulus in opdrag van Nero onthoof. Die dood klop aan Paulus se lewensdeur, maar Paulus skryf alles behalwe soos iemand wat bang is vir die dood- In vers 18 sê hy selfs- *Maar wat maak dit?...en hierin verbly ek my en sal my ook verbly-…* Om jou in die dood te verbly kan alleen aan 'n mens behoort wat soos Paulus kon uitroep- *Vir my is die lewe Christus en die sterwe wins.* Werklik WINS, wat bedoel dat hy weet na sy dood is hy in 'n beter posisie as wat hy in sy sterflik aardse posisie was.

Paulus wat self dit kon uitroep, soos ook in 1 Kor.15, dat dit wat gemaak het dat die dood 'n verskrikking was, daardie angel van die dood is uitgetrek. Paulus kan as't ware die dood nader roep en vra, soos wat hy ook in v.55 doen- *Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning?...*Paulus kan dit doen op grond van daardie radikale vergewing, daardie volkome vergewing wat in V/A 56 bely is. Daar is nie 'n vagevuur of enigiets wat dit nodig maak dat my siel eers op nog 'n wyse gereinig moet word voordat dit by Christus kan uitkom nie.

As ek werklik die volkome vergewing van my sondes glo, dan het ek ’n dadelike troos dat ek niks moet kan bydra om by Christus te wees nie. Dit was seker een van die mees ingrypende veranderinge wat die reformasie teweeggebring het om die aflaat stelsel en die vagevuur van die Roomse kerk geheel en al te verwerp, en in alles te glo dat ons uit onsself niks tot die vergewing van ons sondes kon bydra nie.

Christus het die straf vir ons sonde tot die uiterste gedra en daarom kan V/A 56 wees wat dit is. ’n Volkome troos dat al dra ek die herinnering van my sondes tot op die laaste moment van my lewe hier op aarde, en loop ek daarmee tot voor die poorte van die dood (maar het ek alreeds in Sondag 16 kon hoor dat my dood is geen betaling van die sondes nie, maar is ’n afsterwe van die sonde en ’n deurgang tot die ewige lewe). Ons is in Christus volkome gereinig, gewas in sy bloed, gereinig deur sy Gees, ja Christus is in alles die Een wat sentraal staan.

Dadelik word my siel na hierdie lewe tot Christus my Hoof opgeneem. Drié maal staan Christus heeltemal sentraal. Drié maal word dit erken dat Christus ons Hoof is. Deur sy krag word ons opgewek. Aan sy heerlike liggaam sal ons gelykvormig word. Ons sterwe en dood word volkome deur sy werk wat Hy volbring het omring. Hoe wonderlik die dinge wat DADELIK gebeur, alles saamgevat soos wat Christus vir die moordenaar aan die kruis dit kon verseker, dat die dadelike selfs by die moordenaar se dood sou plaasvind. ***Vandag*** sal jy saam met my in die paradys wees.

Die siel wat opgeneem word, dit wat V/A 57 ook bely word gesterk uit Lukas 16:22 met die gelykenis van die ryk man en die arme Lasarus. Hoe troosryk die siel van Lasarus wat by sy sterwe deur die engele gedra is tot in die skoot van Abraham. Lasarus is opgeneem en tuis gebring, dadelik was hy by sy sterwe by God en in die gemeenskap van Abraham en die ander kinders van God. Ons Hoof, Christus, soos 2 Kor. 5 dit beskryf- *want om hierdie rede sug ons ook en verlang om met ons woning uit die hemel oorklee te word…* Die begin in 2 Kor.5 staan vas geskrywe met die woorde EK WEET…Hoe wonderlik om dit alles te begin met hierdie sekere en vaste woord- EK WEET- *Want ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons ’n gebou het van God, ’n huis nie*

met hande gemaak nie, ewig, in die hemele… In die Grieks staan hier letterlik dat hierdie gebou is uit God- deur God bedink, deur God geskape, deur God in gereedheid gebring, ewig en vas!

Wanneer hierdie gedagtes ons so oorspan, broeder en suster, dan word dit waar dit wat die groot gereformeerde teoloog Herman Bavinck 'n keer gesê het- "In die sterwensoomblikke van 'n gelowige lê welseker 'n groter geheimenis opgesluit as in sy hele lewe". Dit is eintlik selfs verkeerd om van sterwensoomblikke te praat of om eintlik enigsins die woord STERWE te gebruik, want sê Christus 'n gelowige sterf nie werklik nie- Hy wat gesê het- *Wie in my glo het die ewige lewe* (Joh.6:47*) EN …Wie in my glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe, en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie (*Joh.11:25-26).

Vir die gelowige kan ons in plaas van die woord sterwe eerder die woord HEENGAAN gebruik. Presies die woord soos ons dit in Filippense gelees het- *…ek het verlang om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste…*Hier is geen sprake van doodgaan nie, maar van heengaan, eintlik net 'n adresverandering! Hy gee selfs die adres waarheen- BY CHRISTUS! In hierdie hele heengaanproses is dit selfs vir jou as gelowige 'n volledige bewustelike ervaring, ja want jou siel wat heengaan is nie bewusteloos soos iemand wat sy bewussyn verloor het en nie weet wat om hom/haar aangaan nie.

'n Mens is volkome bewus van wat elke oomblik om hom/haar aangaan en dit maak alles soveel te meer heerlik. Ons wat al gehoor het van die skyndoodervaringe van mense, selfs is hier lidmate in hierdie gemeente wat dit al deurgegaan het, mense wat langer of korter tye klinies dood was, dan hoor ons hoe hulle hierdie toestand volledig bewustelik ervaar het, dit wat in V/A 56 gebeur. Heel moontlik was dit met Paulus self die geval in 2 Kor.12:2-4 as hy van 'n man in die derde persoon praat, dan het ons genoeg rede om eintlik te aanvaar, dat Paulus van homself praat, dat hy ook so 'n skyndood of tydelike dood deurgegaan het en hy in die proses na die hemel weggeruk was en hy onuitspreeklike dinge gesien en gehoor het.

Die feit bly staan, die Openbaring boek is ook daarvan vol hoe die lewendes in die hemel, ons medegelowiges in die hemel bewustelik aan die gang is. Ons kan Openbaring van agter na voor en van voor na agter bekyk en hoe val dit ons op. Op.20:4 verneem ons van die heerlike toestand waarin hulle ondertussen daar in die Vaderhuis verkeer. Dat hulle ook saam met Jesus sal terugkeer as hulle liggame ook weer opgewek sal word, en Hy dan ook vir ewig by ons op die nuwe aarde kom bly. Maar dit gebeur alles nog vroeër in Openbaring. Op.12:10-11 is die gelowiges in die hemel bewustelik besig om met Jesus se aankoms in die hemel na sy hemelvaart in 'n lofsang uit te breek. In Op.5:9-10 is daar nog 'n vroeëre toesing van Jesus. In Op.6:9 sien Johannes die hemelvisioen van siele onder die altaar. Die altaar wat beslis herinner aan die groot en alles beslissende offer van ons Here Jesus Christus. Daar is by hierdie onder die altaar selfs 'n soort van angstigheid as hulle die Here vra- *Hoe lank nog…?*

Ons beleef eintlik iets van 'n solidariteit met hulle, want soos die gelowiges op aarde moet uitsien na die heerlike voleinding van alle dinge, so verlang hulle ook dat ons almal weer eindelik bymekaar sal wees in 'n volmaakte geluksaligheid. Broeder en suster, dit alles laat ons besef dat ons dien 'n lewende God, Hy die God van die lewendes, nie van die dooies. Hy het nie dooie kinders nie, al sou hulle liggame nie meer lewe nie. Die geloof in God het reeds die opstanding en die ewige lewe onlosmaaklik aan mekaar vasgemaak. Selfs in hierdie lewe waarin ons nou is, dan het ons reeds te doen met wat die ewige lewe ook beteken nl. daardie wonderlike gemeenskap, verbondsgemeenskap wat 'n mens met die almagtige ewige God kan hê.

'n Nietige mens, 'n sterflike mens soos ons hier op aarde kan nou al hierin deel. Die ewige lewe staan nie in skrille kontras met ons lewe van vandag nie. Die lewe hierna is eintlik iets van 'n voortsetting van ons lewe hier en nou. Om in ware verbondenheid met God te lewe, daar waar jy God ken, jy Hom werklik liefhet en ek weet ek kan met God praat, dit is tog alles werklikhede vir die hier en die nou, maar terwyl ek hierdie dinge in my aardse lewe nou reeds mag doen, net soveel waarde het dit nog steeds in die ewige

lewe. Die God wat ons nou die asem gee om te lewe, wat ons die genade gee om in Hom te glo, dat ek sy kind mag wees, dit is dieselfde God wat vir ewig met u wil lewe.

Maar die troos van die God wat die God van die lewendes is, en nie van die dooies nie, die God in Wie selfs ons sterwe wins is, Hy sal **ook dieselfde liggaam, deur die krag van Christus opwek weer met my siel verenig en sal hierdie liggaam aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig word.** Liggame wat volkome tot die stof van die aarde afgebreek word, dieselfde liggaam word opgewek. Daarom dat ons noukeurig moet omgaan, selfs met 'n liggaam waaruit die lewe verdwyn het, maar daardie gestorwe liggaam word nie willens en wetens verbrand soos wat die heidene altyd gedoen het nie. Daarom dat ons, ons afkeur teen verassing nie mag verberg nie, want ons wil die troos nie uithaal dat die liggaam eintlik soos 'n saadkorrel is, dit wat in 1 Kor.15 so pragtig vir ons uitstaan.

God handhaaf sy eer, want die grote dag gaan kom dat die liggame wat gesaai is sal opstaan vergelykbaar met die wonder van 'n saadkorrel wat in homself sterf maar wat juis in die sterwe ontkiem dat daar groei uit daardie saad kom. Al het die liggaam heeltemal ontbind, sal daar 'n onverganklike verheerlikte liggaam deur die krag van die Gees van God opstaan- so gaan ons weer terug na Sondag 20- na ons geloof in die Heilige Gees. Geen begraafplaas kan hekke plaas voor die Gees van God nie. Geen begraafplaas kan die Gees van God uitsluit nie.

Die dag van die tweede opstanding, dan sal almal wat in die Here gesterwe het, nuwe verheerlikte liggame ontvang, al was die liggaam met kanker deurtrek, al was dit 'n liggaam deur baie swaar en seer vermink, deur pyn opgeswel, dieselfde liggaam sal sonder al hierdie dinge opstaan, volmaak heerlik. Dit voltrek eintlik die volmaakte heerlikheid van Christus se verlossingswerk. Die feit dat dieselfde liggame gaan opstaan, gelykvormig aan die liggaam van Christus, wys wel die volmaakte heerlike gestalte wat hierdie liggaam sal hê.

Dieselfde liggaam, maar tog anders, woorde kan dit eintlik nie beskryf nie, en die Woord van God laat ons ook nie presies verstaan wat hierdie verheerlikte liggaam in alles werklik sal wees nie. Daaroor moet ons nie wil spekuleer nie, maar dit is wel duidelik dat daar tog 'n groot verskil in heerlikheid sal wees tussen die liggaam wat ons nou het en wat ons by die opstanding uit die dood sal hê. 1 Kor.15:37-38 wat sê dat God gee 'n gestalte daaraan, soos Hy bepaal het; aan *elke saadsoort gee Hy 'n eie gestalte*…Dit laat ons iets van hierdie heerlikheid onder woorde bring, veral ook as God sê- *En wat jy saai, saai jy nie in die toekomstige gestalte daarvan nie*…Ons kan dit maar vergelyk met die een kant die enkele ou koringkorrel, maar dieselfde korrel as dit word 'n volgroeide koringplant, met die volle halm en die aar, wie sou dit van die korrel kon sê! Iets hiervan gebeur net nog in heerliker vorm. Die papie van 'n wurm wat 'n vlinder kon word, (daar is sovele pragtige vlinders in God se skepping) dit bly in wese dieselfde skepping, dieselfde wese, maar watter heerlikheid wat daaruit kan ontvou.

Maar broeder en suster, laat ons, ons troos nog groter maak, so groot soos wat die Kategismus dit maak. Ons kan nou reeds die ewige lewe bely. Vir hierdie manne uit Heidelberg wat die Kategismus opgestel het is die ewige lewe nie iets wat eers later begin nie. Nou alreeds ervaar ons die begin van die ewige vreugde in ons hart. Al bevind ons, ons in 'n doodsdal diep en donker, gaan die lig van die ewige lewe nou reeds op. In die eerste brief van Johannes dan skryf die Here dit alles in die teenswoordige tyd- *Dit is die getuienis dat God ons die ewige lewe gegee het, en die lewe is in sy Seun. Hy wat die Seun het, het die lewe, wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie.*

Hoe duidelik maak die Here dit vir ons dat hierdie is nou alreeds die voorpunt van die ewige lewe. Ons kan reeds die begin ervaar. Maar die werk van die Heilige Gees- Sondag 20- is nog nie klaar nie. Daar gaan nog 'n groter, 'n kragtiger heerlikheid kom. Dit wat ek nou reeds in my hart ontvang, die volkomenheid daarvan sal ons nog eendag van alle kante omring. Daardie volkome saligheid word in 1 Kor. 2:9 pragtig beskryf- *'n saligheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens ooit opgekom het nie…* Die ewige lewe, hoe sal dit wees? Dit gaan nie maar net om 'n lewe om vir altyd te lewe nie, maar die ewige lewe is om elke dag en vir altyd te mag lewe in

die salige teenwoordigheid van God. 'n Lewe waarin God die een en die al sal wees. Om God daarin ewig te prys. Ons sal werklik net vir God wil dien. Die feit dat God daar sal wees, by sy volk, in die midde van sy volk, al word die heerlikheid met pêrel poorte en strate van goud beskryf, lê die ware geluk nie in die pêrels en in die goud nie, maar in God wat met sy geseënde teenwoordigheid onder ons sal woon. Laat ons besef ons is nie oppad na die einde toe nie, maar ons is oppad na die begin van 'n wonderlike lewe wat vir ewig sal aanhou.

AMEN

Vrae uit Sondag 22

1. Watter genadegawes word aan ons deur Christus selfs na ons liggaamlike dood geskenk?
2. Tot Wie word ons siel na hierdie lewe opgeneem?
3. Deur Wie se krag sal ons liggame opgewek word?
4. Is die dood iets waarvoor ons moet bang wees?
5. Hoe sien die wêreld die dood?
6. Noem van die uitsprake wat Paulus gemaak het wanneer hy oor die dood, selfs oor sy eie dood skrywe?
7. Hoe moet ons die Roomse kerk se geloof rondom die vagevuur verstaan? Op watte gronde kan ons dit geheel en al verwerp?
8. In die gelykenis van die ryk man en Lasarus word aan ons beskryf hoe sy siel na God geneem is. Hoe gebeur dit?
9. Watter vaste sekerheid word in 2 Kor.5 vir ons aangebied?
10. Watter woord is eintlik 'n beter woord as om te praat van iemand het gesterwe?
11. Watter ervaring het Paulus in 2 Kor. 12 deurgegaan?
12. Is daar 'n groot kontras tussen die lewe wat ons nou op die aarde lewe en die ewige lewe?
13. Wat word bedoel met 'n verheerlikte liggaam?
14. Hoekom moet verassing deur ons as gelowiges afgewys word?
15. Beteken die ewige lewe maar net om vir altyd te bly lewe? Beskryf kortliks hoe jy dit verstaan?
16. Hoe word die ewige lewe in 1 Kor.2:9 beskryf?

SONDAG 22


57. Watter troos gee die *opstanding van die liggaam* aan jou?
Dat nie alleen my siel na hierdie lewe dadelik opgeneem sal word tot Christus, sy Hoof, nie
Dat ook hierdie selfde liggaam van my met my siel verenig sal word
nadat dit deur die krag van Christus opgewek is
Gevolg?
dit sal aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig word


58. Watter troos skep jy uit die artikel van die *ewige lewe?*
Ek ervaar nou alreeds die begin van die ewige vreugde in my hart
Ek sal ná hierdie lewe volkome saligheid besit
'n saligheid wat:
geen oog gesien het nie
geen oor gehoor het nie
in die hart van geen mens opgekom het nie
Doel?
Om God ewig daarin te prys

Skriflesing: Romeine 3:9-31; Efesiërs 2:1-10
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 23**
Teks: Efesiërs 2:8; Romeine 3:28
Sing- SAMESANG: Ps.24:1,3
TYDENS EREDIENS: Ps.130:1,4; Ps.25:5,6; Ps.98:2
Dit is die groot vraag wat vir Luther en vir Calvyn ook besig gehou het, broeder en suster. **Hoe is ek regverdig voor God?** Wanneer Luther op 31 Oktober 1517 sy 95 stellinge teen die kerkdeur van Wittenberg vasspyker, dan kan ons onsself voorstel 'n groot deel van die wesentlike van Sondag 23 het daar gehang. Die regverdigmaking deur die geloof alleen. Alleen die geloof kan mens regverdig maak- Efesiërs 2- *Want uit genade is julle gered deur die geloof, en dit nie uit julself nie: dit is die gawe van God.* Nie my werke nie, nie hoe heilig ek meen ekself kan lewe nie- Romeine 3:28 stel dit eintlik heel duidelik- *Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet.* Die Roomse kerk het die feit dat die geloof *alleen* 'n mens kan regverdig heeltyd wou verstrengel met ook die werke wat ek doen. Op die einde het hulle die regverdiging ook wou sien in die werke wat ons doen. Dat dit alles op die geloof moet afkom het hulle nie aanvaar nie, en alles behalwe dat die regverdigmaking ons onverdiend geskenk word!

Geliefdes, ons moet Sondag 23 beskou as dié Sondag wat nou direk na die Twaalf Artikels vir jou reguit op die man af wil vra- Wat help dit jou- **Wat baat dit jou dat jy dit alles glo?** Dit gaan werklik nou oor alles wat ons in die Twaalf Artikels bely het. In Sondag 7 het ons gevra- Wat is vir 'n Christen nodig om te glo, en dan kom ons eintlik by die Twaalf Artikels uit- dit is werklik die dinge wat nodig is om te glo, en nou kom die vraag eintlik na ons terug in Sondag 23- dit wat ons deeltjie na deeltjie alles gesê het wat ons in glo- **Wat baat dit jou?** Ons moet kan antwoord, want soos Calvyn dit ook hier gestel het- die regverdiging deur die geloof alleen is die hoofskarnier waar rondom ons ganse godsdiens draai!

Dit is daarom van die uiterste belang dat ons hier uit een mond moet praat. Daar is so baie mense, selfs mense vanuit die protestantse geloof, mense wat graag oor hulle geloof praat, maar nou stel hulle die verhouding tussen regverdigmaking en geloof mooi omgekeerd. Hulle wil wel die waarde van die geloof ook onderstreep, maar ongelukkig

kan ons so min soos ons met die Roomse kerk saamstem, ook nie met die Remonstrante saamstem nie. Die Remonstrante glo dat die geloof die regverdigmaking moet voorafgaan. So hou hulle ook vas aan die basiese idee van die Reformasie nl. geregverdig deur die geloof , maar maak hulle die regverdigmaking afhanklik van die geloof. Die weldaad van die regverdigmaking kan eers gebeur as jy werklik seker is jy glo en so is die vergewing van sondes werklik van jou geloof afhanklik. God se werk word dus van ons geloof afhanklik gemaak. Al is dit nou anders as wat die Roomse kerk dit glo, is dit tog maar nog steeds die mens wat homself/haarself voor God wil inskuif met die gedagte van Here ek glo werklik daarom kan ek geregverdig word.

***

Ons wil dit reguit en openlik voor almal stel, dat God se genade staan eerste. Regverdigmaking gaan die geloof vooraf en dit is nie maar ’n vrug van ons geloof nie. Juis as vrug van God se genade kom na jou en my die wonderlike gawe van geloof. Paulus sê dit reguit dat dit gebeur nie uit julleself nie. Laat ons dit baie duidelik stel dat God se regverdigmaking gaan alle werke, selfs dit wat uit die geloof gewerk word, vooraf.

Die regte verhouding tussen regverdigmaking en geloof moet net soveel in geglo word soos daar in die regverdigmaking self geglo word. Laat ons dit duideliker stel- Die regverdigmaking is ‘n regterlike daad van God waarin God die sondaar vryspraak en vir hom/haar die reg gee op die ewige lewe. Ons moet alles verstaan soos wat ons na ’n hofsaak ook kan kyk.. In ’n hofsaak is daar ’n Regter, daar is ’n aanklaer, daar is ’n aangeklaagde en dan moet dit uiteindelik ook by ’n vonnis kan uitkom. Die Regter is God Self. Rom 8:33 en ook Heb. 4:13 lees ons hierdie regterlike posisie waarin God is. *Alles is oop en bloot voor Hom met Wie ons te doen het…*staan in Hebreërs. En ons besef dadelik, my gewete, dit wat my aankla, my gewete is my aanklaer, en hierdie gewete laat my besef ek en ons almal behoort in die beskuldigde bank.

Niemand van ons, soos ons Romeine 3 ook gelees het kan sê dat ek nie beskuldig kan word van vreeslike dinge nie! Soos elkeen sy eie aanklag moet hoor, dit wat op die klagstaat van ons lewens staan, dan is op ons elkeen se klagstaat die volgende drie dinge

geskrywe- Die eerste aanklag is dat ek het teen God en al sy gebooie swaar gesondig het. Die tweede is dat ek nie eers een van hierdie gebooie nagekom het nie. In die derde plek dat ek besef en dit sê my gewete gedurig vir my, dit is my gewete wat my aankla, dat ek gedurigdeur nog tot alle kwaad geneig is.

Ons besef hierdie is harde dinge om aan te hoor, maar broeder en suster, is daar iemand wat die waarheid hiervan kan ontken? Paulus was al iemand wat geglo het… die pad van Damaskus was al agter sy rug, dan besef hy in Romeine 7 dat daar in my- *in my vlees <u>niks goeds</u> woon nie, want om te wil is by my aanwesig, maar om goed te doen dit vind ek nie…die goeie wat ek wil dit doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek!* (Rom.7:14; 18-19) Ja, broeder en suster, ons moet dit maar erken. Die aanklaer is reg- ons is werklik skuldig, in al drie die dinge wat ons van aangekla is, is ons skuldig. V/A 8 kom skielik na ons terug. **Dat ons glad nie in staat is om iets goed te doen nie, en dat ons tot alle kwaad geneig is…** Die vonnis kan eintlik maar net een vonnis wees- Die straf van die ewige dood.

***

Maar nou gebeur die verbysterende van Sondag 23. God staan op en in plaas dat Hy soos ons moes verwag ons skuldig verklaar , verklaar Hy dat ons regverdig is en boonop dat ons nie erfgename van die ewige dood is nie, maar erfgename van die ewige lewe! God gee ons nou die reg op die ewige lewe. Ons word geheel en al in Christus geregverdig en dit deur die geloof in Christus. Hier kom ons ook weer by die troos van die uitverkiesing, dit wat die Remonstrante nie saam met ons wil glo nie. Die Remonstrante sê glo eers dan kan God jou regverdig, terwyl ons op grond van die uitverkiesing sê – God het ons geregverdig, daarom dat ons kan glo alleen grond van wat God doen. So verstaan ek dan die geloof waarin Hy ons geregverdig het en dat ons saam met Paulus sê- *Uit genade is ons gered, deur die geloof.*

Ons sê van voor die grondlegging van die wêreld het God besluit om die sondaar in Christus te regverdig, en daarom dat ons dit alles wat ons hier glo as vas en seker in God se uitverkiesende genade bely. Christus is ter wille van ons regverdigmaking opgewek en

so word ons deur hierdie geloof geregverdig en op die oordeelsdag dan sal hierdie regverdigmaking openlik deur God verklaar word.

Ons besef dit seker, broeder en suster, dat alles wat hier staan, en dit wat ons hier ontvang is genade op genade. Alles net genade! God wat oor my en jou lewe soveel swaar dinge kon sê- maar die nogtans van die geloof laat die deur van die ewige lewe oopgaan. Christus is die geheim van ons ewige vryspraak, die nogtans van God se genade kon alleen in Christus gegee word. Die Regter van hemel en aarde sien nie af van sy straf nie, maar Iemand anders gaan in ons plek in die beskuldigdebank staan. Die Seun van die Regter. Hy wat ons Advokaat is, Hy is nou ook ons Borg. V/A 60 is eintlik niks anders as 'n lofsang nie, elke woord sorgvuldig geweeg en in plek geplaas.

Dink jou dit in- **God skenk nogtans aan my sonder enige verdienste van my kant uit loutere genade die volkome genoegdoening geregtigheid en heiligheid van Christus.** God se eie Seun vat ons straf op Hom. Hy voldoen aan God se geregtigheid. Hy doen presies wat Jesaja 53 geprofeteer het- Vers 5- *Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.* In 2 Kor.5:21- dan word dit nog weer duideliker en duideliker gestel- *God het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.* Ons gelese gedeelte stel dit die heel duidelikste- *…en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is…*Die Kategismus bring eintlik al hierdie dinge saam wat in een woord saamgevat kan word- nl. die woord NOGTANS- Die nogtans van die geloof laat my besef dat as God die Regter my regverdig verklaar, dan is ek regverdig. So regverdig asof ek nooit enige sonde gehad of gedoen het nie, ja asof ek ten volle gehoorsaam was aan al God se gebooie. *Die Here ons Geregtigheid,* so noem Jeremia hierdie Borg.

Terug by die vraag- **Wat baat dit jou om alles te glo?...**Ons kan maar net die sober antwoord van die Kategismus naspreek- **Dat ek in Christus voor God regverdig is en erfgenaam is van die ewige lewe…**V/A 61 onderstreep dit wat Luther genoem het die

GROOT RUIL. Hy wat ons ongeregtigheid op Hom neem en dan skenk Hy ons sy geregtigheid. Kyk wat alles omgeruil is- Die feit dat ek die straf verdien- **ek het teen al die gebooie van God swaar gesondig**- dit word nou geruil met **die volkome genoegdoening van Christus.** Christus voldoen aan die eis dat my sonde gestraf moet word. Ek wat **nie een van God se gebooie onderhou nie…**dit word geruil met **die volkome geregtigheid van Christus.** Hy wat in volkome gehoorsaamheid God se Wet gehou het. Die feit dat **ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is…**watter omruiling vind hier plaas- **om te ontvang die volkome heiligheid van Christus.** As God sê iets is volkome- dan kan ons maar weet- dit is volmaak. Dit is vir God heeltemal genoeg. Uit louter- m.a.w. uit suiwere, dit is uitsluitlik net genade, dit word ons geskenk, dit word ons alles in Christus toegereken. Pragtig die herhaling van die werkwoorde, wat wys hoe God werk!

Saamgevat besef ons dat God maak ons regverdig. Nog duideliker- God maak die sondaar in Christus regverdig. En nou die laaste vraag- dit wat eintlik net nog duideliker kom- God maak die sondaar deur die geloof in Christus regverdig. Dit gaan alles gepaard deur die geloof. Ons kan dit ook anders sê- ons is voor God regverdig (59) in Christus regverdig (60) deur die geloof regverdig (61).

Die geloof is eintlik die ***HAND*** waarmee ek Christus en sy geregtigheid myself toeëien. Ons moet dit goed verstaan. Dit is nie die geloof wat my regverdig maak nie. Dit is en bly alleen God op grond van die verdienste van Christus wat ons regverdig maak, maar as ek nie die hand het om hierdie geskenk van God te vat nie, ek neem dit nie, dan het ek dit nie. Teenoorgestel het ek die hand, ek neem dit dan het ek dit! Die hand is egter nie ’n hand wat ek uit myself het nie, dit word ook geskenk…*die geloof en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God.* God gee vir jou die hand wat jy nou eintlik na Sy hand kan uitsteek om dit wat God vir jou wil gee te aanvaar.

Ons kan dit ook stel dat ons word nie op grond van die *wese* van ons geloof geregverdig nie, maar op grond van die *inhoud* van ons geloof. Die geloof kan nie die vryspraak

verdien nie. Daarom kan ons so dankbaar wees dat die regverdigmaking ook nie afhang van die sterkte van ons geloof nie!

Geloof se mees basiese betekenis is om te aanvaar. Om te glo is om soos 'n kindjie in jou lewe aan te neem, dit wat God in Christus aan ons gee. V/A 61 het twee keer die mooi woord van dit aanneemlik te maak, dit jou eie te maak. Weereens wil die Kategismus dit baie duidelik stel, dit word nie op grond van die waarde van my geloof bepaal of ek vir God aanneemlik is of nie. Weereens is dit net Christus, SY GENOEGDOENING, SY GEREGTIGHEID, SY HEILIGHEID… alleen Christus is my en jou se geregtigheid voor God

Luther het besef die geloof moet daar wees. SOLA FIDEI- geloof alleen wat die lig van God se werk vir ons kan aansteek. Hierdie hand wat God vir jou gegee het, die geloof wat jy op geen manier uit jouself kon bewerk nie, so min soos jouself die hand aan jou liggaam kon maak, maar hierdie hand wat jy ontvang het, dit wat leeg is, God maak dit vol met die beloftes in Christus. Jy wat Christus voluit ontvang, handevol van sy werk, jy kan daarmee na God toe gaan en God Hom aanbied asof dit jou eie werk was! Dit gaan nie oor groot of sterk hande, is jou hande klein, is hulle dalk swak nie, dit gaan nie oor hoe daardie hande lyk nie, maar wat is in jou hande. Dit is waaroor dit alles gaan! Is dit Christus en Hy alleen wat jy voor God stel.

Dit laat ons besef ek het geen rede om op myself trots te wees of in myself te roem nie, maar ek het alle rede om hemelhoog in God se genade en sy barmhartigheid te roem. Alles genade, net genade- SOLA GRATIA- Ons kan eintlik maar net God in dankbaarheid loof en prys. Volgende keer gaan dit meer spesifiek oor dit wat jy doen. Jou werke, dit wat selfs genoem word, goeie werke, hoe moet ons daarna kyk? Kan daar nie darem net 'n deeltjie daarvan iets by die geregtigheid van God plaas nie. Om darem so baie te kry waarvoor jy niks gewerk het nie, kan dit waar wees! Ef.2 laat ons afsluit wat die begin van groot dinge moet wees- ons is die maaksel van God, *geskape in Jesus Christus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.*

AMEN

Vrae uit Sondag 23

1. As die Kategismus vra- **Wat baat dit jou dat jy <u>dit alles</u> glo?** Wat word nou eintlik bedoel met die *dit alles?*
2. Wat is die groot vraag wat vir Luther en Calvyn besig gehou het?
3. Is daar nie ’n gedeelte van God se regverdiging wat op grond van ons werke bepaal word nie?
4. Hoe is dit moontlik dat ons voor God regverdig gereken kan word?
5. Wat was volgens Calvyn die hoofskarnier waar rondom ons ganse godsdiens draai?
6. Hoe kan ons volgens die Roomse kerk voor God regverdig gemaak word?
7. Wat is die groot verskil tussen ons en dit wat by die Remonstrante aan die gang is?
8. Hoe moet ons die verhouding tussen regverdigmaking en geloof verstaan?
9. Wanneer ons na ons posisie voor God soos in ’n regsaak moet kyk, jy verskyn voor die groot regsbank van God…

9.1. Wie is die Regter?
9.2. Wie is die beskuldigdes?
9.3. Wie is die aanklaer?
9.4. Watter drie aanklagte verskyn daar op die klagstaat?
9.5. Wat is die werklike (ware) UITSPRAAK in hierdie saak?
9.6. Watter vonnis is geregverdig?
9.7. Waartoe word ons GEVONNIS?!
9.8. Wie sê Joh.3:36 ontvang die ewige lewe en wie nie?

10. Wie en wat is die groot geheim dat hierdie UITSPRAAK ons VRYSPRAAK kon wees?
11. Het die Regter van hemel en aarde geheel en al van die straf wat daar moet wees afstand gedoen?
12. Wat het Luther bedoel met die “GROOT RUIL” wat daar plaasgevind het?
13. Hoe moet ons dit wat ons hier ontvang het dan verstaan?
14. Wat word bedoel met die “nogtans van ons geloof”?
15. Wat alleen is my geregtigheid voor God (vgl. V/A 61)?
16. Hoe moet ons die plek en waarde van geloof in wat God doen verstaan?
17. Watter vergelyking kan ons maak om dit vir onsself duideliker voor te stel?
18. Is daar enigiets waarop ons uit onsself trots kan wees oor wat ons voor God bereik het?


SONDAG 23
59. Maar wat baat dit jou dat jy dit alles glo?
Dat ek in Christus voor God geregverdig is
Dat ek in Christus 'n erfgenaam van die ewige lewe is
60. Hoe is jy regverdig voor God?
Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus
Só: Al kla my gewete my aan
Waarvan?
dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig het
en dat ek nie een van die gebooie gehou het nie
en dat ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is
God skenk nogtans aan my:
Hoe?
Wat?
sonder enige verdienste van my kant
uit loutere genade
die volkome genoegdoening geregtigheid en heiligheid van Christus
Dit reken Hy my toe
asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie
asof ek self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het
Aan hierdie weldaad het ek deel vir sover ek dit met 'n gelowige hart aanneem


61. Waarom sê jy dat jy slegs deur die geloof regverdig is?
Nie dat ek op grond van die waarde van my geloof vir God aanneemlik is nie
Wel omdat slegs die genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus my geregtigheid voor God is
Dit kan ek nie anders as slegs deur die geloof aanneem en my eie maak nie

<u>Skriflesing:</u> Mattheus 20:1-16
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 24**
Teks: Mattheus 20:13-15
Sing- SAMESANG: Ps.87:1,5
TYDENS EREDIENS: Ps.66:1; Ps.86:4,6; Ps.84:6

By Sondag 24, broeder en suster, het ek iewers die volgende interessante twee opskrifte raakgelees. V/A 62 en 63 was die opskrif- GELOOF BY DIE ONGELOOF. V/A 64 het gepraat van die VANSELFSPREKENDE ONVANSELFSPREKENDHEID. Geloof by die ongeloof laat ons dink aan daardie man wat uitgeroep het- *Ek glo Here, kom my ongeloof te hulp.* Die reaksie van om te ontvang waarvoor jy nie gewerk het nie, hoe baie word daaroor gewonder? Om uit genade, sonder enige verdienste van ons kant, die volle rykdom van God te ontvang, kan dit waar wees?! Sondag 23 het dit mos duidelik gemaak. Die geregtigheid van God word ons toegereken asof onsself daarvoor gewerk het, terwyl jy weet ek kon daar niks van verdien nie. Ek het inteendeel verdien om juis geen geregtigheid te ontvang nie. Sondag 24 trek eintlik 'n baie duidelike raam rondom Sondag 23. Daar moet geen misverstand wees nie, dat ons enkel en alleen net uit genade, geregverdig is.

Hoe die mens dit in die volle som hiervan dit eenvoudig moeilik vind om dit net só te aanvaar, is in Sondag 24 se vrae en antwoorde ingebou. …**kan ons goeie werke nie die geregtigheid van God of 'n deel daarvan wees nie?** Die Evangelie is nou maar eenmaal nie na die mens nie (Gal.1:11). Dit breek alle vertroue en hoop wat die mens uit homself/haarself wil opbou tot die grond toe af, want wat ons uit onsself bou is torings van Babel, waarop ons met hoogmoed wil gaan staan en wys dit en dit het ek bereik. So subtiel kan die sonde van hoogmoed 'n mens eintlik bekruip, want ons eie harte en die geskiedenis vertel dieselfde geneigheid dat almal van ons met ons eiegeregtigheid en hoogmoed vyande is van die evangelie van vrye genade. Om alleen deur die geloof in Christus geregverdig te word, waarin ons geen bydrae kan lewer nie, maar al ons hoop op Christus moet stel is waaroor dit hier werklik gaan.

In Lukas 7 het Simon die Fariseër Jesus genooi om by hom te eet. Terwyl hulle daar saam is kom die vrou wat niemand verwag het nie, vir baie 'n vrou met 'n reputasie daar ingebars, want het sy in haar lewe Christus die evangelie van vrye genade hoor

verkondig. Watter geweldige plek dit in haar lewe ingeneem het is nie vir mense om dit van buite te aanskou nie, net so min het die Fariseër Simon dit kon sien. In sy hart waar Jesus die vrou so naby Hom toelaat, Hy laat haar toe om haar emosies eintlik oor Hom uit te stort, waar sy vir Jesus salf en soos die salf sy liggaam oorvloei, so droog sy sommer sy voete met haar hare af. Vir Simon was dit een te veel dat hy in sy hart eintlik die evangelie van vrye genade verag, want so glo hy as Jesus waarlik 'n profeet was dan sou Hy die werke van hierdie vrou geken het. Dan sou Jesus haar op geen manier so by Hom toegelaat het nie.

Die Here bring eintlik 'n stuk van ons Kategismus die hart van Simon binne, deur 'n kort gelykenis te vertel. Twee manne wat geld skuld kom voor oë, die een skuld baie, vyfhonderd pennings, die ander een net vyftig. Nie een van hulle kon betaal nie, en so het die geldskieter al twee hulle volle skuld kwytgeskeld. Nou kom die vraag naby die hart van Simon, maar ook naby ons harte dat hoe word na hierdie manne gekyk. Wie behoort die geldskieter die meeste lief te hê. Tog die een wat eintlik die meeste baat uit wat gebeur het, waarvoor hy wat so baie geskuld het geen bydrae kon gee nie. Simon wat die antwoord ken en die antwoord gee, moet eintlik maar net 'n slag weet om die antwoord ook op jouself toe te pas.

Dis seker die moeilikste deel. Ons sien so maklik die onkruid in ons buurman se tuin en daar word baie oor die onkruid gepraat, terwyl ons eerder moet kyk wat in ons eie tuin aan die gang is. Die Fariseër wat die Here gedank het dat hy tog nie soos die tollenaars is nie, weer wil hy alle aandag na hom en sy werk trek, maar daar is wel ook nou die omgekeerde gevaar. Ons wat uit onsself niks beter as die tollenaars is nie, moet ook oppas om die Here te dank dat ons nie soos die Fariseërs is nie. Dan is jy op 'n subtiele manier maar tog met 'n omgekeerde vorm van selfregverdiging besig, waarin hoogmoed en eiegeregtigheid ons ook parte speel.

Jesus vergewe nie daardie sondige vrou omdat sy nou Jesus beloon met die salf, en met haar liefde wat sy as bewys wil gee nie. Sy is nie vergewe as loon op haar liefde nie, maar die Here roem in haar liefde omdat dit die uiting is van iemand wat weet ek wat

glad nie verdien om hier te wees nie, hier is ek, die Here het my alles vergewe. Ek kan nie anders as om by Hom te wees en al my hoop om Hom te stel, want dit is alleen Hy wat dit vir my kon doen! Ek kon niks bydrae en niks doen om van my kant hierdie vergiffenis te verdien nie. So min soos die man met die 500 pennings nie eers 1 penning kon bydra nie. Jesaja 64:6 is ons almal deel van – *En ons het almal geword soos 'n onreine, en al ons geregtighede soos 'n besoedelde kleed; en ons het almal verdor soos blare, en ons ongeregtighede het ons weggevoer soos die wind…*

As die saligheid gestel net vir een-duisendste van myself afhanklik sou wees, dan was dit die swak skakel in die ketting wat in alle geval dan die hele ketting breek. Petrus skryf in 2 Pet.1:10 die belangrike deel dat *…julle jul des te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak, want as julle dit doen sal julle nooit struikel nie.* Petrus hy wat ook iemand was wat geglo het ek kan iets verdien, ek moet net op myself vertrou. Hoe het hy nie voorgegee dat hy Jesus nooit sou verlaat nie, nog minder dat hy Jesus sou verraai. Tog het dit alles voor die hanekraai gebeur.

Dit is wat ons moet besef, jy moet hierdie roeping, hierdie verkiesing vasmaak, dat ek waarlik nie op my eie krag kan staatmaak nie. Alleen dan as ek besef hoe min my eie krag my kan staande hou, maar dit is alleen God se krag, God se roeping, God se verkiesing wat my staande hou, daarom moet ek dit wat van buite kom, in my lewe vasmaak, alleen dan sal ek nie struikel nie.

Wie sy eie werke, al is dit net 'n klein deeltjie, deel van God se geregtigheid wil maak, is besig met die dwaasheid van 'n man wat sy boot wil anker, maar hy gooi aanmekaar die anker op die dek van die skip uit, terwyl dit in die storms meegesleur word. Voor 'n skip eers werklik geanker kan word, dan moet die anker eers oorboord gaan. In die vaste bodem van die see, dit waarmee ons, ons roeping en verkiesing moet vasmaak, is om met alle vertroue buite myself veranker na God te gaan en te weet God het my op die vaste bodem van sy genade en trou sy kind gemaak.

As ons geregtigheid uit ons werke sou moes bestaan, so redeneer die Kategismus dit eintlik heel logies uit, dan sou ons werke ten minste ook in alles volmaak moes wees. Voor ons nog verder daaroor wonder het die Kategismus klaar vir ons die antwoord…**dat ook ons beste werke in hierdie lewe almal onvolmaak en met sondes besmet is.** Soos iemand dit treffend gestel het dat om God met jou werke te probeer beïndruk is soos om vervalste geld aan te bied vir iets wat onskatbaar waardevol is. Heeltyd moet ons besef Sondag 24 is besig om heeltyd ons werke, selfs die beste waarmee ons na vore kan kom, te plaas teenoor Sondag 23 wat met God se magtige reddingswerk gehandel het. Hoe kan daar enige vergelyking gemaak word, hoe kan daar enige bydrae van my kant kom om gered te word, dan moet ons maar net besef- **My goeie werke verdien niks nie…!**

Maar nou moet ons besef, so onverdienstelik soos ons goeie werke wel is, so noodsaaklik is dit tog ook! Hier moet ons fyn trap en baie mooi daarop let hoe daar mense is wat die apostel Jakobus se brief en Paulus se briewe teen mekaar afspeel. Op die oor af wil mense dan beweer dat Paulus heeltemal die betekenisloosheid van ons goeie werke tot die verkryging van saligheid handhaaf terwyl hulle dan Jakobus aanhaal dat hy tog weer die absolute noodsaaklikheid van goeie werke beklemtoon. Paulus skrywe in Rom.3:28- *Dat die mens geregverdig word deur die geloof <u>sonder die werke van die wet.</u>* Jakobus skrywe *dat ''n liggaam wat nie asemhaal nie, is dood. <u>So is die geloof wat nie tot dade kom nie, ook dood</u>* (Jak. 2:26) Praat Paulus en Jakobus werklik teen mekaar?! Née, broeder en suster, geloof en werke het baie met mekaar te doen, maar dit moet altyd in die regte volgorde tot mekaar geplaas word. Ons glo ook in die doen van goeie werke, maar ons mag glad nie glo dat ek met my goeie werke die hemel vir my kan oopsluit, dat ek met my goeie werke iets tot my saligheid kan bydra nie.

Openbaring 14:13 gee ons eintlik die antwoord. Daar staan…*salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja sê die Gees, sodat hulle kan rus van hulle arbeid, en <u>hulle werke volg met hulle…</u>* Hier sien ons, goeie werke is nie soos sleutels waarmee ek die deur van my saligheid kan oopsluit, soos die Roomse kerk en die Fariseërs wil leer nie, maar jou werke volg jou. Dit is wat agterna kom, nadat ons reeds "deur die genade alleen deur" kon ingaan. Om dit alles in Christus te hoor, is om te besef Paulus en Jakobus

praat ten volle uit een mond want skryf Paulus ook in Ef.2:10- *In Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.* Wie waarlik in die geloof in Christus is, waarlik as jy in Christus ingeplant is, dan sê die Kategismus **dit is onmoontlik dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie.**

'n Ware lewende vrugdraende geloof, ons praat nie van huigelaars wat met skyngeloof hulle lewe vul nie, sulkes met 'n ware geloof is soos die boom van Psalm 1. Wat geplant is by waterstrome en sy vrugte gee op sy tyd. Die regverdige is 'n planting van die Here wat uit sy onvrugbare natuurgrond oorgebring is in die nuwe lewensgrond naamlik Jesus Christus. Psalm 92 sluit so pragtig hierby aan- Die regverdige wat sal groei soos 'n palmboom; hy wat sal opgroei soos 'n seder op die Libanon, is alles ingebring in waar God hulle geplant het- *Geplant in die huis van die Here sal hulle groei in die voorhowe van onse God.*

Die genade gaan alles vooraf, maar nou kom daardie vanselfsprekende onvanselfsprekendheid. 'n Boom wat by God se waterstrome geplant is sal spontaan, as Christus die boom voed, dit wat ons nie maar vanselfsprekend kan aanvaar nie, maar as hierdie onvanselfsprekendheid plaasgevind het, dan is dit vanselfsprekend dat die boom vrugte sal voortbring. Goeie vrugte wat die gawes van Gees en Woord goed maak, dit is en bly vrugte van dankbaarheid. Hoe duidelik stel Christus dit- *Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, <u>dra baie vrugte</u>* (Joh.15:5). Sulke goeie werke is eintlik die bewys nie dat ek die saligheid nog moet verkry nie, maar dat ek die saligheid deur die geloof in Christus reeds besit.

***

Maar nou kom daar selfs in die Kategismus 'n nog meer verrykende deel by! Goeie werke word beloon! Dit wat die Here vir Abraham in Genesis 15:1 sê is tog nog altyd waar- *Vrees nie Abram- Ek is vir jou 'n skild en jou loon is baie groot.* Ons lees ook in Psalm 19:12- *In die onderhouding van God se gebooie lê 'n ryke beloning.* Hebreërs 11:26 skryf ook van Moses as daar staan- *hy het die smaad van Christus groter rykdom geag as die skatte van Egipte <u>omdat hy na die beloning uitgesien het.</u>* Christus het dit

Self so duidelik gesê- *Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil. Verbly en verheug julle <u>omdat julle loon groot is in die hemele</u>* …Nog een voorbeeld is Paulus in 2 Kor 5:10 as hy skrywe- *almal sal voor die regterstoel van Christus verskyn, <u>sodat elkeen kan ontvang volgens wat hy tydens sy aardse lewe gedoen het,</u> of dit nou goed was of kwaad.* Niemand van ons kan daaroor twyfel dat goeie werke deur God beloon word net soos slegte werke deur Hom gestraf word.

Dit is wel baie duidelik in alles moet ons selfs die beloning sien as genade. Dit is genade, dit is alles genade. Daarom as ons praat van God se beloning dan is dit beter om selfs die beloning 'n genadeloon te noem. Mattheus 20 bring dit eintlik alles vir ons so mooi saam. Die heer wat met sy slawe ooreengekom het dat vir die dag se werk hy hulle een penning sal betaal. Hulle het vroeg uitgegaan, ons kan maar sê 6h00 was hulle alreeds in die wingerd hard aan die werk. Die heer kom agter daardie arbeiders is te min. Hy huur nege uur nog 'n span by, twaalf uur kom daar nog 'n span by, en selfs drie-uur die middag, kort voor dit eintlik tjaila-tyd moes wees, drie ure voor tjaila-tyd kom daar nog nuwes by, en selfs op die elfde uur, toe daar vir die dag se werk eintlik maar net nog een uur se werk gedoen kon word, toe kom daar nog nuwes in die wingerd in. Hulle het nie naastenby so hard soos daardie wat vanoggend ses-uur al begin het gewerk nie. Toe die dag op sy einde is, toe roep die heer al hierdie arbeiders bymekaar, hulle wat lank en kort gewerk het is nou een span, en hy betaal hulle almal een penning, dit wat sy woord, sy ooreenkoms van die begin af was.

Die mens in die gelykenis, daardie arbeiders wat oor die hitte van die dag, die volle dag gewerk het, hulle het kamtig 'n saak van reg teenoor die heer van die slawe wil stel. Is dit regverdig wat hier gebeur? 'n Mens voel amper dit is seker tog nie heeltemal reg nie. Selfs hulle wat die langste gewerk het kry hulle geld ook laaste. Hulle sien presies hoe en hoeveel word dié betaal wat baie korter as hulle gewerk het.

Broeder en suster, hierdie gelykenis is eintlik maar die toets van die hele som waaroor Sondag 24 handel. Is ons mense wat beloon wil word, omdat ons dink ons 'n beloning

verdien, of is ons eens met die heer van daardie wingerd dat ons nie oor mekaar en mekaar se werktyd kan oordeel nie. Hy, die heer het sy woord gehou, en hy die heer is in alle geval heer van sy wingerd. Hy hierdie heer, is in alle geval die Here wat God is. Hy wat uit vrye genade beloon. Hy wat aan ons wys dat die laastes selfs nog ryker beloon kan word as die eerstes. Dit is wat eintlik voor hierdie gelykenis staan- die laaste vers van Mattheus 19- *Maar baie wat eerste is sal laaste wees, en wat laaste is, eerste!*

Ons wat met die beloning van ons Hemelse Vader kan reken, dit word so ’n ryke loon. Die Kategismus deel dit in twee. Die beloning in hierdie lewe en in die toekomstige lewe. Soos iemand dit gestel het, die beloning is in alle geval in oorvloed. Die glase waaruit die wyn van die nuwe lewe gedrink word mag miskien nie almal ewe groot glase wees nie, maar almal van hulle is so vol geskink dat hulle in alle geval oorloop. Dit is ook só dat nie almal wat die Here liefhet welvaart as loon ontvang nie. Tog is daar niemand wat vandag hier kan sê, maar dat die Here my nog nie geseën het nie. Wie die Here vrees deel eenvoudig in sy seëninge. In sy guns, in sy liefde, in sy gemeenskap, want dit is in alle geval meer werd as al die skatte van die wêreld, want dink aan Lasarus, hoe treurig sy lewe op aarde was, honde wat sy wonde lek, so sleg het hy op aarde daar uitgesien, maar na alles is hy in die heerlikheid van die ewige lewe, waar hy niks van kon verdien nie! Die loon van die toekomstige lewe is as ons eenmaal as erfgename van die Vader die volle loon sal ontvang. Die erfenis van die ewige lewe op hierdie aarde.

Die laaste woord wat die Roomse mens, die Remonstrantse mens, ja die Fariseërs het almal nog so ’n laaste hou teen die leer van die vrye genade wou probeer inbring. Dit maak kamtig mense onverantwoordelik. Vir ons kinders leer ons as jy dit verniet kry dan waardeer jy dit nie. In die geloof wil hulle ons nou dieselfde leer. Hierdie leer dat ’n mens deur genade, sonder enige verdienste gered word, kweek dit nie sorgelose en goddelose mense nie?! Dit is **onmoontlik** sê die Kategismus!

Ons het oor die goeie boom wat spontaan die goeie vrug sal lewe, klaar gehandel. Dit is nie maar vrugte wat daardie boom aangehang word nie, dan is dit wel bedrieglik, maar vrugte uit daardie boom gegroei, as dit ’n goeie boom is, sal die vrugte goed wees. Ja in

plaas van dat mense probeer om Jakobus teenoor Paulus af te speel laat ons eerder met Jakobus dit alles van die begin af saamlees, 'n geloof sonder werke is werklik dood.

Dit is van die begin af in alle geval 'n dooie geloof, en so 'n dooie geloof kan ons nie salig maak nie. Maar wie in Christus lewe, sal nie eers agterkom wanneer hy met goeie werke besig is nie. Dit word as't ware sy tweede natuur om goed te wil doen. Dit gebeur wat Petrus so treffend verwoord- deur sy goddelike krag …*het hy ons deelgenote gemaak van die goddelike natuur* (2 Pet.1:4). Daarin gee die Here werklik die geaardheid om die goeie te wil doen. Dan sal 'n mens by die deug wil voeg die kennis en by die kennis die selfbeheersing, en by die selfbeheersing die lydsaamheid, en by die lydsaamheid, die godsvrug en by die godsvrug, die broederliefde en by die broederliefde, die naasteliefde. Ons kan saam met die Kategismus afsluit juis deur wat Petrus sê- dit is alles behalwe dat sulke mense goddeloos en sorgeloos gemaak kan word, inteendeel, *by wie hierdie dinge,* (hierdie reeks van goeie werke soos ons dit nou sopas hier genoem het) *nie aanwesig is nie, is blind en kortsigtig en het die reiniging van sy vorige sondes vergeet* (2 Pet.1:5-9). Dit is 'n Goddelike vanselfsprekendheid dat 'n goeie boom goeie vrugte sal dra. Laat ons dit tog nie onvanselfsprekend wil maak nie.

AMEN

Vrae uit Sondag 24

1. Hoe sal ons werke moet wees as dit 'n bydrae tot ons geregtigheid voor die regterstoel van God sou kon lewer?
2. Hoe moet ons die gedeelte in die Woord van die Here verstaan dat die Evangelie nou maar eenmaal nie na die mens is nie (vgl. Gal.1:11)?
3. Hoe lyk ons beste werke?
4. Wat kan ons van die vrou wat so by die ete van Jesus en Simon die Fariseër ingebars het se geloof aflei?
5. Het die Here haar vergewe as beloning op haar liefde wat sy daar bewys het?
6. Hoe het Simon oor dit alles geoordeel?
7. Wat was die gelykenis wat Jesus direk daar vertel het en watter betekenis moet daaruit na vore kom?
8. In watter opsig kan ons sê dat die Here eintlik Sondag 24 die hart van Simon wou inbring?
9. Wat is die betekenis van die roeping en verkiesing wat vasgemaak moet word waarvan ons in 2 Pet.1:10 van lees?
10. In watter opsig is die beeld van 'n anker en 'n skip op Sondag 24 van toepassing?
11. Hoekom is goeie werke waarmee ons niks kan verdien nie tog wel ook noodsaaklik?

12. Hoe moet ons die mense antwoord wat beweer dat Jakobus en Paulus mekaar rondom die doen van goeie werke weerspreek?
13. Hoe moet ons Openbaring 14:13 verstaan?
14. Word goeie werke wel beloon? Motiveer u antwoord.
15. Op watte gronde moet hierdie beloning wel 'n genadeloon genoem word? Motiveer dit met die gelykenis uit Mattheus 20.
16. Hoe verdeel die Kategismus hierdie beloning wat ons ontvang?
17. Die feit dat mens dit alles uit genade ontvang, kan dit nie oorsaak wees dat ons dit nie regtig waardeer nie?
18. Wat gebeur met die boom in Matt.7:19 wat nie goeie vrugte dra nie.





<u>Skriflesing:</u> Romeine 10:6-21; Markus 7:24-37
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 25**
Teks: Markus 7:34; Romeine 10:17
Sing- SAMESANG: Ps.106:1,2
TYDENS EREDIENS: Ps.31:1,9; Ps.138:2; Ps.146:6

Met Sondag 25 is ’n mens eintlik weer terug by Sondag 23, broeder en suster. In Sondag 23 was dit van die uiterste belang dat ons altyd besef dat enkel en alleen net die geloof in Jesus Christus ons voor God regverdig kan maak en jou ’n erfgenaam van die ewige lewe maak. Die geloof is absoluut noodsaaklik. Die Kategismus praat van **slegs die geloof…** Die werke van die wet kan my nie salig maak nie. Daar is niks wat ek uit myself kan doen om gered te word nie!

Ons weet hierdie dinge, geliefdes, ons moet dit weet hoe God al hierdie dinge bewerk. Dit wat ons so geneig is om te dink ons moet dit uit onsself kan verkry, God het niks van hierdie dinge in ons hande gelaat nie. Daar is dan ook niks waarop ons kan roem nie. Alles is uit God, deur God en tot God. Dit wat God ons gee is eenvoudig genade op genade. Sondag 25 is met hierdie werk van God nie klaar nie. Ons is eintlik ook weer terug by Sondag 20, want het ons besef as daar vir jou en my gevra word – **Wat glo jy van die Heilige Gees-** daar dan maar ’n enkele antwoord staan.

Ná alles is die werk van die Heilige Gees alles behalwe in die één Sondag saamgevat. Van Sondag 21 tot Sondag 24 sou niks waar kon wees as die Heilige Gees nie dit vir ons waar gemaak het nie! Om kerk van die Here te wees (begin Sondag 21), tot die besef ek mag nie onverskillig en roekeloos wees nie (einde Sondag 24), van begin tot einde is dit net die geloof wat werk maar dit is werklik net die Heilige Gees wat saakmaak.

***

Charismatiese kerke beskuldig ons verniet op grond van ons belydenis dat ons die werk van die Heilige Gees nie genoeg na vore bring nie. Ons belydenis is eintlik gedoop in wat die gawes van die Gees is, al daardie weldade wat die Gees ons skenk. Dit is vir ons die charisma – die werklike gawes van God se Gees. Ek kan dit nie duideliker stel as Sondag 25 nie! Van begin tot einde gaan dit weer om die Heilige Gees. Wanneer dit gaan om wat ek glo, alles wat met die ware geloof in verband staan, dan gaan dit weereens net om die Heilige Gees. Die oorsprong van ons elkeen se geloof, sonder die

Gees sou daar geen klaarheid en vastigheid daaroor kon wees nie. Hier is geen mensewerk en mense prestasie ter sprake nie! Ek kan geloof nie van my ouers erf nie, ek kan geloof ook nie met my kerklike bydraes koop nie, want dit is 'n skepping van God. Geloof word geskep in elke kind van God deur wat die Heilige Gees in jou hart doen.

Daarom moet ons ook nie met ons verstand dit alles wil uitredeneer nie, want wie sy geloof net aan sy verstaan van dinge en aan sy verstandskennis wil onderwerp sal maar droog (en droefgeestig!)daarvan afkom! Op die einde gaan dit oor wat in die hart gebeur. Die Here raak ons harte as Hy vir ons in Spreuke 23:26 beveel- *My seun, my dogter gee my jou hart…*

***

Nou wat ons besef hoe groot die werk van die Heilige Gees is, daar waar die Gees die verborge dieptes van ons hart inkom en hoe dit alles van die Gees afkom en selfs in alles van die werk van die Heilige Gees afhanklik is, kan jy jouself vra maar hoe doen die Heilige Gees dit? Hoe werk Hy, want God maak dit bekend, dit is deel van God se openbaring aan ons! Die oog wat kan sien, die oor wat kan hoor, die hand wat kan vat kan nie van die hart losgemaak word nie. Die HOE van hoe God se Gees werk, is soos wat daar in die Woord van God in Handelinge 16 oor Lidia geskryf staan. Ag ons kan baie voorbeelde voor haar ook neem, dit is eenvoudig in elke kind van God se lewe die geval, soos direk na die uitstorting van die Heilige Gees gebeur het, toe het daar 3000 tot geloof gekom. Het hulle dit besluit, het enigeen van hierdie duisende iets kon doen om te glo, née broeder en suster, die Heilige Gees het alles gedoen. Hy het in hulle harte gewerk en die geloof in hulle geplant.

Van Lidia lees ons in besonder dat *die Here het haar hart geopen.* Maar ons moet mooi lees dat dit alles gebeur waar Paulus daar op daardie rivier se wal die Woord aan hierdie groep vroue verkondig het. Die Woord maak die walle van haar hart oop, juis omdat die Heilige Gees die Woord uit Paulus se mond kon gebruik om haar tot geloof te bring. Sonder die Heilige Gees sou sy en niemand daar glad nie vir die Woord ontvanklik wees nie. Die skepping van God waar God alles in Genesis 1 deur sy Woord geskep het is geweldig groot, maar die herskepping in jou hart gebeur deur dieselfde grootheid. Die

Gees wil nie los van die Woord werk om in ons harte te werk nie. Die middel waaraan die Gees Homself bind maak Hy Self bekend nl. dat Hy deur die verkondiging van die Woord werk en die middel waaraan die Gees Homself bind en dit wat die Gees in sy welbehae uitgekies het om die geloof in ons te versterk is deur die sakramente. Die Heilige Gees het Self gekies om Hom so aan ons bekend te maak deur nie op ’n ander manier as alleen net deur God se Woord ’n pad na ons harte oop te maak nie. Daar waar die Woord verkondig word, waarlik God se Woord word gehoor, dit is wat die kerk, KERK moet maak, en daarom is dit ook waar ons die Heilige Gees op ’n besondere manier nl. in die Here se kerk (dink weer aan Son.21HK).

***

As die Woord van God gepreek word dan is die Heilige Gees in beweging, as daar ’n kindjie in die verbond gedoop word dan is die Heilige Gees in aksie, as die Nagmaalstafel gereed staan dan is dit weer die Heilige Gees wat aan die werk is. So kom Hy na ons harte toe. So verander Hy ons harte, so breek Hy die hart van klip, so bekeer Hy ons, so verlig Hy ons. Ek kan dit nie alles verklaar nie, so min soos ek die volle skepping kan verklaar , maar in hierdie groot wonder van om te sê –EK GLO- is alles die werk van die Heilige Gees. Daarom sal die Woord as dit verkondig word nooit leeg na God terugkeer nie, want die Gees maak dit vol, die werk van die Gees het altyd ’n effek, want dit is die almagtige God wat aan die werk is.

Die prediking van die Woord is die saad van die wedergeboorte. As die Woord nie gepreek word nie sal daar nie geglo word nie. Dit is werklik ’n dwaling om te glo dat die Gees regstreeks buite die Woord om, los van die prediking wel die geloof in die hart sal lê, en dat die prediking nou maar net dien om die sluimerende saad wat reeds in die hart gelê is moet laat ontkiem en so tot beweging bring. Dit is ’n dwaling want die effek hiervan is dat jy as mens glo ek het in myself reeds die vermoë ontvang om te glo, die Woord moet dit nou maar net aan die gang sit en dit bevestig. Nee, die Kategismus sny hierdie gedagte af! Die Woord werk die geloof, die prediking is die saad van die wedergeboorte, en so moet die Woord en die prediking van die Woord geken word as saad van die wedergeboorte, want alles hang daarvan af. Dit is dan ook presies soos daar

in Romeine 10:17 staan- *Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God.*

***

Wanneer ons dit so vóór die Here bely, dan bedoel ons nie dat die Heilige Gees nie anders kan werk nie. Hy is wel vrymagtig en of Hy wat die Gees is wel al mense sonder die prediking tot die geloof gebring het is nie vir ons om te oordeel nie. Dit sal ons nie weet nie, maar wat belangrik is, is om jou te hou aan die reël wat die Gees Self sê hoe Hy in God se kinders wil werk en dit word deur die prediking geopenbaar.

Dit moet eintlik vir ons genoeg wees om dit te weet, maar broeder en suster, God ken ons deur sy Gees beter as wat ons onsself ken. Die Here weet hoe swak is ons geloof en hoe moeilik dit vir ons is om te glo, ja om te bly glo in al daardie heerlike beloftes wat Hy vir ons geskenk het. Daarom kom die Here ons nog verder te hulp. Hy gee vir ons ook nog die sakramente om ons geloof te versterk en te ondersteun. Hierdie middele is ook die Gees wat deur hulle werk. Al is ons ontrou, die Here bly getrou. Daarom soos wat ons vele middele van binne ontvang het om ons geloof soos ’n klein plantjie te wortel en te laat groei, die gebed en die dra deur beproewinge, ja die Gees wat in ons bid wanneer ons bid, of selfs wanneer ons nie weet wat om te bid nie, dan tree Hy vir ons in met onuitspreeklike sugtinge. Dit alles dien om die plantjie van die geloof in jou se wortels sterker te maak, maar hoe wonderlik dit gaan nou om meer as net dit wat God in jou skenk. In die sakramente gaan dit nou ook om dit wat van buite aan ons bedien ook ter wille van ons geloof. By die ore kom daar nou nog van God se werke by, want wil God ons ook laat sien wat Hy vir ons gedoen het, ons kan daaraan vat, ons kan selfs daaraan proe, dit eet, dat dit deel van jou lewe word.

Die sakramente is heilige sigbare tekens en seëls. Om van sigbare tekens te praat is om te erken hiermee wys God vir my sy werk as die Drie-Enige God, die Vader, die Seun en die Heilige Gees. God werk hier eintlik soos ’n Onderwyser, ’n Leermeester, met wat ons kan noem sy prente, dit is aanskoulike onderwys, waar Hyself aan elke teken ’n besondere betekenis heg. Dit is hoekom dit ’n teken en ’n seël is. Die teken se betekenis word deur God Self verseël. Jy en ek as mense kan nie daaraan verander of nog weer iets

hieraan toevoeg as net die betekenis wat God hieraan gee nie. Dit is ook tekens wat God baie duidelik uit sy skepping haal. Water by die doop wat die teken is tot die afwassing van ons sondes, gewone water waarsonder sy skepping ook nie kan klaarkom nie, en dink aan brood en wys wat wys op die liggaam en bloed van Christus. Soos water doodgewone water is by die doop, so is brood en wyn doodgewone kos. Kos wat 'n mens voed en aan die lewe en jou versadig. Daarmee kom die Here na ons in die Nagmaal. As die brood breek dan is dit 'n teken van Christus se liggaam wat vir ons gebreek is. Die wyn wat uitgegiet word is 'n teken van sy bloed wat vergiet is.

Hierdie middele wat gebruik word bring Markus 7 vir ons ook na vore. Die doofstomme man, sy ore en sy mond was dood. Dit val ons op dat Jesus hom nie maar net die hande oplê en gesond maak nie, maar die Here werk met middele. Hy steek eers sy vingers in sy ore en Jesus spuug op sy vingers en raak daarmee die man se tong aan. En dan as Jesus na die hemel opkyk dan sug Hy en sê *Effata*- wat beteken… *gaan oop.* Die effek is 'n onmiddellike effek- *dadelik het sy ore oopgegaan en die band van sy tong losgeraak, en hy het reg gepraat.* Die vinger is 'n teken van oopmaak, die spoeg uit die Here se mond is 'n teken van Hy gaan Hom kan help, maar selfs omdat die man nie kan hoor of praat nie, is selfs die sug van die Here 'n teken. Hy kan tog wel sien, en al kan ek nie hoor nie, kan hy aan Jesus se liggaamshouding sien, die kop wat na die hemel toe draai, die bors wat sugtend die asem verlaat, dit alles is aanskoulike dinge, wat eintlik die koninklike woord van Christus bevestig, wanneer Jesus koninklik spreek- Effata- so word nie net die ore en die mond van die doofstomme aangeraak nie, maar sy hele mens-wees. Jesus gebruik graag middele, vingertaal, spuug, 'n sigbare sugting, wat eintlik die magswoord moet oopmaak wat Jesus dan direk in verband daarmee bring.

Die Here kon natuurlik onmiddellik sonder die middele dit alles doen, maar Hy doen dit nie. Hy kies die middellike weg. So word dit as't ware deur ons oë, deur ons ore, deur ons hande, die hart ingeplaas. So werk die Here vandag nog. Hy wil u en my hart deur middel van middele bereik. Die sakramente is sulke middele van genade. Die Heilige Gees werk middellik en onmiddellik. Die Woord is nie net deur die Gees voortgebring nie, maar die Gees versterk ons ook deur die Woord. Altyd moet die verkondiging van

die Woord ons versterk, vertroos, vermaan, so word ons opgebou uit hierdie skat wat ons die Woord van God noem, waaruit die Here *ou en nuwe* dinge te voorskyn laat kom.

***

Wanneer die sakramente dan saam met die Woord dien ook tot versterking van ons geloof , dan besef ons soos die Heilige Gees nooit los van die Woord wil staan nie, so mag ons die sakramente ook nooit los van die Woord aanskou nie. So wys die Here eintlik met sy sakramente eintlik ook weer vanuit sy Woord met sy vinger na ons toe. Al hierdie dinge wat in die doop en Nagmaal afgebeeld is, die Here wil vir elk van sy kinders dit duidelik maak dat dit is vir jou bedoel. Ek wil vir jou 'n Vader wees. Die Here verseker elkeen dat Ek wil jou sondes afwas. Kyk, jy ontvang dit in persoon, die waarborg kom van God Self, daarom dat die Here sy seël daarop sit. Die *net soos* waar dit verskillende tekens is, net soos water vuiligheid kan afwas, net soos brood en wyn jou voed, daardie *net soos* word dan ook *net so seker.* Jy hoef nie vir 'n oomblik in die waarheid van die beloftes van ons Koning te twyfel nie! Die teken en die seël van die sakrament dien gelyktydig, God geer ons hierdie teken en versekering dat Hy doen wat Hy beloof het.

Nou weet ons ook broeder en suster, dat vir die ongelowiges beteken dit niks nie. Jesus sê ook in Markus 8- *Voorwaar Ek sê vir julle, aan hierdie geslag sal stellig geen teken gegee word nie.* Wanneer 'n teken in ongeloof gevra word, dan gee die Here dit nie! As 'n mens die Here se Woord nie glo nie, so een sal ook nie deur tekens glo nie, al is dit watter groot wonder.

Maar vir die gelowige is dit God wat Homself in sy Drie-Eenheid ten volle ook aan die tekens verbind. Die Vader wat alles geskape het, die water waarsonder die skepping nie kan klaarkom nie, God het die water gemaak, ook dat ons daarmee gedoop kan word as teken tot die afwassing van ons sondes, so ook die brood en wyn kan van God die Vader se skepping nie geskei word nie. Maar saam met die Vader kry hierdie skepping in die sakramente hulle krag alleen deur die werk van die Seun. Jesus, Hy wat die Woord van God is, Hy gee Sy Woord ook wanneer hierdie tekens gebruik word dat ons die betekenis kan ontvang. Vader, Seun en Heilige Gees is Een, want ook die Heilige Gees sorg vir die

uitwerking wat hierdie tekens moet hê. Die Gees pas die werk van Christus daarop toe. Die Heilige Gees werk die wedergeboorte en versterk die nuwe lewe.

Die Heilige Gees wat die geloof werk stel dan nou ook die geloof op ’n stewige grondslag. Die Woord en die sakramente word deur die Heilige Gees gebruik om ons nie net op ’n stewige grondslag te plaas, maar dat ons grondslag ook dieselfde sal wees. Vir ons is daar geen ander fondament nie, en die fondament wat daar vir ons gelê is, is Jesus Christus. Dit is die enigste grond vir ons saligheid.

Uit wat Christus vir ons gedoen het, ja uit die afbeelding van Christus se kruisoffer, beeld die doop nou ook iets in myself af. My geloof, my bekering, ja selfs dat ek by Christus wil wees, die gebruik van hierdie sakramente is ook niks anders as iets soos ’n geloofsbelydenis. Ons word na Christus heengewys, weg van jouself na Hom toe. Dit is waarvoor albei die sakramente bestem is (V/A67). Dit gaan om die beloftes van die Evangelie. Soos die Kategismus dit baie duidelik stel- **dat God vanweë die enige offer van Christus wat aan die kruis volbring is, vergewing van die sondes en die ewige lewe uit genade skenk.**

Dit leer die Heilige Gees ons deur die Evangelie, maar ons word ook hiervan verseker deur die sakramente. Albei sakramente, doop en Nagmaal wil die Woord wat ons kan hoor, ons laat sien. Die hoorbare Woord is nou ook ’n sigbare Woord. In wat ons hoor en in wat ons sien, gaan dit net om Een nl. ons Here Jesus Christis. Dit wat Rom6:3 ons belowe- *Almal wat in Christus Jesus gedoop is, is in sy dood gedoop.* Of soos dit in Gal.3:7 staan- *dat almal wat in Christus gedoop is, hulle met Christus beklee.* Die sakramente gaan om Christus en Hom alleen. Hoe wonderlik dat Christus die sakramente vir ons gegee het om hulle te gebruik. God het hulle albei saamgevoeg en wat Hy saamgevoeg het mag ’n mens nie skei nie. Die een sakrament is ook nie belangriker as die ander een nie. Hulle is ewe belangrik. Gebruik dit wat die Here jou gee met ’n ware geloof, want soos ons van die begin af weet hulle is juis daar ter wille van ons geloof om uit dankbaarheid God te dien en volgens wat Hy van ons eis te lewe.

AMEN

Vrae uit Sondag 25

1. Hoekom is die geloof so belangrik?
2. *Wie* werk die geloof in ons harte?
3. *Waarmee* word die geloof in ons hart gewerk?
4. Hoe word die geloof in ons harte versterk?
5. Is geloof op enige manier oorerflik?
6. Kan geloof ten volle met die verstand uitgeredeneer word?
7. Wat is op die einde die diepste van jou bestaan wat deur die geloof aangeraak moet word? (Vgl. Spr. 23:26)
8. Wat staan daar in Rom.10:17?
9. Hoe is die gebeure daar op die rivierwal waar Lidia begin glo het op hierdie Sondag van toepassing?
10. Is prediking van die Here se Woord belangrik? Motiveer.
11. Watter tipe saad word die prediking van die Woord ook genoem?
12. Is die Woord maar net ’n hulpmiddel vir die Gees of is die Woord die middel waardeur die geloof gewerk word?
13. Wat is sakramente?
14. Waar pas die sakramente in?
15. Wat word bedoel met die woord *teken?*
16. Wat word beteken met die woord *seël?*
17. Wat beeld die doop en die Nagmaal af?
18. In Markus 7 maak die Here ’n doofstomme man gesond. Wat is aangrypend in hierdie hele optrede van Jesus?
19. Is God Drie-Enig by die sakramente of net Christus alleen? Motiveer
20. Sal die Here ook ’n teken gee as daar nie geloof is nie?
21. Wat is die enigste grondslag waarop die Heilige Gees die geloof plaas?
22. Wat word bedoel dat ons ’n hoorbare Woord en ’n sigbare Woord ontvang het?

Die Heilige Sakramente Sondag 25 tot 30

SONDAG 25

65. Terwyl ons slegs deur die geloof deel aan Christus en al sy weldade kry, waar kom so 'n geloof dan vandaan?

- Die Heilige Gees werk dit in ons harte
  - *Hoe?* deur die verkondiging van die heilige evangelie
- Die Heilige Gees versterk dit
  - *Hoe?* deur die gebruik van die heilige sakramente

66. Wat is sakramente?

Dit is sigbare, heilige tekens en seëls wat God ingestel het.

Met watter doel?

- Deur die gebruik van die sakramente verstaan ons die belofte van die evangelie beter
- Deur die gebruik van die sakramente word die belofte van die evangelie geseël

Wat is die belofte?

Hierdie belofte is dat God ons vanweë die enige offer van Christus wat aan die kruis volbring is uit genade skenk

Wat? → die vergewing van sondes en die ewige lewe

67. Is die Woord en die sakramente albei daarvoor bestem om ons geloof op die offer van Christus aan die kruis as die enigste grond van ons saligheid te wys?

Ja seker

- Die Heilige Gees leer ons in die evangelie
  - *Wat?*
- Die Heilige Gees verseker ons deur die sakramente
  - *Waarvan?*

dat ons volle saligheid op die enige offer van Christus rus, wat aan die kruis vir ons gebring is

68. Hoeveel sakramente het Christus in die Nuwe Verbond of Testament ingestel?

- Die heilige Doop
- Die heilige Nagmaal

Skriflesing: Titus 2:11 – 3:11; 1 Korinthiërs 6:1-11
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 26**
Teks: 1 Korinthiërs 6:11b
Sing- SAMESANG: Ps.77:8
TYDENS EREDIENS: Ps.102:1; Ps.42:4; Ps. 105:5

Christus het die waterbad van die doop ingestel. Broeder en suster, ons is in Christus gedoop Ons doop kan nooit los van Christus staan nie. Watter voorreg om dit te mag weet, dit wat met ons gebeur het. Paulus verwys ook hierna dat ons met Christus begrawe is deur die doop in sy dood. Christus wat Self gedoop is. Toe Christus na alles uitgeroep het – *Dit is volbring*- Dit is woorde waarin Hy gedoop was. In alles wat Hy moes doen was soos 'n doop wat Hy moes deurgaan. Ons doop is teken en seël van dit wat Christus vir ons beteken, maar ook 'n versekering van dit wat God ingestel het.

Ons word op iets gewys wanneer die teken na ons kom. Daardie *iets* is God se belofte. Die belofte dat die enige offer van Christus aan die kruis jou ten goede kom. Dit wat die Kategismus hier in Sondag 26 doen is om op die man af vir elkeen te vra, nie wat dink jy van die doop of wat is jou gedagte oor die doop van ander mense nie, nee dadelik gaan dit om jou en my wat self gedoop is. Ons eie doop!

Hoe word jy in die heilige doop daarop gewys (en hoe word jy…)daarvan verseker dat die enige offer van Christus aan die kruis jou ten goede kom? Al hierdie vrae uit ons belydenis is met jou en my eie doop besig. Wie hier antwoord gee 'n persoonlike antwoord. Ek moet hier namens myself praat, ek kan nie maar sommer namens almal of maar sommer in die geheel antwoord nie. Dit maak dat die doop wel persoonlik is, maar daar mag ook nie individualisties daarna gekyk word nie. Ons is in die kerk van die Here as gedooptes, nie maar 'n klomp los individue nie. Nee, ons is in gemeenskap met mekaar, daarom 'n gemeenskap van heiliges. Daarom is jou doop persoonlik in hierdie gemeenskap met die heiliges wat nie buite die organiese gemeenskap van gelowiges kan staan nie. Die doop is ingestel vir die gelowiges in hulle geslagte. Ons aanvaar dat die kategismus met gelowiges praat. Dit is alleen die Heilige Gees wat ook deur hierdie sakrament die geloof in ons harte kan versterk.

Die Here weet hoe stompsinnig en swak ons in onsself is. Daarom buig die Here eintlik na ons toe neer om in sy Vaderlike goedheid ons in ons swakheid te help., Saam met die prediking van die Woord is die doop uit en uit teken van die Here se genade en goedheid teenoor ons. Die doop soos die Nagmaal word dan ook genademiddele genoem. Dit laat ons net nog duideliker die kruis van Jesus Christus aanskou. Dit is asof ons deur verskillende kleure vensters na die kruis van Christus kan kyk. Deur die prediking sien jy die kruis op ’n bepaalde manier, maar as jy deur die vensters van die doop na die kruis kyk dan sien jy eintlik hoe het God die doop as ’n bevel vir ons gegee, dit is ’n duidelike opdrag wat nagekom moet word- die doopbevel- *Doop hulle in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees*- MAAR in hierdie opdrag het God ook aan ons ’n belofte gemaak. Nie dat dit alles totaal nuut na ons gekom het nie.

***

Die uitwendige waterbad soos wat ons ook na die doop kan verwys, is in die Ou Testament op die mense buite die Jodedom toegepas. In die sg. proseliete-doop moes ’n heiden voordat hy/sy tot die Joodse godsdiens mag oorkom moes so iemand eers van sy heidense vuilheid gewas word. Dit het die Jode in die OT simbolies met die doop uitgevoer, maar dan kom Johannes die Doper en hy sluit beslis aan by die gebruik van die proseliete-doop maar in die betekenis daarvan kom daar egter nou ’n baie groot verskil. Jode en heidene ontvang nou dieselfde doop, want dit gaan nie meer om in die Joodse godsdiens opgeneem te word nie, maar of jy werklik in God se koninkryk behoort. Wie die koninkryk van God wil beërwe ontvang nou die doop van bekering en vergifnis van sondes.

Wanneer Jesus sy dissipels twee-twee uitstuur ook met die bevel om die mense te doop, dan handel dit nog presies waaroor Johannes die Doper ook gedoop het. Vir eers het Jesus sy dissipels ingeperk dat net Jode, hulle wat in die proseliete doop uitgesluit was, dat net hulle gedoop mag word. Vir eers mag die dissipels nie na die heidene gaan nie (Mat.10:5), maar na sy hemelvaat gaan die opdrag nou na alles nasies toe. Die bekende doopbevel van Matt.28:19 is nou van toepassing. Die doop is nou ’n water-instelling, ’n water-bad vir alles mense wat in Christus glo.

Altyd nog word dit met water bedien, want dit maak nie saak hoeveel water ons van praat, of dit ’n bad vol water is, en of maar net ’n handjievol water nie, want gaan dit om die teken van wat water kan doen, nie oor die hoeveelheid water nie. In die ou tyd was die doop in seker die meeste gevalle met onderdompeling bedien, daar waar ons ook in die Grieks van die doop praat, dan noem hulle dit “baptismos” wat dan letterlik beteken om te onderdompel, om te benat, om af te was. Inderdaad skryf Paulus ook in Rom.6:4 van die simboliese onderdompeling- *Ons is saam met Hom* (Christus) *begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dood opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in ’n nuwe lewe kan wandel.* Tog het ons die hele Woord van God ontvang en net soos wat onderdompeling (baptismos) direk ter sprake kom, kom in die Grieks die woord vir besprinkeling ook direk ter sprake- die woord (rantismos) .
1 Pet.1:2 – *Uitverkore volgens die voorkennis van God die Vader, in die heiligmaking van die Gees, tot gehoorsaamheid en <u>besprinkeling</u> met die bloed van Jesus Christus.*

***

Al twee gebruike dui eintlik op dieselfde betekenis dat afwassing, dat ware reiniging van die liggaam kan alleen deur water geskied en die simbool van water bring ons by die kernwaarheid van die doop. Al die vrae en antwoorde in Sondag 26 het op een of ander manier betrekking rondom die afwassing van sondes. Soos water alledaags sentraal staan in ons lewe, ons kan daarsonder nie lewe nie, so skryf Paulus ook vir daardie gelowiges in Korinthe …*maar julle het julle laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van onse God.* As Paulus praat van *afwas* dan het dit ongetwyfeld betrekking op die doop. Soos wat hy ook vir die Efesiërs skryf dan sê hy in Ef.5:26- *dat Christus die gemeente gereinig het met die waterbad deur die Woord* en in Titus het ons gelees waar Paulus die doop noem *die bad van die wedergeboorte.*

Die wedergeboorte waarvan ons hier lees is ’n verduideliking en ’n versekering dat Christus ons sy belofte gee dat Hy ons in ’n lewe van heiligmaking wil inlyf. Die wedergeboorte soos heiligmaking is in die sin nie aparte gebeure nie, waar wedergeboorte wel die geloof voorafgaan, maar dit tog ook weer daaruit voortkom en ook daarop volg. Dit gaan heeltyd om twee beloftes. God verduidelik aan ons en Hy verseker ons dat die

bloed van Christus is ons regverdiging voor God en die Heilige Gees word aan ons in die lewe van heiligmaking belowe.

Met die bediening van die doop vind daar hierdie wonderlike aanskoulike onderwys plaas. Uit die sigbaar bekende beweeg dit die onsigbare in. God het aan ons water gegee as reinigingsmiddel om in hierdie lewe jou liggaam en jou klere skoon te maak, ja om die wêreldse stof op elke denkbare terrein te bestry, daarvoor het ons water ontvang. Water weet wat dit is om teen stof te stry. In die doop kom die belofte na ons dat in die lewe van die siel vind dieselfde plaas. Sonde maak ons vuil, dit besoedel ons hele lewe, dit tas ons so aan dat dit die dood van die siel kan teweegbring. Om hierdie vuilheid van sonde, hierdie dodelike werking van sonde in die siel te stuit is daar ook ’n redmiddel, soos water die redmiddel vir jou liggaamlike buitekant is, dit was jou buitekant skoon, so was die bloed van Christus jou binnekant skoon. Let wel nie die doopwater was jou binnekant nie, net Christus deur sy bloed kan dit doen, maar die doopwater is teken en seël van Christus se bloed. Hierdie waarheid word elke keer nie net aan ons verkondig wanneer ons die doop bedien nie, maar ons ontvang in die doop ’n teken waarin ons hierdie waarheid ook kan aanskou.

***

Om in die diepte van die betekenis van die doop in te gaan, is om met Christus in sy dood begrawe te word. Daarom het ons reeds gewys op hoe die onderdompeling dit eintlik in ’n watergraf afbeeld, maar so seker soos wat Christus uit die graf opgestaan het, so seker kan ons wat in Christus gedoop is uit die sonde dóód opstaan en met Christus die nuwe lewe ingaan. Elke doop is eintlik ’n herinnering aan ons geestelike melaatsheid. Daardie afkeer wat ons in onsself moet kry om ons reiniging en saligheid buite onsself in Christus te soek. Wanneer die melaatse in die Woord van God van sy siekte genees was (gereinig was), dan was hy/sy verplig om na die priester gaan om aan hom te toon dat hy skoon is en het die priester hom/haar rein verklaar deur ook water op die melaatse te sprinkel.

Die vraag in die Kategismus wat dit presies beteken om met die bloed en Gees van Christus gewas te wees laat ons dit hier met ’n geldnoot verduidelik. ’n Twee-honderd-rand noot is opsigself net ’n stuk papier, daardie papier opsigself het nie veel waarde nie.

Dit is gewoon papier, soos wat water by die doop gewoon maar net kraanwater is, maar nou is so ’n geldnoot se waarde nie dit wat die papier werd is nie, maar die waarde lê in dit wat die geldnoot ’n teken en seël van is. Die waarde lê in wat meer is as net die papier. Dit gaan om die betekenis en die versekering dat hierdie geldnoot gee jou twee-honderd-rand as hierdie papier joune is. As die water van die doop op jou kom, dan is dit maar gewoon water maar dit wat daaragter sit is om met die bloed en Gees van Christus gewas te wees. Dit wat die bloed vir ons beteken, daardie betekenis word deur die Heilige Gees vir ons toegepas. Dit gaan altyd om die bloed en die Gees tesame. Dit is nooit die bloed alleen nie, ook nie die Gees alleen nie. Ons mag dit nie van mekaar skei nie.

***

Hierin kom die Kategismus by wat ons regverdigmaking en heiligmaking genoem kan word. Regverdigmaking het alles met die reg van God te make. Christus wat in ons plek aan die reg van God voldoen. Hy is ons Middelaar en Borg, Hy wat in ons plek staan, Hy reinig ons met sy bloed, dat so skoon soos wat sy lewe voor God is, so skoon kan ons lewe nou in Hom word. Sy bloed bedek ons sonde, dat ons saak voor God geregverdig kan word. Ons het deur die bloed van Christus vergewing van sondes ontvang. Soveel so dat Paulus in Rom.8 vra- *wie kan teen die kinders van God beskuldiging inbring?! Dit is God wat regverdig maak. Wie is dit wat veroordeel?*

Hierdie regverdigmaking staan saam met ons heiligmaking- Soos wat ’n liggaam kan skoon word in die water wat dit reinig, so word ons ook deur die doop vermaan en verplig tot ’n skoon lewe, tot ’n nuwe lewe van gehoorsaamheid. Dit gebeur nie alles eensklaps nie, want ons weet ons lewe lank het ons nog steeds die lewe van daaglikse bekering nodig. Om dinge hoe langer hoe meer te doen, dit is die taal van daaglikse bekering. Die besef van wat dit beteken om gedoop te wees groei in waarde. Dit spoor jou aan van krag tot krag om teen die sonde te bly stry. God gee met die doop die belofte dat Hy my nie sal los nie. Ek is sy kind wat op sy beloftes kan reken. As daardie moeilike tye kom, dae van beproewing en twyfel, hou vas aan jou doop. Vind jou troos en jou versekering dat jy werklik ’n kind van God is, jy is in sy Naam gedoop.

Die feit dat God Self die doop ingestel het, die gawe van God word nou ’n opgawe. Volgens God se wil, sy gebooie, volgens God se Woord moet daar nou gelewe word. Die Kategismus praat van **godvresend en onbesproke** lewe. Onbesproke beteken dat jy lewe dat dit vir God nie meer nodig is om jou te straf nie! In die Nederlandse teks staan daar een **Godsalich onstraffelick leven wandelen…**

Ursinus die opsteller van die Kategismus onderskei in sy verklaring sewe oogmerke waartoe die doop ons vermaan (herinner) en verplig. Dit is (1) ’n publieke getuienis (2) dit roep ons tot plig om God se Naam in alles te bely (3) dit is vir ons ’n teken van ons ingang tot en aanneming in die gemeente (4) dit is ’n kenteken waardeur die kerk van die ongelowiges en heidene geskei word (5) die doop is ’n aanduiding van die kruis wat die kerk in hierdie wêreld moet dra (6) dit is ’n aanduiding van die eenheid van die gemeente…*ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam* (1 Kor12:13) en dan (7) Dit is ook ’n middel en aansporing om ook aan die andere wat die heil in Christus nie ken nie, die evangelie te verkondig.

Dit wat in die Ou Testament was, die proseliete-doop, hierdie gewoon menslike instelling waarin Jode hulleself nie nodig geag het om ook die doop in te gaan nie, dit word deur God omgekeer. Dit word ’n goddelike instelling vir Jode en alle volke tale en nasies dat toe Johannes die Doper die doop van God begin dan geld dit vir die Jode net soveel dat as jy die koninkryk van God wil ingaan dan moet jy eers van al jou sondes gereinig word. Jy moet gedoop word. Die Jode sou moes besef dat in die koninkryk is ons uit onsself niks beter as die heidene nie. Die doop kom nou nie meer uit die mense nie, maar uit die hemel, soos wat dit baie duidelik is toe Johannes vir Jesus gedoop het was dit ’n doop vanuit die hemel…Die doop word in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees bedien. Waarlik God Drie-Enig Hy wat die geloof skenk, in sy Naam ontvang ons die doop. Wie glo en gedoop is sal waarlik gered word. Laat ons daaroor nie twyfel nie, maar net so seker dat die een wat nie glo nie, al is hy/sy gedoop sal verlore gaan. Om gedoop verlore te gaan- hoe verskriklik is dit om net daaraan te dink. Dit is nie dat hulle doop ’n vergissing was nie. Die beloftes aan hulle gemaak is werklik bedoel, maar sulke mense het moedswillig God se beloftes en eise aan hulle

verwerp. Hulle wil daarmee niks te make hê nie. Dan gebeur wat ons bedoel dat iemand in sy eie doopwater kan verdrink, soos die sondvloed rondom Noag ware verdrinking van bondelinge (verbondskinders) was. Omdat gedooptes as hulle nie glo nie, op so moedswillige en openlike wyse God verwerp, is die doop nie gekanselleer nie, maar die doop is juis dan 'n teken van oordeel wat roep om God se verbondswraak. Soos wat ons by die Nagmaal 'n oordeel oor onsself kan eet en drink, so kan jy ook tot jou oordeel gedoop wees as jy die God van jou doop nie in geloof en liefde aanneem en volgens sy gebooie lewe nie. In 2 Petrus lees ons van sulke mense as varke- *'n gewaste sog wat omdraai om weer in die modder te gaan rol* (2 Pet.2:22). Mense soos Esau en Demas, hulle wat die teken en die seël van die verbond ontvang het, maar hulle het hulle daarna van God afgekeer en die wêreld en vir Satan gedien.

Laat ons waarlik besef watter voorreg dit is om gedoop te wees. Daarmee saam watter groot verantwoordelikheid dit teweegbring om ons hele lewe lank aan die betekenis van ons doop te bly vashou. Die wonderlike van die verbond wat ons met God het dit wys in die eerste plek op God se werk en die grootheid van God se beloftes. Om met die bloed van Christus gewas te kon word, maar om ook met die Gees van Christus gewas te wees, dit verseker ons God het my van die sondeskuld verlos, maar ook die sondemag daarvan wil Hy my vrymaak. Christus het ons skuld betaal, maar het Hy ook aan die kruis die mag van die duiwel en van die sonde oorwin. Die Heilige Gees maak dit alles moontlik, maak dat ons deur die geloof in die beloftes van die doop in Christus ingeplant word. Hy in ons en ons in Hom. Wat meer kan ons vra? Daar is niks meer wat ons nodig het as dit wat God sy kinders belowe.

AMEN

Vrae uit Sondag 26

1. Wat beteken dit vir jou om te weet ek is gedoop?
2. Hoe kan ons Christus se woorde van – DIT IS VOLBRING- met sy doop in verband bring?
3. Kan ons uit Sondag 26 maar net sekere standpunte oor die doop formuleer en aflei of gaan dit om 'n baie meer persoonlike vraag wat hier aan die orde moet kom?
4. Is dit nodig dat die doop in die gemeente (in die gemeenskap van die heiliges) bedien moet word? Motiveer.
5. Mag die bediening van die doop sonder die bediening van die Woord plaasvind?
6. Watter doop het daar in die Ou Testament bestaan?

7. Hoe verskil daardie doop van die doop soos in die Nuwe Testament aan ons beveel?
8. Is dit verkeerd om mense in die bediening van die doop te onderdompel? Is daar enige verskil om met die doop onderdompel te word of met water besprinkel te word?
9. Wat bedoel ons as ons sê dat die doop ’n *teken* en ’n *seël* is? Waarvan is die doop ’n teken en ’n seël?
10. Hoekom word die doop met water bedien? Is die doop meer spesiaal as ek met water uit Israel (Jordaanwater) gedoop kan word?
11. Noem die sewe dinge wat Ursinus (opsteller van die Kategismus) beskryf het waaraan sy doop hom herinner (vermaan).
12. As jy gedoop is, is dit ’n waarborg dat jy waarlik sal glo?
13. Wat gebeur as gedooptes nie gelowiges is nie? Is die beloftes van die doop dan maar net uitgekanselleer?
14. Hoe lank is die betekenis van die doop op jou lewe van toepassing?




71. Waar het Christus ons belowe dat Hy ons net so seker met sy bloed en Gees wil was as wat ons met die doopwater gewas word?
Met die instelling van die doop, wat soos volg lui: *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees* (Matt. 28:19)
en: *Hy wat glo en Hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word* (Mark 16:16)
Hierdie belofte word ook herhaal waar die Skrif die doop *die bad van die wedergeboorte* en *die afwassing van die sonde* noem (Tit. 3:5; Hand 22:16)

Skriflesing: Markus 10:1-16; 1 Petrus 3:15-22
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 27**
Teks: 1 Petrus 3:21, Markus 10:15-16
Sing- SAMESANG: Ps 34:6
TYDENS EREDIENS: Ps 147:5; Ps 105:5,21; Ps.128:3;

In Sondag 27, broeder en suster, moet ons klein kindertjies voor ons sien, waarlik hulle is nog klein, maar die geveg oor hulle is nie klein nie. Dit is en was nog altyd ’n groot geveg of klein kindertjies gedoop mag word of nie! As ons praat van ’n geveg dan moet ons in Sondag 27 eintlik van twee gevegte praat. Twee verkeerde sieninge wat bestry moet word. Albei hierdie verkeerde siening was al in die reformasie van die 16de eeu, ja Calvyn en Luther, Ursinus en Olevianus (opstellers van die Kategismus) het teen die dwaalleer van die Roomse kerk moes stry, maar terselfdertyd was die stryd ook teen die Wederdopers (hulle wat die leer van die kinderdoop verwerp!) net so fel.

Die Roomse kerk is van oortuiging dat die oomblik wanneer die woorde van EK DOOP JOU IN DIE NAAM VAN DIE VADER EN DIE SEUN EN DIE HEILIGE GEES uitgespreek word- op daardie oomblik verander die doopwater in water wat werklik die sondes afwas. Daarom is die Roomse ook van oortuiging dat as ’n kindjie ongedoop sterwe dat hy/sy nie waarlik gered kan wees nie. Sulke kindertjies verkeer in ’n soort van ’n tussentoestand, wat maak dat hulle nie die hemele kan inkom nie. Hierdie beskouing van die Roomse kerk wil te kenne gee dat die doop sonder die geloof alreeds sondes kan afwas. Solank net die water in God se Naam bedien word dan gebeur verder alles outomaties. Die noodsaak van die geloof word geheel en al uitgeskakel. Terwyl ons weet dat dit eintlik juis oor die geloof gaan. Ons kan die geloof nie uitskakel nie, nog minder mag ons die werk van die Heilige Gees uitskakel, soos wat die uiteinde van die Roomse kerk se opvatting dan ook is.

***

Rome oorskat geheel en al die betekenis van die doop asof die doopwater opsigself in staat is tot die afwas van die sondes, maar nou aan die ander kant het die Anabaptiste (Wederdopers) geen sin en waarde wat aan die kinderdoop geheg kan word nie. Hulle onderskat weer heeltemal van die ander kant dit wat ons glo die doop vir kindertjies beteken. Vir hulle mag die doop eers bedien word as jy in jou geloof reeds volwasse is en as jy hierdie geloof kan bely dan éérs kan jy gedoop word.

Dit laat ons besef, broeder en suster, nie die Roomse nie, ook nie die Anabaptiste het net ’n verkeerde beskouing oor die doop nie, maar die probleem begin eintlik met ’n verkeerde beskouing oor die kerk.

Die kerk van God, die gemeente van God is ’n gedoopte gemeente. Dit moet ons vanuit die staanspoor besef. Wanneer ons die vorige Sondag terugroep dan het ons bely toe Christus gesê het- DIT IS VOLBRING, dan is Hy ten volle onderdompel aan die kruis ook in wat sy doop was. In alles wat Christus moes deurgaan is soos ’n doop wat Hy moes deurgaan. Deur die doop in sy dood is ons gedoop. En nou staan ons by Sondag 27 en ’n kindjie word in die midde van God se gemeente gedoop, maar dit gaan nie maar net om die doop van daardie kindjie nie. Die kindjie is nie maar ’n individu wat alleen hierdie wêreld ingekom en wat in niks deel het nie, en wat homself/haarself nou eers in hierdie vereniging (hierdie besigheid) wat hulle kerk noem moet kan bewys nie.

Die kerk is nie organisatories ’n vereniging waarin ons oor die besigheid van die doop handel nie, maar die kerk is alles behalwe organisatories ’n besigheid, nee die kerk is organies volk van God. Dit is soos ’n wingerd waarvan die lote uit die stam (uit Christus) groei en wat daar nog klein lote is, maar die grotes wat moet vrug dra is ook reeds daar. Deel van die groot lote is nie net om druiwe voort te bring, maar om ook die lote wat weer daaruit groei in groei tot nog meer lote en meer vrug te dien. Dit maak die kerk ’n gemeenskap, (DIEN –GEMEENSKAP) en is ons saam, groot en klein gemeenskap van God, volk van God, in Christus waarvan Hy ons sy eiendom gemaak het, selfs nog voor ons gebore is. In Hom reeds uitverkies. Wie die kinderdoop verwerp, verwerp in wese die troos van die uitverkiesing! Dit gaan in die doop reeds om die troos van God se verkiesende genade.

Om in die gemeente van God gedoop te word is om te deel in ’n volle gemeente wat reeds gedoop is. Dit wat reeds gebeur, ’n gemeente wat reeds gedoop is, dit maak ons ’n gedoopte gemeente, broeder en suster, daarin lê die diepe betekenis van elke kindjie wat dan nou ook in so ’n gemeente gedoop word. Om te deel in wat die ander reeds in

Christus is! Om V/A 73 hier ons eie te maak is om te besef die hele gemeente moet die bad van die wedergeboorte, dit waarin ons onderdompel moet word voor ons werklik die afwassing van die sondes kan bely is waaroor dit gaan.

Daardie verlamde man daar by die barmhartigheidshuis- Bethesda- ons lees in Joh.5 hy het al 38 jaar lank daar gelê. Al beteken Bethesda bad en huis van barmhartigheid is dit vir hierdie man ’n totaal ander bad, ja dit is vir hom al vir baie lank ’n huis alles behalwe van barmhartigheid, want niemand is daar om hom eerste die water in te help as die engel die water gedraai het nie. Die betekenis van daardie wonderhuis het vir hom self geen betekenis nie, tot die dag wat Jesus hierdie huis sy eintlike betekenis gegee het. Jesus het die man hande en voete gegee dat Hy werklik God se barmhartigheid nie net by Bethesda nie, maar vanuit Bethesda sy hele lewe met hom kan saamdra. Vanuit jou en my doop, gee God ons sy barmhartigheid wat ons nou in heel ons lewe met ons verder moet kan saamdra. Die betekenis van die doop vir jou en my, en ook die doop van ons kinders gaan oor geweldige realiteite omdat dit in sulke geweldige groot beloftes vasgemaak is. Watter wonderlike realiteit om ’n gedoopte gemeente te wees, om in hierdie Bethesda, hierdie huis van God se barmhartigheid saamgebind te wees, midde-in ’n harde, ongenaakbare, onbarmhartige wêreld wat alles behalwe aan ons en ons kinders enige barmhartigheid sal wil bewys.

Om hierdie dinge te verstaan, soos ons dit uit die Kategismus hoor, is alleen moontlik as ons die verbond van God verstaan. Ook wanneer die doop die bad van die wedergeboorte genoem word, dan word daar oor die doop eintlik iets groot geopenbaar. In hierdie bad, dit wat God se beloftes laat saamvloei, vloei alreeds die baie duidelike teken van Christus se bloed. En in die bad van die wedergeboorte word ons geleer, al kan ’n klein kindjie dit nie verstaan nie, dat die bloed en die Gees van Christus is ons in alles vóór!

In die teken van water voor ons is die bloed en die Gees van Christus in staat om ons sondes so weg te neem so seker as wat water die vuilheid van die liggaam kan wegneem. ’n Kindjie hoef nie die werking van water te verstaan, voordat die werking van water vir hom/haar ’n werklikheid sal wees nie. ’n Babatjie wat sy eerste bad kry deel al in die

volle werking van water al verstaan hy/sy daar nog niks van nie. Dit is wat die verbond in wese belowe om te deel in wat jy jouself nie by kon indeel nie.

Die water by die doop is nie net ’n SO SEKER-teken nie, dit is méér as dit! Dit is ook ’n seël, wat eintlik ’n waarborg is, ja ’n VERSEKERING dat ons werklik geestelik van ons sondes kan skoon kom, en dat ons werklik geestelik van ons sondes gewas is, as wat ons liggaam uitwendig met water gewas word.

Om in die verbond van genade te behoort, is om deelagtig te word van dit wat ek alles behalwe myself by kon indeel. Nie eers die sterkste, slimste en grootste mens kan hom/haar self outomaties indeel en laat deel in die liggaam van Christus nie. Om deur die doop in die dood van Christus begrawe te word, dit waarsonder die wedergeboorte nie kan plaasvind nie, is om te weet kindertjies kan net soveel deel aan die liggaam van Christus verkry as wat groot mense reeds hulle deel ontvang het. Christus maak dit Self baie duidelik in wanneer Hy na kindertjies gaan, van hoe Hy aan hulle wil behoort, want hulle behoort aan Hom! Art. 34 van die Nederlandse Geloofsbelydenis maak dit vir ons baie duidelik dat Christus het sy bloed nie minder vir kinders vergiet as vir volwassenes nie, en daarom kan daar ook nie afgelei word dat vir kindertjies om in die bloed van Christus van hulle sondes gereinig te word, dit wat die doop tog beteken, dat dit vir hulle nou minder moontlik sou wees. Uit die krag van die genadeverbond behoort kindertjies net soveel as die volwassenes tot die verbond. Daar is geen krag uit onsself, groot of klein waarmee ek myself by die verbond kan inlyf nie. Alles, maar alles is net God se genade, daarom die naam GENADEVERBOND.

Die Here het nog altyd kinders in sy verbond betrek. Die verbond van Abraham af bevestig dit van kind tot kind. Hierdie genadeverbond is terselfdertyd ’n ewige verbond. Die doop van ons kindertjies wat eintlik net kon plaasvind omdat daar ’n besnydenis in die Ou Testament was. Die doop kom in die plek van die besnydenis, want lees ons so duidelik van die verband tussen verbond en besnydenis in Genesis 17. Daardie litteken aan die geslagsdeel van ’n seuntjie, die mees kwesbare plek, waar die voorhuid afgesny is, is dit met ’n skerp mes gedoen. Dadelik by die uitvoer hiervan het bloed gevloei. Die

mes wat so kwesbaar op die kindjie insny is ’n baie duidelike teken dat die kindjie uit homself nie verdien om te lewe nie. Ons is in sonde ontvang en gebore. Ons verdien nie om by die verbond ingelyf te word nie, so seker soos wat daardie deeltjie van die seuntjie van hom losgesny en weggegooi word, so verdien ons om eintlik weggegooi te word.

Maar in die bloed wat daar vloei straal daar al uit die bloed wat die verlossing in Christus afstraal. Die bloed van Christus wat die volle prys sou betaal waarvan elke besnydenis maar net ’n teken van was dat daar met bloed betaal sal moet word. Terselfdertyd was die besnydenis ’n merkteken, ja ’n litteken wat die seun en die man en in sy geslagte elke man met sy vrou elke dag sou herinner dat dit wat in my vlees gebeur het dat God met hierdie sakrament van die besnydenis baie groot erns maak. Die geskiedenis waar Moses se seuns aanvanklik onbesnede was, wys hoe ernstig is God oor hierdie teken en seël dat Moses daardie nag met sy lewe sou betaal as sy seuns nie dadelik besny sou word nie. God wou vir Moses doodmaak leer ons uit die Skrif. Die Here weet baie goed dat hoe kan Moses binnekort die tweede sakrament, die Pasga met hom instel, maar Moses is self die man wat die eerste sakrament verwaarloos. God is oor sy sakramente, oor sy instellinge nog altyd baie ernstig gewees.

Ons moet natuurlik nou nog die kloutjie by die oor bring van hoe die besnydenis die doop van kinders kon word! Nêrens staan daar pertinent in die Nuwe Testament dat kindertjies gedoop moet word nie, en tog is dit so duidelik dat sakramente sal nie verval nie. Dit sal ’n gelowige weet waar dit gaan om die tekens van God se beloftes en genade dit nie sal verval nie, die Here sal dit net nog ryker en voller maak. Dit is presies wat die doop in die plek van die besnydenis doen. Kolossense 2 beskryf die heerlikheid van Christus en in hierdie heerlikheid word daar ’n onmiddellike en ’n mildelike verband tussen die besnydenis en die doop gelê. Die doop word dan die besnydenis in Christus genoem, want word ons nou, soos dikwels genoem, in die doop met Christus begrawe, en daarom is die besnydenis wat werklik in Christus gebeur dit wat nie met mensehande gedoen kan word nie, nl. die besnydenis van die hart. Van hierdie besnydenis van die hart is die doop met water ’n teken en seël van God se beloftes…dit wat word die bad van die wedergeboorte.

Hoe verskriklik as ons hierdie dinge so voor die Here bely om die wederdopers oor die kinderdoop te hoor praat as maar sommer ’n hondedoop. Bedoelende as ’n hond uit die water kom dan begin hy dadelik die water van sy lyf af te skud om dan weer verder te gaan. So sê hulle gebeur ook met die kinderdoop. Dit is maar net ’n uitwendige handeling. Hulle glo nie dat die doop van kindertjies met geloof kan geskied wat hierdie belofte dan in die doop ten volle kan aanneem nie. Die wederdopers wil eenvoudig hulleself leer omdat kindertjies nog nie werklik kan glo nie, daarom mag hulle nie gedoop word nie. Die leer en die versekering wat die Here ons rondom sy Beloftewoord gee wil hulle nie insien nie, hulle wil nie verstaan dat kinders is net so deel van God se gemeente soos volwassenes, nog minder dat ’n gemeente ’n gedoopte gemeente moet wees nie. Hulle kyk individualisties net van mens tot mens, want die gebrekkige verbondsbeskouing maak dat daar na die kerk as verbondsgemeenskap net so gebrekkig gekyk sal word.

Watter voorreg het ons ontvang om die betekenis van die doophandeling nie te oorskat soos die Roomse kerk nie, maar om ook nie die doop van kindertjies te onderskat soos die dwaling van die Wederdopers nie, maar laat ons dit wat die NGB in Art.34 sê mooi en duidelik ons eie maak- …**dat die Here in die plek van die besnydenis die sakrament van die doop verorden het, waardeur ons in die Kerk van God ontvang word en van alle ander volke en vreemde godsdienste afgesonder word om geheel en al sy eiendom te wees en sy merk en vaandel te dra; en dit is vir ons ’n getuienis dat Hy tot in ewigheid ons God sal wees en ons genadige Vader…**God het nog altyd by die doop, oor die doop en in die doop gespreek. By die doop staan dit voorop dat die Naam van God oor die een wat gedoop word uitgespreek word. Soos die hele volk in die Ou Testament in Moses gedoop is. Dit staan dat die volk is in Moses, in die wolk en in die see gedoop. Nou gebeur dit in Christus. Hy die Koning wat nie sonder onderdane sal wees nie, en juis is die kinders deel van wat die onderdane sal wees.

Hoe het Christus juis die kindertjies na Hom toe laat kom, daardie oomblikke wanneer grootmense gedink het hulle is met al te groot en belangrike gesprekke besig dan moet die kinders tog nie naby kom nie. Op ’n dag het van Jesus se dissipels met Hom oor ’n

baie ernstige onderwerp wou praat, nl. oor die egskeiding. Hulle vra of egskeiding enigsins mag plaasvind en wel dan op watter gronde. ’n Gesprek waar baie mense sou sê hier moet nou nie kinders by wees nie. Tog is dit so ironies toe die grootmense die gesprek op sy mespunt wou begin plaas, toe op daardie moment kom daar skielik kindertjies daar wat die ouers wou hê dat Jesus hulle kindertjies moet aanraak.

Hoekom, is dit maar toevalling?! Nee, broeder en suster. Die dissipels vind dit natuurlik baie steurend, want hulle het dan juis nou hierdie groot gesprek met Jesus aangehad waar die kinders nie moet by wees nie. Hulle wil dat die kinders weggestuur moet word en op ’n meer geskikte tyd moet kom. Jesus laat dit nie toe nie, want wanneer die mense dink hulle is nou te ernstig vir wat die kinders aangaan, dan wys Jesus juis wanneer Hy met die ernstigste dinge in sy lewe besig is, nl. die koninkryk van God dan moet daar na die kindertjies gekyk word. *Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele…*

Sondag 27 bring ons by die punt wat wanneer ons by die betekenis van die doop kom staan, dit geld vir ons en ons kinders en ons begin oor die doop te praat, dat ons eintlik in die doop moet inbeweeg. In die skool waar juis ons kindertjies die eerste en grootste deel van hulle lewe is, hoe belangrik tog dat juis daar in die doop inbeweeg moet word. In die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees is hulle gedoop, dit is nie maar net oor hulle uitgeroep nie, maar God bind Hom in sy Naam waar God Homself in die rykdom van sy beloftes maar ook in die strengheid van sy eise oor die kind uitstort. In die wolk, in die see, in Moses het God dit reeds gedoen, reeds was die volk in die Ou Testament so in Moses gedoop. Ons wat in Christus gedoop is, ons het die besnydenis van Christus, dit is hoe Paulus die doop noem. Laat ons die lammers van God in die verlengstukke van die verbond, in die verlengstukke van die doop, nl. in ons huise, in die kerk en in ons skole na behore laat wei, waar dit God is wat sê- hoe besonder sê God dit in die doop- LAAT MY LAMMERS WEI.

AMEN

Vrae uit Sondag 27

1. Watter groot “gevegte” moet ons in Sondag 27 in gedagte hou?
2. Wat is die Roomse kerk se opvatting?

3. Wat glo die Anabaptiste (Wederdopers) m.b.t. die doop?
4. Wat verstaan jy onder die besef dat die gemeente van God ’n *gedoopte gemeente* is en moet wees?
5. Waarom noem die Heilige Gees die doop die **bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes?**
6. Watter troos gee die gebeure by Bethesda vir jou (Joh.5) as jy daarin ook die betekenis van om in Christus gedoop te wees kan raaksien?
7. Wat is die belangrikste woord as ons oor die doop begin praat? G_ _ AD_V_RB__D
8. Van waar strek hierdie verbond? Waar sal die verbond eindig?
9. Wat het byna die een nag met Moses gebeur?
10. Watter belangrike deel in die NGB handel oor die doop?
11. Watter verwysing gee die NGB oor Paulus in wat hy die doop noem?
12. Verduidelik die betekenis van die besnydenis en watter verband het die besnydenis met die doop?
13. Watter besondere plek het kinders by Christus op aarde ingeneem? Gee ’n mooi voorbeeld.
14. Is dit vir ’n skool belangrik om ook in die betekenisse van jou doop in te beweeg?

SONDAG 27




73. Waarom noem die Heilige Gees die doop dan die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes?
God sê dit nie sonder gewigtige rede nie
Hy wil ons daarmee leer
Wat?
dat die bloed en Gees van Christus ons sonde só wegneem
Hoe?
soos die water die vuilheid van die liggaam wegneem
Hy wil ons deur hierdie Goddelike waarteken veral verseker
Waarvan?
dat ons net so werklik geestelik van ons sondes gewas is
Hoe seker?
as wat ons liggaam uitwendig met water gewas word


74. Moet die jong kinders ook gedoop word?
Ja!
Hoekom?
Want hulle is net soos die volwassenes ingesluit
Waarin?
in die verbond van God en sy gemeente
Want ook aan hulle word, nie minder as aan die volwassenes nie, belowe
Wat?
deur die bloed van Christus die verlossing van sondes
die Heilige Gees wat die geloof werk
Daarom moet hulle deur die doop as teken van die verbond
in die Christelike kerk ingelyf word
en van die kinders van die ongelowiges onderskei word
In die Ou Verbond is dit so gedoen deur die besnydenis
In die Nuwe Verbond moet dit so gedoen word omdat die doop in die plek van die besnydenis gekom het

<u>Skriflesing:</u> Markus 14:12-26; Johannes 6:53-59
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 28**
Teks: Johannes 6:54
Sing- SAMESANG: Ps 27:1
TYDENS EREDIENS: Ps 104:1,8,9; Ps 107:2,4; Ps 133:1,2

In Sondag 28, broeder en suster, is Sondag 20 nog steeds deel van die kern van alles. **Wat glo jy van die Heilige Gees?** Die Heilige Gees en ons heiligmaking is waaroor dit alles gaan, maar opnuut besef ons dat ons nie in die heiligmaking opsigself glo nie, soos wat ek nie as ek van God die Vader en sy skepping praat, ek op die skepping alleen kan vertrou of wanneer God die Seun en ons verlossing ter sprake kom ek in die verlossing glo nie, maar ek glo in God die Vader wat skep en die Seun wat verlos. By die instelling en viering van die Nagmaal waar die Heilige Gees en ons heiligmaking voorop staan dan glo ek ook nie in die Nagmaal en die heiligmaking as sodanig nie, maar in die Nagmaal vertrou ons op God die Heilige Gees wat ons heilig. Die Nagmaal het nie ’n werking as sodanig nie, maar ons glo in God wat hier werk. Ons glo nie in die sakramente nie, maar ons glo in God die Heilige Gees wat deur die sakramente werk.

Ons gaan in hierdie Sondag die genademiddel nl. die Nagmaal alleen kan verstaan as ons besef dit is God wat hierdie genademiddele gee en ook deur hierdie middele werk. Die Woord en die prediking van God se Woord kan van die Gees nie losgemaak word nie en daarom kan die bediening van die Woord ook nie vir ’n oomblik van die sakramente losgemaak word nie. In V/A 69 was die vraag by die eerste sakrament die doop hoe **jy in die heilige doop daarop gewys en daarvan verseker kan (word) dat die enige offer van Christus aan die kruis <u>jou ten goede kom?</u>** Nou vra V/A 75 ’n soortgelyke vraag maar tog met ’n baie interessante verskil hier na die einde toe- **Hoe word jy in die heilige Nagmaal daarop gewys en verseker dat jy van die enige offerande van Christus aan die kruis en aan <u>al sy weldade deel het?</u>**...As die doop bedien word dan kom dit jou ten goede, maar by die Nagmaal is dit u en ek wat aktief in die weldaad kan deel.

By die doop kom dit na jou toe, dit kom jou ten goede, jy wat geheel nog passief was, maar by die Nagmaal gaan dit nou ’n ent verder. Daar staan jou en my se aktiewe deelname in geen passiewe vorm meer nie. Ons kry gemeenskap aan die liggaam en

bloed van Christus deur wat onsself aktief mee besig is en wat ons moet weet wat ons doen. Om in gemeenskap met Christus en sy offer te tree, om daarin te deel, is nie meer jy wat na die doopvont gedra moes word en daar is nie ouers wat jou laat doop het nie, maar jy moet self jou plek aan die tafel van die Here inneem en jy moet self die brood neem en uit die beker drink. So kry ons deel aan al die skatte, dit wat ons as kerk in Sondag 21as gemeenskap van die heiliges bely het en bymekaar gebring het dat **almal saam en elkeen afsonderlik as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het** (vgl. V/A55). Ons kan ook dink aan al die ander skatte en gawes, nl. die vergewing van sondes (ook Sondag 21), maar ook die ewige lewe (Sondag 22). Deur die Nagmaal kry ons nou ook deel aan al daardie skatte en gawes wat nou reeds in die belydenis ons uitgedeel is.

Dit maak dat die Nagmaal, soos ons weet dat Christus dit ook Self ingestel het, vir ons nog altyd besonder sentrale betekenis moet verkry. Dit is Christus Self wat in die middelpunt staan, Hy het dit ingestel, Hy is die Een wat sy beloftes ons skenk, ons tree in gemeenskap met Christus wanneer ons die Nagmaal vier. Vir geen oomblik is die Nagmaal deur mense bedink en ingestel nie. Paulus wat nie eers teenwoordig was die nag toe daar vir eerste keer Nagmaal gevier was nie, selfs hy maak dit baie duidelik dat hy nie maar by die dissipels van hierdie instelling gehoor het nie, maar sê hy dit reguit- *Ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het…*Christus het vir Paulus ook self onderwys, al was Christus toe reeds opgevaar. Christus het Hom aan Paulus geopenbaar in dit wat hierdie besondere onderwysing moes wees. Dit sou vir Paulus duidelik gemaak word waar die Nagmaal vandaan kom toe die Here juis in die nag waarin Hy verraai is die Nagmaal ingestel het. Die vyande het rondom Hom gewoed, Judas het op die punt gestaan om Hom te verraai, maar juis op daardie stadium het Jesus sy werk in die Nagmaal laat saamtrek.

Ons weet Hy was besig om saam met sy dissipels die paasfees te vier wat ook ’n maaltyd was. Daar is die lam wat geslag moes word reeds op die tafel, terwyl Christus geen geheim maak van Hy is nou die Lam wat geslag gaan word. Die offer wat daar gaan wees is Hy wat dit moet bring om ons met God te versoen. Omdat Hy aan dit alles

voldoen het, daarom is daar versoening met God. Ons kan nou op grond van hierdie afgehandelde offer in gemeenskap met Christus tree. Christus gee die teken daarvoor- dit waarop ons gewys word- maar weereens gee Hy ook die seël (dis'n waarborg, 'n versekering, 'n belofte) dat jy aan die enige offerande van Christus aan die kruis deel kan kry, en dat ek nie net in die offer deel nie maar ook aan sy weldade deel kry.

Dit word soos 'n groot skildery wat ons voor ons geestesoog moet sien. Die Here teken self die volle prentjie en wat ek sien is dat wanneer die brood gebreek word en ek sien die brood en die breking daarvan dat die Here Homself vir my gebreek het en wanneer die wyn in die beker gegiet word dat sy bloed vir my gevloei het. Sy liggaam is aan die kruis geoffer en gebreek en sy bloed is vir ons gestort. Elke keer met die SO SEKER daarby.

Daarom elke keer as ons Nagmaal vier dan gaan dit daaroor dat Christus dit Self beveel en ingestel het. Deur die Nagmaal kry ons deel aan die beloftes van die Here. Ons kom in gemeenskap met Christus Self. V/A 77 is in hoofsaak met die Nagmaal as instelling besig. Daar is 'n hele aantal Skrifgedeeltes waarin Christus baie duidelik die Nagmaal vir ons moontlik gemaak het. Die Pasga was daar in daardie bo-vertrek gevier, ook toe dit spesiaal vir Christus en sy dissipels voorberei was. Ons weet dat die Pasga het die groot gebeurtenis van Israel se verlossing uit Egipte in herinnering gebring. Van die begin af op die eerste pasga-tafel is daar 'n lam wat geslag was waarvan geen been gebreek mag word nie. Die bloed van die lam is ook aan die kosyne van die deure gesmeer. In die nag daar in Egipte sou al die eersgeborenes sterwe as hulle se huise sonder hierdie bloed bevind word.

Dit is eintlik vir ons duidelik dat al hierdie gebeure heenwys na wat sou kom. Die ware Paaslam wat geslag sou word is Christus Self en dit op 'n wyse wat baie groter verlossing sal bewerk as die verlossing van Israel uit Egipte. Al die skaduwees uit die Ou Testament word nou harde werklikheid. Christus laat die Pasga oorgaan in die Nagmaal as Hy Self vir sy dissipels tydens die Pasga sê – *Dit is my liggaam wat vir julle gebreek word* EN DAN OOK- *Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed.* As Jesus net die volgende dag na Hy hierdie woorde uitgespreek het gekruisig word dan sou dit alles wat vir hulle

verduidelik is voor hulle sien gebeur. Soos wat hulle nooit God se verlossing uit Egipte sou kon vergeet nie, so kom daar nou ’n ander Egipte wat nie vergeet kan word. Om uit die slawehuis van die sonde uitgelei te word deur wat Christus se dood vir ons beteken kan en mag nooit deur sy kerk vergeet word nie. Christus beveel dit dan ook by die gebruik van die Nagmaal baie duidelik- *Gebruik dit (doen dit) tot my gedagtenis* (1 Kor. 11:24).

Hierdie bevel by die Nagmaal in hoe Christus dit beveel hang ten nouste saam met wat die betekenis daarvan ook vir ons moet wees. Dit is nie maar ’n saak wat aan die willekeur van mense oorgelaat kan word nie. Tog moet ons as mense juis besef ’n Nagmaalsdiens is nie belangriker as ’n ander erediens nie. Ons moet wegkom van die skynheiligheid wat maak dat as daar Nagmaal gevier word dan is die kerk baie voller as by ander geleenthede. As die bediening van die Woord nie vir iemand prioriteit is en absoluut ’n saak van erns is nie, dan kan die bediening van die Nagmaal ook nie vir hom erns wees nie. Daar kleef ’n groot stuk bygelowigheid aan wat so iemand onder die Nagmaal verstaan.

Dit sluit alles aan by wat Calvyn ook aan ons wou duidelik maak. Calvyn het gesê dat ons hele ryke belydenis rondom die Nagmaal beheer moet word deur die vaste oortuiging dat daar geen gemeenskap is met die weldade van Christus sonder gemeenskap met die Persoon van Christus nie. Niemand van ons kan roem in die vergewing van sondes en die ewige lewe wat nie met Christus persoonlik verbonde is nie. Dit laat ons by die bevel om Nagmaal te vier dadelik die belofte van God daarmee saamlees. Die belofte staan eintlik in huwelikstaal geskrywe. Toe Adam Eva ontvang toe verklaar hy dat sy nou eintlik been van my gebeente en vlees van my vlees geword het (Gen.2:23). Hierdie mees intieme band tussen Adam en Eva word dan oorgedra as Christus sy verhouding tot sy gemeente uitdruk. Ef.5:32 wys op hierdie geheimenis wat Paulus sê groot is, maar dit gebeur alles met die oog op Christus en sy gemeente. Daardie mees intieme band, daardie noue band wat Adam met Eva ontvang, wys ook op dieselfde noue band wat die Heilige Gees in die Nagmaal na heenwys as die Gees met Nagmaal die band tussen u Heiland in die hemel met ons hier op aarde vasmaak. Die Heilige Gees werk in die Nagmaal. In Sondag 25

het ons reeds baie duidelik wou bely hoe die Gees deur die sakramente werk. So naby, sou intiem wil die Heilige Gees by die Nagmaal u met Christus verenig dat jy vlees van Christus se vlees en been van Sy gebeente kan word. Ons belydenis voeg hieraan toe dat so wil die een Gees in u lewe leef en regeer. Dit word vergelyk met hoe die ledemate van die liggaam deur die een siel ewige lewe en regeer word.

Tussen vraag 75 en vraag 76 se antwoord word ons tot nog groter oorgange gebring. Waar V/A 75 nog antwoord in die ekv. van hoe dit met jou en my individueel gebeur word dit in V/A 76 baie duidelik dat Nagmaal het meer as net hierdie besonder persoonlike betekenis want dit gaan ook om die feit dat ONS Nagmaal vier. Saam as gemeente, as deel van die liggaam van Christus word ons tot een liggaam met Christus verenig, soos hierdie brood en wyn ook een word met die liggaam, nie meer brood en wyn apart, maar saam word dit opgeneem. Daarom breek ons die ek-gerigte individualistiese benadering sommer alreeds van buite af deur gemeenskaplik van een brood te eet, gemeenskaplik uit dieselfde beker te drink (nie uit kelkies nie!), want ons kry nie een-een deel aan Christus nie, ons kry deur gesamentlike verbondsgemeenskap deel aan Christus, soos wat Hy, wat Christus is, hierdie gemeenskap met Hom beveel en moontlik maak.

Die Nagmaal sny dus baie diep in ons lewens in! V/A 76 is eintlik so ryk aan beloftes wat in hierdie maaltyd met Christus vir ons oopgemaak word. Wie dit met ’n gelowige hart aanneem en so van die brood eet en van die beker drink word in die lyde en sterwe van Christus so met Hom verenig dat sy liggaam en sy bloed in my liggaam en bloed opgeneem word. Dit is sy liggaam en sy bloed wat werklik ons liggame inkom. Soos Paulus dit rondom die huwelik ’n geheimenis noem, om vlees van mekaar te word, so is dit niks minder ook hier ’n geheimenis waar dit om die groot beloftes van die Nagmaal handel nie. Ons deel eenvoudig daarin.

Al kan ons eenheid as kerk nie altyd gesien word nie. Nagmaal laat dit sien waar ons hier as kinders van God eintlik soos in één groot gesin kan saamkom, elke keer wanneer ons Nagmaal vier. Christus wil dit ons uit die planteryk duidelik laat sien. Wie nie waarlik ’n

oog het vir hoe dit buite in die natuur gebeur nie en die betekenis van die plante in die skepping nie raaksien nie, sal in die Nagmaal 'n groot gemis ervaar. Soos uit baie graankorrels een meel gemaal en een brood gebak word, so wil die een Gees gelyk die lede van die liggaam deur één siel ewig laat leef en regeer. Vir 'n koringkorrel om meel te kon word moes dit breek en weereens gebreek word, dit word gemaal, dit val in die grond daar sterf dit, die plant daaruit word die are met die stroper of seker afgesny, weer word dit gebreek as dit gemaal word, dit kom in 'n vuurwarm oond as dit gebak word, weer word dit gebreek as die tande daarop byt om dit te eet. Hoe duidelik sien dit alles op die pad wat Jesus gebreek en gebreek moes word om vir ons die geregtigheid te verkry. Dieselfde met daardie slukkie wyn, daar is 'n druiwetros wat gesny moes, korrels wat gebreek word wanneer dit gepars word, en die chemiese afbreek om by wyn te kom is nog net 'n fynere afbreek en afbreek.

Al hierdie betekenisse hang ten nouste saam met die nog diepere belofte dat ek uit die Nagmaal weer die lewe kan ingaan. Ons kry die nodige krag om met ons gewoon aardse lewe aan te gaan om juis ons godgegewe roeping te vervul. Dit hou aan en aan, Nagmaal word herhaal juis met die oog op die ewige lewe. Ons het so nodig om in die geloof versterk te word en op die pad van daaglikse bekering voort te gaan dat die lewe van heiligmaking my naby sal wees tot elkeen uiteindelik die ewige lewe kan binnegaan.

Die Nagmaal wat deur die geloof geëet en gedrink word, dit wat eintlik weer die geloof in ons wil bevestig, laat ons deur ons gemeenskaplike Nagmaalviering sy liggaam eet en sy bloed drink. In hierdie gemeenskap van geloof eet ons sy brood om sy liggaam in te kom, sy wyn om sy bloed oor ons te bring. Dit gaan werklik om die belofte van Jesus Self in Joh.6:54 – *Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dae*…Waar ons dikwels onder ons sondes swaar ly en ek sien soos Dawid my sonde gedurig voor my vgl. Ps.51:5 waar Dawid sê – *My sonde is altyddeur voor my*…Juis dan is die Nagmaal daar om my as sondaar te verseker al my sondes is versoen. Christus se liggaam is gebreek en sy bloed vergiet tot 'n volkome versoening vir al ons sondes (vgl. Ps.103:12).

Die Heilige Gees wat ons al hierdie dinge wys en ons van al hierdie dinge verseker is dieselfde Gees wat dan met jou en my die verdere lewe ingaan. Om in die geloof versterk te kon word waar God juis die Nagmaal gegee het vanweë die swakheid van ons geloof. Ons wil met elke Nagmaalviering voor die Here erken dat ek so nodig het om in die kerk te kom, om te mag deel in die gemeenskap van die geloof, om werklik met die liggaam van Christus verenig te word. Dit kan ek alleen doen, nie as ek nog ’n kind is nie. ’n Kind wat die wonder van die verbond reeds met die doop ontvang het, moet egter eers nog gebring word by dit wat Paulus noem dat ons die liggaam van die Here moet kan onderskei (vgl. 1 Kor. 11:29). Mens moet eers werklik kan verstaan waar dit by die Nagmaal omgaan voor ek ’n oordeel oor myself gaan eet en drink. Ons kinders het in alle geval as ons die verbond werklik ernstig in ons lewe sien werk reeds in ons viering ook Nagmaal gevier, want hulle is tog deel van ons vlees soos ons hier aan tafel deel kry aan dit wat Christus se vlees is. Die verantwoordelikheid om te besluit of ek nie ’n oordeel oor myself eet en drink word hulle egter nie toegereken nie, want dit moet hulle nog eers in kan opgroei voor hulle dit werklik sal kan onderskei.

Broeder en suster, laat ons so ernstig soos die Kategismus rondom die Nagmaal handel dit in ons lewens reg vier. Laat ons dit ook gereeld vier. Luk 14:17 lees ons die gelykenis van die man wat ’n groot maaltyd gereedmaak. Toe sy slawe uitgaan om die mense te nooi toe het almal die een verskoning op die ander. Die een het ’n nuwe stuk grond om te bewerk, die ander het vyf paar osse om te leer, nog ’n derde een staan in ’n nuwe huwelik. Die landbou, die handel, die huwelik is alles ernstige dinge, maar die uitnodiging tot die maaltyd is vir hierdie mense nie ernstig nie. Die heer van die maaltyd is hierin vertoorn. So sal die genooides in die gelykenis ook nooit weer die geleentheid kry om genooi te word nie. Hulle sal dit nie eers proe nie…die armes, die verminktes, die kreupeles, die blindes, hulle sou hierdie heer se tafel volmaak. Sien u hoe ernstig dit op die Nagmaal van toepassing is! Mense gebruik allerhande verskonings van of hierdie rusie, of hierdie besigheid of hierdie kerklike toestand of my vakansie of my wat of wat… dat maak dat hulle die maaltyd van die Here versuim. Hierdie moeilikhede wat u so saamdra, dit wat u sê u van die tafel weghou, dit is juis die geleentheid om jou vrag voor God neer te lê, pak jou skuld voor God, of daardie rusie wat u met ’n mede-

gelowige het, of u moeilikheid met die kerklike situasie , sit dit neer by die kruis op Golgota , dat al hierdie moeilikhede in die tekens van brood en wyn voorgestel word. Laat ons dan nog kyk wat werklik van dit oorbly as jy werklik voor God ernstig daarmee wou werk. Ons het so baie ontvang, ons het eintlik ook so baie in mekaar ontvang, daarom as die Nagmaal verby is dan hou ons nog aanmekaar vas omdat die Here ons weer so gebind het. In Christus word ons deur sy Gees regeer. Die tafel van die Here is die magtigste wapen wat God in ons bereik plaas om nie net ons moeilikhede by te lê nie, dat al kan ons dalk oor baie ander dinge verskillend van mekaar wees, selfs verskillend dink, maar wanneer daar na die brood gereik word en die beker word aangegee, dan het ons mekaar as broeders en susters in Jesus Christus aangeneem. Selfs al slaag die duiwel om huise teen mekaar in opstand te bring. Mede-gelowiges wat mekaar wil opeet soos Paulus in die Galasiërs ook gesien het, maar u wil nie die tafel van die Here as wapen teen Satan Self insien nie, dan is daar soveel waarvan u uself in hierdie lewe van beroof.

AMEN

Vrae uit Sondag 28

1. Het die Nagmaal as sodanig enige uitwerking in ons lewe?
2. Hoe moet ons die werk van Nagmaal dan verstaan?
3. Maak ’n vergelyking tussen vraag 69 en vraag 75. Wat is vir jou daarin opvallend?
4. Wat moet ons uit hierdie vergelyking aflei wat iets van die verskil van doop en Nagmaal weergee?
5. Aan watter skatte en gawes gee die Nagmaal ons deel?
6. Wie moet by die instelling van die Nagmaal vir ons sentraal staan?
7. Hoe is die Nagmaal ingestel?
8. Het Paulus van die instelling van die Nagmaal by van die dissipels gehoor?
9. Op watter stadium en by watter geleentheid is die Nagmaal presies ingestel en wat moet ons nou daaruit aflei?
10. Is ’n Nagmaaldiens belangriker as die ander eredienste?
11. Wat het Calvyn rondom ons belydenis van die Nagmaal wou duidelik maak? (vgl p. 4)?
12. In watter opsig kan ons sê dat die beloftes by Nagmaal eintlik in huwelikstaal vir ons geskrywe staan? Hoe diep sny die Nagmaal in ons lewens in?
13. Wat moet ons van die “ek” in V/A 75 aflei in vergelyking met die “ons” in V/A 76?
14. Is daar enige moontlike diepere verklaring hoekom dit juis wit brood en rooi wyn by die viering van die Nagmaal moet wees?
15. Kan Nagmaal nie maar net eenmaal ’n jaar gevier word nie?... Sou dit verkeerd wees om elke Sondag Nagmaal te vier?....

16. Watter afleidinge kan daar vanuit die gelykenis in Lukas 14 rondom die Nagmaal gemaak word?
17. Kan die Nagmaalstafel ook as wapen in jou lewe dien? Watter wapen?




76. Wat beteken dit om die gekruisigde liggaam van Christus te eet en sy bloed wat vergiet is, te drink?
Dit beteken om met 'n gelowige hart die hele lyding en sterwe van Christus aan te neem
Dit beteken om deur die Heilige Gees al hoe meer met Christus se geseënde liggaam verenig te word
wat tegelyk in Christus en in ons woon
Hoe verenig? so dat ons vlees van sy vlees en been van sy gebeente is
Dit is moontlik al is Christus nou in die hemel en ons op die aarde
Dit wil sê dat ons deur een Gees - soos die ledemate van die liggaam deur een siel - ewig lewe en regeer word
77. Waar het Christus beloof dat Hy die gelowiges so seker met sy liggaam en bloed sal voed en verkwik as wat hulle van die gebreekte brood eet en uit hierdie beker drink?
By die instelling van die nagmaal, wat so lui: (1 Kor. 11:23-26):
In die nag waarin Hy verraai is, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis.
Net so ook die beker ná die ete met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.
Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.
Hierdie belofte word ook deur Paulus herhaal waar hy sê (1 Kor.
Die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie?
Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood.

Skriflesing: Exodus 12:1-28; Johannes 6:41-59
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 29**
Teks: Johannes 6:51
Sing- SAMESANG: Ps 53:1,4
TYDENS EREDIENS: Ps 104:1,8,9; Ps.31:1,7; Ps 119:29

Die vertroostende herhaling van dit wat dieselfde is. Broeder en suster, so word ook na Sondag 29 verwys omdat hierdie Sondag deel uitmaak van drie Sondae uit die Kategismus wat oor die Nagmaal handel. Sondag 29 dan ook die middelste van die drie, wat werklik op van die diepste geheime rondom Nagmaal ons wil saamneem. Dit gaan om diep vrae oor op watter wyse Christus deur hierdie sakrament tot ons kom.

Want dit moet ons onthou in die agtergrond van Sondag 29 is ook die verskille wat daar tussen reformatore rondom Nagmaal ontstaan het, ook ingebou. Dit is jammer dat dit so is, maar die Nagmaal is deur Zwingli, deur Luther, en deur Calvyn nie uit een mond bely in wat die volle gebeurtenis, omvang en betekenis van die Nagmaal vir ons is nie. Hierdie drie manne verskil met mekaar, wat mens tog graag anders sou wou hê, maar in hulle verskille staan dit ook nog weer in kontras met die groot verskil teen die Roomse kerk. Waar dit eintlik daarop neerkom, dat met die drie reformatore se beskouinge bymekaar gevoeg, en nog dit wat die Roomse kerk met die Nagmaal gemaak het daar eintlik nie minder nie as vier beskouinge mee gereken moet word.

In alles kom dit maar tog daarop terug wat word bedoel as Jesus by herhaling in Johannes dit beklemtoon dat HY DIE BROOD IS…In Johannes 6:41 het ons gelees dat Jesus sê – *Ek is die brood wat uit die hemel neergedaal het…*en dit word nog skerper, nog dieper gestel in v.54 *Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal Hom opwek in die laaste dag.* As Jesus Homself so direk met die brood vereenselwig en dan nog sê dat sy vlees geëet word, dit bring die werklike vraag wat gebeur as ons Nagmaal vier.

***

Vir die Roomse kerk kom dit daarop neer dat hulle glo die brood en die wyn verander in die liggaam en bloed van Christus. Ons het dan nie maar net met die tekens van die liggaam van Christus te doen nie, maar ons het Homself, daar sy liggaam mos dan geëet word. Vir die Roomse gaan dit nog verder omdat beide brood en wyn in die liggaam en

bloed van Christus verander daarom wanneer die brood gebreek word en die wyn vergiet word dan offer Christus Homself weer aan ons soos wat Hy dit aan die kruis vir ons gedoen het. Elke keer volgens Roomse Nagmaal wat hulle die mis noem herhaal Christus sy offer waar Hy Homself vir ons gee soos 'n lam ter slagting. Christus wat so met sy liggaam en bloed uitgedeel en opgeneem kan word is vir die Roomse kerk Christus Self is hier teenwoordig en ons aanbid Hom in die brood en die wyn. Dit is nie maar net 'n teken van sy teenwoordigheid, maar sy liggaam sy bloed is dan hier voor hulle. Hierdie leer noem ons die transsubstansiasie-leer soos wat die Roomse glo.

***

Dit is eintlik so vergesog, dit wat die Roomse glo, want kan ons eintlik maar net dink aan die nag wat Jesus Self die Nagmaal ingestel het. Christus sit daar saam met sy dissipels aan die tafel, en Hy neem die brood en Hy sê dan ook dat hierdie brood is my liggaam. Sou die dissipels nou werklik kon dink dat die oomblik wanneer Jesus dit sê, dat dit is my liggaam dat Hy dan nou met 'n stukkie van sy eie vleis hier in sy hande voor hulle staan. Hy wat agter die tafel heel gesond met hulle praat, dit is tog nie letterlik vleis van Hom wat Hy vashou nie. Dit is eintlik absurd. Die dissipels sou weet hoe dikwels het ons Meester nie van beeldspraak gebruik gemaak nie. Hy wat ook gesê het- *Ek is die deur vir die skape*…Nooit sou dit kon beteken dat Christus nou letterlik 'n deur is as Hy sê Ek is die deur nie. Dit is tog beeldspraak, 'n ryke simboliek, net so met Ek is die brood, eet so my vleis.

***

Dit staan alles in lyn met wat die Pasga oor jare wou duidelik maak. Die lam op die tafel wat sonder gebrek moes wees, klaar geslag, dit is ook simbool van die offer wat daar gebring sal moet word. Die ongesuurde brode lê juis die verband met die sonde wat soos 'n verderf jou lewe kan deursuur dat daar 'n verlange moet wees na 'n ongesuurde lewe, en ook op hoe haastig hulle moes trek, daar was nie tyd om die brood nog te laat uitrys in wat suurdeeg doen nie. Die bitter kruie by die Pasga sou wys op hoe bitter die lewe was, die swaar daar in Egipte. Dit is alles heenwysing, simbool van sulke gelade gebeurtenisse in wat God doen, wat in alle geval vir ons so groot is om nie die volle omvang daarvan onsself in te dink nie.

Elke sakrament kan eintlik maar net ’n prent of skildery genoem word van iets baie groter wat daaragter vir ons gegee word. Die Kategismus maak dadelik die verband tussen doop en Nagmaal dat so min soos wat babas letterlik met die bloed van Christus gedoop kan word, maar gewoon met water, net so min soos die water in bloed verander so min verander die brood en wyn in Christus se vleis en bloed.

***

Maar nou wil Sondag 29 nie vir ’n enkele oomblik die Nagmaal onderskat nie. Dit is die ander gevaar. Die Roomse kerk oorskat die betekenis van die Nagmaal geheel en al, maar in reaksie op Rome kom iemand soos die kerkhervormer Zwingli en hy onderskat eintlik weer alles wat met die Nagmaal gebeur. Zwingli sê dat daar is geen sprake dat Christus by die Nagmaal teenwoordig is nie. Die Nagmaal is volgens hom net ’n herinnering waar ons gewoon net kan terugdink aan dit wat Jesus eenmaal vir ons gedoen het en dat ons eintlik maar net in die gedagtes dit lewendig moet hou dit wat Christus se lyde en sterwe op Golgota was. Verder sê Zwingli dat ons dit met mekaar moet sáám vier want het ons saam deel aan die belydenis van Christus se offer. As daar enigiets bykom so verklaar Zwingli is dit eenvoudig bygeloof.

Martin Luther, hy stem egter met Zwingli glad nie saam nie. In 1529, leer die kerkgeskiedenis ons, het hulle twee Luther en Zwingli dae lank daar in Marburg met mekaar oor hierdie verskil tussen hulle bly praat sonder dat die een die ander kon oortuig. Want het Luther geglo nie in die Roomse transsubstansiasie-leer nie, maar dit wat Luther ons wil leer word genoem die konsubstansiasie-leer. Luther stel dit baie duidelik dat die Nagmaal is nie maar net ’n terugdink-ete nie. Ek moet nie maar net onthou en herinner word aan wat Christus klaar gedoen het nie, maar Christus is volgens Luther op ’n besondere wyse by die Nagmaal teenwoordig.

Hy verklaar dit dat die brood en wyn verander beslis nie in bloed en vleis nie, dit bly brood en wyn, maar wil hy glo dat Christus by die viering van die Nagmaal tog wel na sy menslike natuur, wat volgens Luther ook alomteenwoordig is, in die brood en die wyn indaal. Volgens die opvatting is Christus *in,* en *met* en *onder* die tekens van brood en wyn wel teenwoordig. Soos ons by die belydenis van die hemelvaart al met Luther die

groot verskil rondom die teenwoordigheid van die menslike natuur van Christus verstaan, so bou hierdie verskil nou uit. Dat die menslike natuur van Christus nou net in die hemel is, dit gee Luther ons nie gelyk nie. Hy glo dat die *mens* Christus nie net in die hemel is nie, maar sy menslike natuur is alomteenwoordig, daarom is hierdie menslike teenwoordigheid beslis in die tekens van brood en wyn ingebou, sonder om te wil glo dat iets van die brood en wyn in vleis en bloed verander.

Op hierdie kritieke verskille en in die kritieke stadium van die kerkgeskiedenis, broeder en suster, glo ons dat die Here het vir ons gegee, iemand soos Johannes Calvyn. Calvyn stem met Luther saam dat die Nagmaal is nie maar net ’n herinnerings maaltyd nie, dit is beslis iets meer, maar wil Calvyn met Luther nie saamgaan dat Christus in die brood en die wyn indaal wanneer ons die betekenis daarvan vir ons uithaal nie. Calvyn is heeltemal verantwoordelik vir wat die Kategismus ons hier leer. Vir Calvyn is daar werklik ’n band wat ons bind en hierdie band met Christus daarbo, Hy wat na sy mensheid net in die hemel is, daardie band strek tot op die aarde.

WANT glo Calvyn al is Christus bo in die hemel en ons vier hier op die aarde die Nagmaal dat die Heilige Gees tog die binding tussen ons en Christus is. Die band wat ons met Christus daarbo het is so sterk dat Christus ook vir ons vanuit hierdie onbreekbare eenheid tussen Hom en ons kan sê, ook wanneer ons die brood breek, dat Christus dan sê – dit is my liggaam wat vir julle gebreek word, en by die wyn wat ons uitgiet, dit is my bloed wat vir julle vergiet word, die bloed van my verbond. Die verbond wat die bande vasmaak en vaslê! Deur die geloof en deur die werking van die Heilige Gees kry ons waarlik deel aan die liggaam en bloed van Christus, elke keer wanneer ons waarlik Nagmaal vier.

Ons Nagmaalsformulier stel dit elke keer baie duidelik, dat ons nie net aan die uiterlike tekens van brood en wyn verkleef bly nie, maar dat ons harte opwaarts na Christus gaan, ons verhef ons harte tot in die hemel waar Christus ons Voorspraak is. Ons het nie nodig om te twyfel dat Christus waarlik met sy liggaam en bloed ons siele voed en verkwik, so seker as wat ek hierdie brood en hierdie beker tot sy gedagtenis ontvang, en dit ons

liggame voed en verkwik. Ek ontvang meer as net bietjie wyn, ek ontvang ’n beker uit sy hand, die beker die teken van sy verbond. Hoe mense dan kan uitkom by die gebruik van bekertjies (kelkies) is om die verbond van God te wil verklein en nie te besef wat beteken sy verbond in sy volle omvang vir ons nie. Die noue band wat die Heilige Gees tussen Christus en ons by die Nagmaal lê staan aan die einde van antwoord 78 so mooi. Dit is alleen die Heilige Gees wat die aard en gebruik van die sakramente so orden dat ons die brood die liggaam van Christus kan noem wanneer ons deur die Heilige Gees van God Nagmaal vier.

***

Die instelling van die Paasfees, broeder en suster, dit wat ons in Exodus 12 gelees het, was al by Israel baie meer as net ’n onthou-maaltyd, om nou maar net aan Egipteland terug te dink nie. Dit is nie net die verlede wat aan hulle voorgehou word nie, maar in die Pasgamaaltyd met die Paasfees kon hulle die onveranderlike liefde van God beleef. Hulle kon sien en proe dat die Here vir ons goed is. Hy is dit ook *nou* vir ons, wanneer ons *nou* Nagmaal vier. Christus wat gister en vandag en tot in alle ewigheid dieselfde is, geliefdes weet by elke Nagmaal dat hierdie brood en wyn tekens van God se onveranderlike liefde is. Die beker van die Nuwe Testament in Christus se bloed, wat ons dan ook noem die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, dit is ’n beker wat ons saam uit drink, soos ons dit met sy dissipels sou wou saamdrink, want doen ons dit tot sy gedagtenis, rondom wat sy liefde werklik nou nog vir ons beteken, soos wat dit vir sy dissipels dieselfde betekenis gehad het.

V/A 79 wil juis dit alles vir ons wys. Waar ons nou weet wat die brood en die wyn nie is nie- V/A 78- is V/A 79 gefokus op wat dit wel is! Dit laat ons besef wat wel die gewigtige redes is, hoekom Christus die brood sy liggaam en die wyn sy bloed noem. Nou mag dit klink die Kategismus herhaal eintlik net wat reeds gesê is, maar so werk dit by God ook. As God wil dat ons iets goed moet verstaan, dan is dit dinge wat in sy Woord herhaal sal word. Ons wat baie keer so “slim” is deur voor te gee dat ons, ons teen herhaling wil verset, selfs wanneer daar in ’n preek sekere dinge herhaal word. Laat ons maar weer dink! Die Kategismus vra weer eintlik die vraag waarom plaas Christus ’n IS GELYK AAN tussen die brood en sy liggaam, en tussen die beker en sy bloed, of

dat die beker die IS GELYK AAN is aan die Nuwe Testament in sy bloed. Selfs wil die Kategismus dit nog dieper úit worstel- Waarom noem Paulus die Nagmaal die **gemeenskap met die liggaam en bloed van Christus.** Ons moet dit baie beslis sakramenteel verstaan. As ek 'n honderd-rand tjek uitskryf dan is daardie tjek werklik niks meer as dat dit R100-00 wil verteenwoordig, maar die papier van die tjek is gewoon gewone papier. Dit verander nie skielik omdat dit nou die waarde van geld kry dat die papier in rand-note verander nie. So moet ons dit ook verstaan. Die tjek bly papier, die brood en wyn, bly gewoon brood en wyn, maar daar word 'n teken aan die brood en wyn geheg, daar word as't ware 'n waarde daarop geskryf dat in hierdie tekens kom die waarde van my liggaam en bloed op die tafel. Dit is waarom Christus kan sê – Dit is my liggaam, dit is my bloed. Die Kategismus wys in V/A 79 dat Christus ons veral wil *leer* maar Christus wil ons ook *verseker.* Dit bly heeltyd 'n lering en 'n versekering, 'n teken en 'n seël- Brood en wyn is bekend in ons tydelike lewe, dat ons lewe daardeur onderhou word. Nou wys Christus dat sy liggaam en bloed ons tot in die ewige lewe wil voed. As ek die brood eet , die wyn word gedrink, dan maak Christus juis daarin bekend dat so seker soos jy hier die tekens van my liggaam en bloed eet, so seker is ek die brood vir wat die ewige lewe is.

Die Israeliete het in die woestyn die manna geëet, tog het hulle gesterwe. Nou maak Christus deur die Nagmaal bekend dat Ek is die brood wat uit die hemel neerdaal en wie van die brood sal die lewe in ewigheid smaak. Die brood wat Christus gee dit is my vlees vir julle vlees vir wie ek die lewe skenk. Die ewige lewe wat nooit kan vergaan nie. 'n Lewe wat 'n mens dwarsdeur die liggaamlike dood dra en jou eintlik bring in die heerlikheid van God. Wie die brood van die Nagmaal in die hand neem en eet ontvang op die wyse vir Christus met al die skatte van sy verlossingswerk. As ek die beker neem en ek drink daaruit dan is dit die teken van sy bloed tot vergewing van al my sondes. Die tekens van brood en wyn bring ons eintlik op Golgota daar aan die voet van die kruis waar sy bloed vir ons gedrup het en Christus juis so sy bloed vergiet het vir u en my skuld, ja vir ons ongeregtigheid het Hy daar gehang en so die dood oorwin en die duiwel verslaan. So het Hy ons reeds op die pad van die ewige lewe geneem… Al hierdie dinge is vasgeteken in die neem van 'n stukkie brood en die drink van 'n slukkie wyn!

Dit alles staan in wat Christus ons van wil LEER, dit is waarlik só , maar deur dit alles wil Christus ons ook VERSEKER V/A 79 is leer en verseker- en dan is die tweede deel van antwoord 79 veral teen Zwingli se beskouing van die Nagmaal gerig. Zwingli was te veel aan die kant van dit wat die mens doen as die mens Nagmaal vier. Van hoe ons, ons al hierdie dinge herinner, so asof die Nagmaal eintlik ’n aksie van die mens is. Soos die Kategismus dit bely is dit nie ons wat sentraal staan nie, maar Christus kom in die sentrum in wat Christus doen wanneer ons Nagmaal vier. Dit is ’n groot verskil. Hoe Christus my deur die werking van die Heilige Gees kan verseker dat ek deel kry aan sy liggaam en bloed, wat dan beslis die gedagtenismaal van Zwingli insluit, maar dat dit nie net by die gedagtes bly nie, want die Heilige Gees is aan die werk by dit wat die Nagmaal werk. Die einde van antwoord 79 lê selfs ’n verband tussen die regverdigmaking deur die geloof alleen en dit wat die Nagmaal nou beteken. Die skuld vir ons sondes is so betaal asof onsself in eie persoon alles gely en die skuld vir ons sondes aan God ten volle betaal het.

Die Vader, die Seun en die Heilige Gees kom deur die Nagmaal na ons toe. Die Vader wat Skepper is, die koring en die wingerd het Hy gemaak wat die Nagmaal vir ons moontlik maak. Hy het sy Seun vir ons gegee, die Lam wat ons sonde op Hom moes neem en ons sonde moes wegdra, toe Hy sonde vir ons gemaak is. Die Vader wat juis ons voed in die voeding van Nagmaal, maar die Seun gee sy liggaam vir ons. Deur die geloof kom ons in gemeenskap met Hom, waar Hy die wynstok is en ons die lote. Hy wat in alle eenvoud dit saamtrek, dat hierdie is My liggaam, hierdie is My bloed. Die Heilige Gees werk terwyl die Vader en die Seun werk. Dit gebeur in die verborge waar ons deur die Gees die lewe by Nagmaal kan aanskou en ons deur die Heilige Gees ons harte kan ophef na daar waar Christus is. Deur die Gees kan ons die vergewing van sondes proe. Ons word versterk waar die Gees die moedelose krag gee en die sterkte vermenigvuldig word vir hulle wat geen krag het nie. Broeder en suster, so het Sondag 29 ons wou inlei tot Sondag 30. Ons moet nie die Nagmaal oorskat nie, maar ook nie onderskat nie. Laat ons dit werklik na waarde skat en met krag steeds verder gaan, selfs hulle kan weet, sou dit vir jou voel dat jou pad vir jou te swaar geword het. Hier is die krag! AMEN

Vrae uit Sondag 29-

1. Hoeveel Sondae van die Kategismus handel oor die Nagmaal?
2. Wie was Zwingli, Luther en Calvyn? Was hulle instemmend wanneer hulle Nagmaal gevier het?
3. Beskryf die beskouing van elk waar dit oor die Nagmaal handel?
4. Wat is die Roomse beskouing oor die Nagmaal? (Vgl. reeds Sondag 30)
5. Wat noem ons die Roomse leer oor die Nagmaal?
6. Wat noem ons die Lutherse leer oor die Nagmaal?
7. Waar is Christus se menslike natuur op hierdie oomblik?
8. Is daar enige verband tussen die Pasga en die Nagmaal. Noem van die simbole wat by die Pasga ter sprake kom.
9. Verduidelik wat jy daaronder verstaan dat as Christus die brood neem Hy dan sê dat hierdie IS MY LIGGAAM?
10. Hoe is Christus wel by die Nagmaal teenwoordig?
11. Waarvan is die beker 'n simbool?
12. Hoekom is ons teen die gebruik van klein bekertjies (kelkies) gekant?
13. Wat sal jy sê is dit wat werklik by die viering van die Nagmaal beleef kan word?
14. Sou dit verkeerd wees as mense Nagmaal met gestel bessiesap en mieliepap vier want hulle kultuur ken nie eintlik brood en wyn soos dit vir ons bekend is nie?
15. Is daar enigiets wat ons ontvang wanneer ons Nagmaal vier of is dit maar net belangrik dat ek dit vier en dat ek eintlik niks ontvang nie?
16. Wat *leer* ons by die Nagmaal, waarvan word ons *verseker*? Soek na hierdie woorde in antwoord 79.
17. Hoe kan ons in die Nagmaal die Drie-Eenheid van God raaksien?




79. Waarom noem Christus dan die brood sy liggaam en die beker sy bloed of die nuwe testament in sy bloed en waarom noem Paulus dit die gemeenskap met die liggaam en bloed van Christus?
Daar is gewigtige redes waarom Christus so sê
Hy wil ons daarmee leer
Wat? Net soos brood en wyn die tydelike lewe onderhou
net so voed sy gekruisigde liggaam en gestorte bloed ons siele vir die ewige lewe
as die egte voedsel en drank
Hy wil ons deur hierdie sigbare tekens en waarborge veral verseker
Waarvan
dat ons net so seker deur die werking van die Heilige Gees aan sy liggaam en bloed deel kry
Hoe seker? so seker as wat ons hierdie heilige tekens met die liggaamlike mond tot sy gedagtenis ontvang
dat al sy lyding en gehoorsaamheid so seker ons eie is
Hoe seker? asof ons self in eie persoon alles gely en die skuld vir ons sondes aan God ten volle betaal het

<u>Skriflesing:</u> 2 Korinthiërs 13
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 30**
Teks: 2 Korinthiërs 13:5
Sing- SAMESANG: Ps 78:1,8
TYDENS EREDIENS: Ps 84:3; Ps 123:1; Ps 149:1,2

Die betekenis van die Nagmaal en hoe Christus dit ingestel het, daarna het ons in Sondag 28 gekyk, broeder en suster. Sondag 29 het ons moes verneem die stryd wat daar selfs in die reformasie rondom die Nagmaal aan die gang is. Luther se beskouing kan ons nie mee saamgaan nie, net só is Zwingli ook in Sondag 29 afgewys, dat ons op die einde met Johannes Calvyn in ons Nagmaal beskouing die pad kon begin loop. Sondag 30 kan ons beskou as die manier waarop ons glo die Nagmaal reg gevier word. Ons moet dit doen soos ons glo die Here dit ingestel het en dit tot sy gedagtenis gebruik.

Daarom is ’n groot deel van Sondag 30 dit wat dit beteken dat ek en jy ons moet kan voorberei om die Nagmaal reg en troosryk te vier. Hoe belangrik dat een nie ’n oordeel oor homself/haarself eet en drink as dit kom by die tafel van die Here nie. Hierdie Sondag is eintlik mooi in drie grepe verdeel. Ons sien hoe dit nie gevier mag word nie, daarna sien ons hoe dit gevier moet word, en in die laaste plek wie is hulle wat nie na die tafel van die Here moet kom nie.

Hoe dit nie gevier moet word nie, noem ons die Roomse kerk weer vooraan. Die geloof dat Christus letterlik weer geoffer word, die brood wat in sy liggaam verander, die wyn verander volgens Rome in sy bloed…watter groot dwaling is dit nog altyd! Sou hulle net hierin verkeerd handel dan is dit alreeds baie erg, maar ’n dwaling hardloop gewoonlik afdraande, dit hardloop al hoe verder van die waarheid af. Want het Rome die Nagmaal nou die mis begin noem. Hierin het hulle ’n altaar wat dien om te wys hoe Christus Homself op bloedlose wyse weer offer. Sy liggaam en bloed wat hulle dan glo letterlik weer by die mis op die altaar kom word dan weer vir ons sondes geoffer. Hulle is weer by die Ou Testament, waar die offers by die tempel agter die gordyn wat die allerheiligste geskei het, plaasgevind het. Vir hulle is dit eintlik so goed asof daardie gordyn nie geskeur het nie. Die offer op Golgota moet herhaal word, Christus moet weer ’n slagoffer vir ons sondes gemaak word.

Hulle aanbid ook letterlik daardie brood en wyn, want die oomblik as die priester dit aan hulle toon, dan glo hulle dit is Christus se liggaam en bloed. Dan val hulle knielend daarvoor neer! So wil die Roomse kerk glo is dit al manier hoe hulle deel kan kry aan die liggaam en bloed van Christus.

Ons beskou inderdaad dit wat Rome doen as gruwelik en 'n afgodery. Dit is 'n verloëning van die enige offer en lyding van Jesus Christus. Op die einde het dit wat Rome in hierdie pouslike mis (paapse mis) doen eintlik niks meer te doen met die Nagmaal wat die Here ingestel het nie. Hierdie is maar sommer 'n instelling van die Roomse kerk terwyl die Nagmaal wat ons belydenis van praat deur die Here ingestel is.

Dit wat ons by Nagmaal vier kan alleen reg gedoen word as daar werklik selfondersoek gedoen word. 2 Korinthiërs 13, ons gelese gedeelte begin by jouself en myself. Ons moet in die lig van die Here se Woord ondersoek instel of ons werklik in die geloof is, ook wanneer ons vir die Nagmaal voorberei- *Ondersoek julself of julle in die geloof is; stel julself op die proef. Of is julle nie seker van julself dat Jesus Christus in julle is nie- as julle ten minste nie verwerplik is nie…*Agter hierdie baie belangrike saak van selfondersoek lê natuurlik altyd die ander baie belangrike waarheid in ons elkeen se lewe. Die feit dat ons gedoop is. Juis kan God nou van my hierdie selfondersoek vereis op grond van wat met die doop aan my verseël is. Wie sy doop verloën se selfondersoek by Nagmaal hang beslis ook in die lug.

Hierdie selfondersoek is deel van die goeie wat moet gebeur, voor elke Nagmaal. Sondag 33 gaan nog weer na hierdie goeie werke terugkom, maar het ons in Sondag 24 tog wel ook al gesien goeie werke is iets wat uit genade gegee word, nie uit verdienste nie. Dit gaan nog verder. Die beloning op goeie werke is ook uit genade, nie uit verdienste nie (v/a 63). Sondag 33 wat ons nou nie moet vooruitloop nie, is tog al hier belangrik dat goeie werke kan alleen uit 'n ware geloof, volgens die wet van God tot sy eer gedoen word. Goeie werke kan nie op ons goeddunke berus of uit die oorgelewerde gebruike van mense plaasvind nie.

Die goeie van as ek Nagmaal wil vier moet ten volle met ons belydenis in Sondag 33 mee rekening hou. Ons moet onsself van die Roomse onderskei en besef kom weg van menslike goeddunke, kom weg van hoe dit maar gebruik geword omdat mense dit so oorgelewer het. Ons moet ons voortdurend van ons eiewilligheid kan bekeer en gehoorsaam wil wees aan die wil van God.

Ware selfondersoek by Nagmaal kan alleen vanuit ’n waaragtige geloof plaasvind. Dadelik bring dit die gedagtes terug na Sondag 7 in die Kategismus. **Wat is ’n ware geloof?** Dit is ’n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in Sy Woord openbaar as waar aanvaar. Dit is ook ’n vaste vertroue dat ek uit loutere genade slegs op grond van die verdienste van Christus vergewing van sondes en die ewige geregtigheid en saligheid geskenk word. Hierdie vaste vertroue werk die Heilige Gees deur die evangelie in ons harte…

Elke Nagmaal is eintlik weer die gebeurtenis van Sondag 7 in sy volle omvang. Om te ken…om te vertrou, dit is alles werkwoorde. Dit is ook eintlik één handeling. As ek God waarlik ken, dan sal ek Hom vertrou, as ek God vertrou, dan sal ek Hom in alles wil ken. Daarmee het ons selfondersoek, daardie selfbeproewing mee te doen. As ons in die formulier by Nagmaal lees dat ons nie op onwaardige wyse die brood moet eet en die wyn moet drink nie, dan het dit beslis nie te doen, met hoe waardig ons dit kan doen nie. Dit is in alles ’n geval van die Nagmaal moet nie ontheilig word nie. Juis in 1 Kor. 11 waar Paulus praat van om op onwaardige wyse Nagmaal te vier, dan begin dit met wat al vóór die Nagmaalviering gebeur het. Dit wat genoem was die liefdesmaaltye. Nagmaal was dan deel van ’n groter maaltyd waarin onderlinge liefdesbetoon en diensbaarheid aan mekaar ook bewys was. Iets wat ons kan vergelyk met waarom daar ook iets so besonders soos ’n ete vir die gemeente ná Nagmaal kan wees.

In Korinthe het hierdie gemeente-ete heeltemal ontaard. So ’n ete waar die armes eintlik gevoed moes word met juis wat die rykes daar inbring, het die rykes besluit hulle bring net hulle beste kos. Die armes moes maar net sit en toekyk hoe hulle wat ryk is hierdie lekkerste kos hier voor hulle verorber. Daar is eintlik van liefde geen sprake nie. Hulle

vergryp hulle aan die kos en vier uit hulle oorvloed eintlik hulle eie fees. Paulus het nie hierdie ete van die Nagmaal kon skei nie. Dit wat daar gebeur, het vir hom Nagmaal implikasies. As die Nagmaal op so 'n wyse gevier word, al het dit nie direk met die Nagmaal te doen nie, dan is dit 'n onwaardige viering. Dit is 'n ontheiliging van Nagmaal self.

Om waardig Nagmaal te vier, beteken nie dat die mens uit homself daartoe dit werd kan wees, dat die mens waardig is nie. Broeder en suster, as dit daarom sou gaan, dan is ons werklik almal onwaardig, maar gaan dit oor die wyse van Nagmaalviering. Die manier van hoe dit gevier word, het in Korinthe 'n probleem geword met sulke liefdeloosheid wat daar was!

By wat Paulus hier nader aan ons bring, kom ons werklik al nader aan die vraag van deur wie moet die Nagmaal gevier word? Die kategismus praat van – **Wie moet na die Nagmaalstafel van die Here kom?** Dit gaan dan werklik net nog dieper oor wat ons reeds mee moes begin het. Die selfondersoek is aan die orde- Met die klem op die SELF- Iemand kan wel ten volle die inhoud van die Nagmaal begryp, maar dit is dan nog nie vanselfsprekend dat ek tot die Nagmaal kan kom nie. Ek moet kom, maar mag ek kom. Dit is eintlik die vraag hier. In die ouer vertalings van die Kategismus kom hierdie aspek eintlik beter na vore. Hier is 'n bevel van Christus- die Nagmaal moet gevier word, ons moet na die tafel kom, maar ek mag Christus se vergunning nie miskyk nie. Dit is wel nou ook baie belangrik of ek mag kom.

Wanneer ons sondes so lewensgroot voor ons herrys, dan is dit baie beslis 'n geldige vraag of in die lig van hierdie sondes in my lewe, of daar wel ook vir my plek aan die tafel van Christus is? Op grond van wat hier gebeur is die rede waarom jong kinders nog van die Nagmaal uitgesluit word, want wat hier moet gebeur kan in die lewe van 'n kind nog nie van die kind verwag word nie. Dit is dinge waarvoor ons nie kinders aanspreeklik mag hou nie.

Broeder en suster, dit kom net dieper en dieper terug op die saak wat ons reeds vandag genoem het. Selfondersoek. In ons antwoord by vraag 81 sal u agterkom dit gaan nie vir ’n oomblik daaroor of daar wel sekere kenmerke is, sekere vereistes is wat my by Nagmaal uitbring of weghou nie. Dit is enkel en alleen ’n antwoord wat jou en my terugbring in die praktyk van die geloofslewe.

Is daar die werklike moeite wat ek met myself het?! Die Kategismus stel dit baie skerp. Het ek ’n afkeer, ’n afsku van myself. Dit is nie maar iets oppervlakkig dat ek nou maar net ligweg oor my sondes so bietjie wonder nie. Hier vind niks minder as ’n hartoperasie plaas. Daardie ontsettende vuilheid wat aan my kleef. Met Nagmaal sien ek myself weer in die spieël van God se Wet. Dit is om saam met Dawid te besef, dat jy vir die Here kan sê – *Teen U alleen*…het ek gesondig. Ek sondig nie maar net teen mense nie, maar ek sondig teenoor U allerhoogste majesteit. Dit gaan oor die eerste en tweede tafel van die Wet. As jy sê dat jy God liefhet, maar jou broer haat, dan is jy ’n leuenaar. Hoe kan so een God liefhet, wat hy nie gesien het nie. Wie God liefhet, het net één liniaal, en dit is broederliefde. Daarmee word ons by die tafel van die Here gemeet. Wie in die horisontale misluk het in die vertikale by voorbaat misluk! Watter kant toe ek ook al misluk, hierin is ek besig om op God se Vaderhart te trap.

Geliefdes, dit gee sekerlik vir ons die bedoeling van v/a 81 op die tafel neer. Jou sonde kennis kom waarlik op ’n dieptepunt as jyself kom by die voet van die kruis op Golgota. Daar by die kruis word dit duidelik hoe erg ons sondes in die oë van God is. God het dit aan sy geliefde Seun gestraf Daar is niks en niemand vir Wie God se liefde groter kon wees, as juis sy liefde vir sy eie Seun. Dan besef ’n mens om hierdie Seun met die bittere en smadelike kruisdood te straf, wat het dit uit die lewe van God van Homself gevra. Ons het daarvoor nie woorde nie, maar dit wys die diepte, die erns van die sonde. Elke keer wanneer hierdie tekens van brood en wyn by die Nagmaal weer so voor ons kom dan moet my sonde my laat treur. *Salig is die wat treur*…treur oor hulle sondes, want hulle, en hulle alleen *sal vertroos word* (vgl. Matt. 5:4)

So vat die Kategismus ons aan die hand en lei ons eintlik al nader na Christus toe. Ons besef dat sondekennis is geweldig belangrik, die diepte daarvan wat mens nie maar sommer van ’n kind kan verwag nie, daarom mag hulle nog nie by die Nagmaal wees as dit gevier word nie. Tog is dit maar die één kant wat nodig is, die ander kant is werklik ook ’n diepe vertroue, weer ’n hartsaak, dat ten spyte van (of ONDANKS) my sonde, DANKSY Christus, kan hierdie sondeskuld uitgedelg word.

Dit is ’n vertroue wat al dieper op jou en my moet inwerk dat God my waarlik kan vergewe, en dat Hy my inderdaad ook wil vergewe, en ek by sy tafel dan ook reeds vergewe is. Vertroue dra iets van die betekenis van ek my plaas my gewig daarop, ek steun daarop. Hier plaas ek my volle gewig op Christus, met my hele lewe leun ek op Christus. Ek kyk nie na myself in terme van my selfbeeld en al daardie tipe van maniertjies nie, nee die saak is baie ernstiger as dit. Wanneer iemand werklik onder die sondepyn ly, Christus ken die smart wat dit sy kinders laat ly, hoe ondraaglik dit werklik is. Terselfdertyd is ons verseker en daarop kan ons vertrou dat Christus is almagtig, die geweldige gewig van al ons sondes is Hy sterk genoeg om dit van ons weg te dra. Dit kan op sy skouers kom, hoe swaar, hoe groot dit ook al mag wees. Die rede waarom ons sondes vergewe is, dit is enkel en alleen om Christus wil. Daarom dat hierdie ware vertroue in jou selfondersoek, in jou selfbeproewing nie mag ontbreek nie. Op die einde is dit Christus en net Hy alleen wat werklik ons kan vergewe.

Die pyl wat die kategismus hier op die einde van antwoord 81 nog weer diep die hart inskiet, is dat huigelaars wat hulle nie wil bekeer nie, daardie mense wat sê – ek weier om hier werklik eintlik enige selfondersoek te doen, sulkes eet en drink ’n oordeel oor hulleself. As jou hart nie opreg op Christus gerig is nie, dan huigel jy, dan is die beproewing waarvan so een praat nie dit wat die toets sal slaag nie. Daar moet bekering wees, ja voor elke Nagmaal moet ek werklik die dinge besef waarvan ek my moet bekeer, anders is ek besig om die Nagmaal te ontheilig. As daar nie bekering is nie, maar ook geen rede waarom ek dink ek wel nie die Nagmaal mag vier nie, dan is ek mos met huigelary besig. Dan moet ek my van my huigelary begin bekeer. Dit is waar dit dan moet begin. Ja, geliefdes die pyle wat ons belydenis in Sondag 30 in ons harte inskiet is

vlymskerp. Dit maak definitief baie seer, maar kry eerder klaar seer, voor die tyd terwyl jy nog aankom na die tafel, sodat as ons by die tafel kom, ons weet wat ons doen as ons Nagmaal vier. 'n Mens moet weet wat jy doen wanneer jy Nagmaal vier!

Die laaste vraag van Sondag 30, v/a 82 is spesifiek waar die kerkraad in die oë van God die grootste verantwoordelikheid dra. V/a 81 gaan oor almal, die hele gemeente is hier ter sprake. Maar God verwag in die uitoefening van hulle wat die amp van Christus moet bedien, dat waar Christus die enigste Opsiener is, almal wat as geroepe dienaars Christus se amp as Ouderling moet bedien, waar Hy wat Christus is aan niemand sy amp oorgedra het nie, dan moet daar opsig by sy tafel wees. Daar moet duidelik bepaal word waarom hierdie en hierdie een nie na die tafel van die Here mag kom nie. Dan moet daar gekyk word in hoe Christus kyk. Dit is sy tafel, dit is sy Nagmaal wat hier gevier word. Dit is nie maar iets wat aan ons behoort nie. Watter verantwoordelike taak, die gewig daarvan is so ontsaglik groot, maar weë hulle wat hiervan wil afwyk, en maar die oë wil toemaak om almal by die Nagmaal toe te laat. Volgende keer Sondag 31 dan raak hierdie aspek net nog skerper. Die sleutels van die koninkryk van die hemele moet hanteer word. Die kerklike tug is in Sondag 31 dan in besonder ter sprake, maar hier begin dit al in Sondag 30.

Wie God in sy Woord, in sy gebooie, in sy verbond ontheilig, hulle wat in hulle belydenis en in hulle lewe wys dat hulle **ongelowig en goddeloos is** (die woorde van die Kategismus self), hulle moet baie beslis nie na die tafel van die Here kom nie. Al wil hulle dalk ook! Hulle mag nie hierheen kom nie. Daarvoor moet die ouderlinge sorg. Die Ouderling van alle tye, Jesus Christus, ons is eintlik maar "onderlinge", waar Hy die Ouderling is. Hy het Judas Iskariot van die eerste Nagmaal op aarde weggestuur. Judas mag nie Nagmaal gevier het nie, want het Jesus geweet hier hoort Judas nie. Wat jy wil gaan doen, gaan doen dit gou! So het Petrus ook vir Ananias en Saffira ontmasker. Hulle het duidelik nie teen mense gesondig nie, maar teen God (Hand 5:4) Die tafel van die Here moet heilig gehou word. In leer en lewe moet daar geloof en godsvrug wees, nie ongeloof nie, nie goddeloosheid nie.

Die verbond van God mag nie ontheilig word nie. Wie dit doen wek God se toorn oor die hele gemeente op. Ons sien wat Agan in Josua 7 gedoen het. Uitdruklik teen die verbod van God het hy van die bangoed by Jerigo geneem en dit weggesteek. So is God in sy verbond ontheilig, maar het Agan gemaak dat sy sonde die hele gemeente van Israel tref. Die Here straf Israel by die veldslag teen Ai…toe was dit werklik te laat om te sê "ai"!

Die Nagmaal van die Here moet in die Here gevier word. Laat ons seker wees dat Christus in ons is. Selfondersoek lei tot waar ek voor die Here besef, ek moet Nagmaal vier, of ek mag dit nie vier nie. Die Here skei nie dit wat ons behoefte is en dit wat ware gehoorsaamheid is van mekaar nie. Wie in die geloof hier handel se geloof word net sterker. Dit word gesterk in Hom wat gesê het- *Doen dit tot my gedagtenis.*

AMEN

Vrae uit Sondag 30

1. Wat is die hoofsaak van Sondag 30?
2. Wat word die Nagmaal in die Roomse kerk genoem?
3. Waarom noem die Kategismus die Roomse Nagmaal 'n afgodery wat vervloek is?
4. Waarom is selfondersoek by die Nagmaal so belangrik?
5. Op grond waarvan kan God van my hierdie selfondersoek eis?
6. Motiveer waarom die selfondersoek by Nagmaal alleen vanuit 'n waaragtige geloof kan plaasvind?
7. Wat gebeur met huigelaars en sondaars (onbekeerdes) wat tog Nagmaal gebruik?
8. Kan 'n mens in jouself waardig genoeg wees om Nagmaal te vier? Wat bedoel die Nagmaalsformulier dat ons nie op onwaardige wyse Nagmaal moet vier nie?
9. Wat het daar in die gemeente van Korinthe by hulle viering van die Nagmaal verkeerd gegaan?
10. Hoekom mag jong kinders (en klein kindertjies) nog nie Nagmaal vier nie?
11. Wat moet ons daaronder verstaan dat ek 'n afkeer van myself moet hê?
12. Watter vertroue moet daar by die Nagmaal by ons teenwoordig wees?
13. Is dit belangrik dat daar voor elke Nagmaal ook in my lewe bekering moet plaasvind? Motiveer.
14. Wat is die verantwoordelikheid van die ouderlinge by Nagmaal?
15. Verduidelik waarom ons 'n geslote Nagmaalstafel bely?
16. Is dit 'n opdrag om Nagmaal te vier of mag ek dit net doen as ek behoefte het daaraan?


SONDAG 30
80. Wat is die onderskeid tussen die nagmaal van die Here en die Roomse mis?
Die nagmaal betuig aan ons
Die Roomse mis leer
dat ons die volkome vergewing van al ons sondes het
ter wille van die enige offer van Jesus Christus wat Hy self eens en vir altyd aan die kruis volbring het
Wat?
dat ons deur die Heilige Gees in Christus ingelyf word
Christus is nou na sy menslike natuur in die hemel aan die regter-hand van die Vader
Hy wil daar deur ons aanbid word
dat die lewendes en die gestorwenes nie deur die lyding van Christus vergewing van sondes het nie
Wat?
tensy Christus nog daagliks vir hulle geoffer word deur die priesters
Wat? Dat Christus liggaamlik in die brood en wyn aanwesig is
en derhalwe in die brood en wyn aanbid moet word
Gevolgtrekking: Die mis is dus in wese niks anders nie as
'n verloëning van die enige offer en lyding van Jesus Christus
en 'n afgodery, wat vervloek is


81. Wie moet na die nagmaalstafel van die Here kom?
Hulle wat vanweë hulle sonde 'n afkeer van hulleself het
maar tog vertrou dat hulle sonde om Christus ontwil vergewe is
Hulle wat ook begeer om hulle geloof hoe langer hoe meer te versterk
maar tog vertrou dat die swakhede wat nog oor is, met sy lyding en sterwe bedek is
Hulle wat hulle lewe wil verbeter
Maar die huigelaars en die wat hulle nie tot God bekeer nie, eet en drink 'n veroordeling oor hulleself
82. Moet die mense ook aan die nagmaal toegelaat word wat met hulle belydenis en lewe wys dat hulle ongelowig en goddeloos is?
Nee!
Hoekom nie?
want so word die verbond van God ontheilig
want God se toorn word so oor die hele gemeente opgewek
Daarom is die Christelike kerk volgens die bevel van Christus en sy apostels verplig om sulke mense uit te sluit
Waarmee? met die sleutels van die koninkryk van die hemel
Tot wanneer toe? totdat hulle verbetering van hulle lewe bewys